Prediking in ‘n konteks van die toenemende marginalisasie van die man

deur

Christian Hendrik Dreyer

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in die Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Prof. J.H. Cilliers

Maart 2009

Verklaring

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat my eie oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum: 20 Februarie 2009

Kopiereg © 2009 Universiteit van Stellenbosch

Alle regte voorbehou

Opsomming

Blanke mans is in die verlede deur die samelewingstrukture in Suid-Afrika bevoordeel. Die voordele wat blanke mans op hierdie manier gehad het, het daartoe bygedra dat daar op sekere maniere oor manwees gedink is en dat daar sekere verwagtings aan mans gestel is. Die situasie in Suid-Afrika het egter intussen sodanig verander dat die samelewingstrukture nie meer vir blanke mans die voordele inhou wat dit vroeër vir hulle ingehou het nie. Alle mans word nie op dieselfde manier deur hierdie veranderinge geraak nie, maar daar is mans wat op so ‘n manier daardeur geraak word dat hulle krisisse ervaar omdat hulle nie meer kan voldoen aan die verwagtings wat aan mans gestel word na aanleiding van die maniere waarop daar in die verlede oor manwees gedink is nie en ook nie vir hulle kwesbaarheid kan kompenseer nie. Die kwessie rakende mans se kwesbaarheid word verder vererger deur die feit dat baie blanke mans emosionele wonde opgedoen het tydens nasionale diensplig wat hulle in die verlede moes verrig.

Prediking behoort die krisisse wat deur baie blanke mans ervaar word, in die lig van die evangelie te plaas. Dit beteken uiteindelik dat prediking daartoe moet bydra om mans wat krisisse ervaar, te help om in die lig van Bybelse getuienisse te ontdek wie hulle werklik is, naamlik kwesbare mense deur wie God dikwels op ‘n besondere wyse werk, nie wanneer hulle oor mag beskik nie, maar juis wanneer hulle hulle kwesbaarheid ervaar. Verder behoort die destruktiewe uitwerking wat sekere samelewingstrukture en die strewe om opgang te maak op mense het, in die lig van Bybelse getuienisse uitgewys te word. Die belangrike rol wat vroue vervul wat betref emosionele ondersteuning aan mans, behoort ook in die lig van Bybelse getuienisse uitgewys te word. Wat laasgenoemde betref, is dit nie die bedoeling om vroue te stereotipeer deur ‘n sekere rol op hulle af te dwing nie, maar eerder om die aandag op ‘n belangrike realiteit te vestig.

Die bydraes wat deur prediking gelewer moet word ten opsigte van die dinge wat genoem is, behoort nie op ‘n voorskriftelike wyse te geskied nie, maar eerder deur God se werke op so ‘n manier te verkondig dat hoorders kan kom tot ‘n beter verstaan van wat God deur hulle wil doen of reeds besig is om deur hulle te doen en daardie verstaan uiteindelik op hulle maniere van doen en wees ‘n uitwerking kan hê. Daar is egter ‘n dik stroom van moralismes wat deur Suid-Afrikaanse prediking loop. Moralistiese prediking verkondig nie God se werk sodat hoorders op grond daarvan kan handel nie, maar stel eise waaraan voldoen moet word om sekere resultate tot gevolg te hê. Sulke prediking hou die gevaar in om eise te stel wat dit vir mans wat krisisse ervaar, nog moeiliker kan maak as wat hulle dit reeds het. Om laasgenoemde moontlikheid te vermy, is dit nodig dat die prediker duidelikheid moet hê oor wie en wat die gemeente is en ook wat die bedoeling van die Bybelteks behoort te wees.

Abstract

In the past, white men in South-Africa benefited from the structures in society. These benefits led to certain stereotypical images of manhood, and raised specific expectations that men need to comply with. In the meantime, the situation in South-Africa changed in such a way that white men do not benefit from the structures of society in the way they did in the past. All men are not affected in similar way by these changes. Certain men are affected in such a way that they experience crises, because they cannot comply with the expectations associated with earlier ways of thinking about what it is to be a man, and because they cannot compensate for their vulnerability. The issue about men's vulnerability is aggravated by the fact that many white men were emotionally wounded during their compulsory national military service.

The preaching event needs to place the crises that are experienced by many white men, in the light of the gospel. That will mean that preaching needs to make a contribution in order to help the men who are experiencing crises, to discover who they really are. They need to discover that they are vulnerable people through whom God is working in a particular way, not when they have power, but while they are experiencing their vulnerability. The destructive effects that certain structures in society and the desire for success have on people, need to be pointed out in the light of biblical witness. The important role that women fulfil with regard to emotional support to men, also need to be pointed out in the light of biblical witness. With regard to the last-mentioned, it is not the intention to stereotype women by enforcing a certain role on them, but rather to focus the attention on an important reality.

Preaching's contribution concerning all the aspects mentioned so far, ought not to occur in a prescriptive manner. It should rather proclaim God's work in such a way that hearers can come to a better understanding of what God wants to do through them, or is already doing through them, in order to have an effect on their way of doing and being. South-African preaching, however, is full of moralisms. Moralistic preaching does not proclaim God's work so that hearers can act by the virtue of that, but set requirements hearers must comply with in order to produce certain results. This type of preaching has the potential to aggravate the situation for men who are experiencing crises. To prevent the last-mentioned possibility, preachers must have clarity about who and what the congregation is and what the function of the Biblical text ought to be.

Opgedra aan my ouers en tannie Irene

Dankbetuigings

Hoe sal ek die Here vergoed vir al sy weldade aan my? (Psalm 116:12)

Wie is ek, Here God, ... dat U my so ver gebring het? (1 Kronieke 17:16)

Ek betuig graag verder my dank aan die volgende persone:

- My studieleier, prof. Johan Cilliers, dat hy aan my die ruimte gelaat het om ‘n studie te kon onderneem wat in my situasie die mees gepaste studie was en vir sy leiding en ondersteuning in verband daarmee.
- Ander dosente in die Departement Praktiese Teologie asook die Departement Ou en Nuwe Testament by wie eksamens afgelê is, vir die bydraes wat deur hulle gelewer is.
- My ouers wat my op verskillende maniere ondersteun het gedurende die afgelope vier jaar waartydens ek met studie besig was.
- Tannie Irene vir al haar belangstelling, aanmoediging en sekere koerantartikels wat sy onder my aandag gebring het.
- Johan Smit vir sy voortdurende belangstelling en hulp met die vertaling van die opsomming in Engels.

‘n Verdere “bedanking” is in die Epiloog ingesluit.

O Jesus, **Man van smarte**,

o Liefde onbegrens,

skryf diep in alle harte

die woord: “Aanskou die Mens!”

O laat my nooit vergeet nie

dié kroon, dié kleed, dié riet!

Geen groter troos in leed nie –

dis ook vir my geskied!

(Lied389:3)

Inhoudsopgawe

Hoofstuk 1: Inleiding

1.1 Motivering vir die studie en agtergrond omtrent die navorser.....11

1.2 Tema en doel van die studie.....12

1.3 Probleemstelling.....12

1.4 Metodologie en hoofstukindeling.....13

Hoofstuk 2: Kontekstuele analise van die gemarginaliseerde man binne die blanke Afrikaansprekende gemeenskap

2.1 Inleiding.....16

2.2 Die dominante siening van manlikheid binne die blanke Afrikaansprekende gemeenskap.16

2.3 Veranderinge wat vir manwees (en vrouwees) implikasies inhou

2.3.1 Globale tendense.....21

2.3.2 Politieke veranderinge in Suid-Afrika.....24

2.3.3 Veranderinge in die Suid-Afrikaanse arbeidsmark.....26

2.3.4 Veranderinge ten opsigte van die Suid-Afrikaanse huishouding.....27

2.4 Veranderinge ten opsigte van die dominante siening van manwees.....29

2.5 Manlike seksualiteit.....31

2.6 Marginalisasie van mans binne die blanke Afrikaansprekende gemeenskap.....34

2.7 Mans se kwesbaarheid.....36

2.8 Samevatting.....38

Hoofstuk 3: Raakpunte tussen kontekstuele teologie en die situasie van die gemarginaliseerde man en die implikasies daarvan vir kontekstuele prediking

3.1 Inleiding.....40

3.2 ‘n Klemverskuiwing wat plaasgevind het ten opsigte van die beoefening van teologie.....41

3.3 Perspektiewe ten opsigte van kontekstuele teologie.....43

3.4 Die spanning tussen kontekstuele teologie en die tradisie.....45

3.5 Die plek van die Bybel in kontekstuele teologie.....48

3.6 Die noodsaaklikheid dat prediking kontekstueel moet wees.....50

3.7 Moontlike gevare wat met kontekstuele prediking gepaard gaan.....54

3.8 Kontekstuele prediking en die gemeente.....56

3.9 Die manier waarop predikers met die Bybelteks behoort om te gaan met die oog op kontekstuele prediking 59

3.10 Samevatting.....61

Hoofstuk 4: Prediking as faktor wat tot marginalisasie kan bydra

4.1 Inleiding.....64

4.2 “Hoopvolle” taal wat uitsluit.....65

4.3 Wisselwerking tussen kerk en die prestasie-gedrewe kultuur.....67

4.4 Die selektiewe gebruik van Bybeltekste.....71

4.5 Moralistiese benaderings ten opsigte van houdings en gesindhede.....73

4.6 Ophelderende materiaal.....76

4.7 Preekvoorbeelde

4.7.1 Preke wat klem plaas op menslike potensiaal sonder om die sondige aard van die mens genoegsaam in aanmerking te neem.....78

4.7.2 ‘n Preek waartydens die Bybelteks geatomiseer is.....80

4.7.3 Preke wat hoorders op ‘n moralistiese wyse oproep om hulle houding te verander.....81

4.7.4 ‘n Preek met ‘n manipulerende element.....82

4.7.5 Gevalle waartydens stereotipes ten opsigte van geslagtelikheid in die preek neerslag gevind het deur middel van die ophelderende materiaal waarvan gebruik gemaak is.....83

4.8 Kerkwonde.....84

4.9 Samevatting.....86

Hoofstuk 5: Rigtingwysers vir prediking in ‘n konteks van die toenemende marginalisasie van die man

5.1 Inleiding.....89

5.2 ‘n Teorie oor die gemeente

5.2.1 Die invloed van die kapitalistiese samelewing.....90

5.2.2 ‘n Gemeenskap van gebrokenes en verwondes.....91

5.2.3 ‘n Gemeenskap van vreemdelinge.....92

5.2 4 Gemeenskaplike identiteit.....94

5.3 ‘n Skrifbeskouing.....95

5.4 ‘n Raamwerk vir die verstaan van die rol van prediking.....98

5.5 Getuienisse aangaande God se werk deur mense.....100

5.6 Prediking se moontlike bydrae ten opsigte van die kwessies wat deur mans ondervind word 102

5.7 Bevinding ten opsigte van die hipotese.....106

5.8 Ter samevatting: Rigtingwysers vir prediking in ‘n konteks van die toenemende marginalisasie van die man.....108

Epiloog.....112

Bibliografie.....115

Hoofstuk 1: Inleiding

1.1 Motivering vir die studie en agtergrond omtrent die navorser

In Suid-Afrika het baie van die samelewingstrukture gedurende die afgelope aantal jare op so ‘n manier verander dat die strukture nie meer vir blanke mans die voordele inhou wat dit vroeër vir hulle ingehou het nie. Die blanke mans word nie almal op dieselfde manier deur hierdie veranderinge geraak nie, maar die veranderinge het vir sommige blanke mans krisisse meegebring wat onder meer werkloosheid en gevolglike armoede, sosiale uitsluiting en emosionele worstelinge insluit. Wat laasgenoemde betref, kan die nagevolge van nasionale diensplig wat blanke mans tydens die jarelange bosoorlog op die noordelike grens van die destydse Suidwes-Afrika en in Angola moes verrig, nie buite rekening gelaat word nie. Daar sal voortaan na mans wat krisisse ervaar soos dié wat reeds genoem is, verwys word as gemarginaliseerde mans en daar sal in hoofstuk 2 verder aan die betekenis van laasgenoemde term aandag gegee word.

Die navorser kan homself redelik goed vereenselwig met baie van die krisisse wat deur gemarginaliseerde mans ondervind word. Alhoewel sy eie ervarings tydens nasionale diensplig nie so erg was soos dié van sommige ander mans nie, het dit tog op hom ‘n invloed uitgeoefen in die opsig dat dit sekere perspektiewe meegebring het wat anders is as dié van ander wat nie soortgelyke ervarings gehad het nie. Verder was die navorser ‘n jaar lank werkloos. Die aard daarvan en en die omstandighede wat daartoe aanleiding gegee het, was wel anders as dié van die meeste werklose mans, maar die navorser het tog gedurende daardie jaar iets ervaar van wat dit vir ‘n man beteken om werkloos te wees. Sederdien het die navorser slegs op kontrakbasis werk verrig en ken hy dus die onsekerheid wat gepaard gaan met daardie tipe werksopset. Daarby het die navorser die ervaring van ‘n alleenpad wat sekere ontberings inhou, soos dié waarna in afdeling 2.3.1 verwys sal word. Verder het die navorser ‘n jarelange stryd ervaar wat daarom gaan dat sekere dinge wat op die oog af so Christelik voorkom en dus reg moet wees, op hom so ‘n destruktiewe uitwerking het. Die navorser se stryd en persoonlike ervarings sal noodwendig op dit wat volg ‘n invloed uitoefen wat nie buite rekening gelaat kan word nie.

Die navorser se stryd het by hom die vraag laat ontstaan na die moontlikheid dat prediking daartoe kan bydra om dit vir gemarginaliseerde mans nog moeliker te maak as wat hulle dit reeds het. Verder het daar by die navorser die vraag ontstaan na die moontlikheid dat prediking ‘n opbouende invloed op gemarginaliseerde mans kan uitoefen. Vanweë mans se huiwering om hulle vir pastorale sorg in te laat waarna Culbertson (1994:13) verwys, kan die waarde van laasgenoemde moontlikheid nie onderskat word nie. Die gedagte omtrent mans se huiwering om hulle vir pastorale sorg in te laat, het ‘n bydrae gelewer om die vraag na die laasgenoemde moontlikheid by die navorser te laat ontwikkel.

1.2 Tema en doel van die studie

Die vrae wat by die navorser ontwikkel het, het aanleiding gegee tot ‘n studie wat die volgende as tema het: ***Prediking in ’n konteks van die toenemende marginalisasie van die man.*** Die toenemende marginalisasie van die man het daarmee te doen dat al hoe meer blanke mans sekere krisisse ervaar namate hulle deur veranderende samelewingstrukture geraak word, soos in hoofstuk 2 aangetoon sal word. Die tema impliseer verder dat die kontekstuele aard van prediking in aanmerking geneem moet word. Daar sal in hoofstuk 3 aan laasgenoemde gedagte aandag gegee word.

Die doel van die studie is om die gemarginaliseerde man se situasie, die kontekstuele aard van prediking en die moontlikheid dat prediking daartoe kan bydra om mense uit te sluit, met mekaar in wisselwerking te bring ten einde vas te stel hoe die gemarginaliseerde man se situasie op die preekmaakproses behoort te impakteer.

1.3 Probleemstelling

Die vrae waarna verwys is teen die einde van afdeling 1.1, het uiteindelik uitgeloop op die vraag na die wyse waarop die preekmaakproses behoort benader te word indien die betrokke vrae in aanmerking geneem word. Daar is verder besluit om op die blanke Afrikaanssprekende gemeenskap te konsentreer aangesien sekere godsdienstige opvattinge in dié gemeenskap ‘n belangrike rol gespeel het om sekere idees omtrent manwees daar te stel. Daar sal in afdeling 2.2 aan sodanige opvattinge en idees aandag gegee word.

Die vrae waarna tot dusver verwys is, kan soos volg as ‘n probleemstelling saamgevat word: ***Hoe behoort die preekmaakproses benader te word in die huidige Suid-Afrikaanse situasie, veral sover dit die blanke Afrikaanssprekende gemeenskap betref, sodat die prediking ‘n opbouende invloed op gemarginaliseede mans kan uitoefen, eerder as om dit vir hulle nog moeiliker te maak as wat hulle dit reeds het?***

Daar sal uiteindelik gepoog word om die vraag wat in die probleemstelling vervat is, te beantwoord deur middel van ‘n stel rigtingwysers vir prediking in ‘n konteks van die toenemende marginalisasie van die man.

1.4 Metodologie en hoofstukindeling

Daar is gebruik gemaak van die metodologie wat voorgestel word deur Dingemans (1996:92) en wat uit vier fases bestaan. Tydens die eerste fase is ‘n kontekstuele analise gedoen van die gemarginaliseerde man binne die blanke Afrikaanssprekende gemeenskap. Dit is gedoen deur middel van literatuurstudie waartydens daar op verskillende stadiums aangesluit is by empiriese navorsing wat reeds gedoen is. Die literatuur wat bestudeer is, het dié ingesluit oor manlikheidstudies, Suid-Afrikaanse geskiedenis, onderhoude wat met voormalige dienspligtiges gevoer is oor hulle ervarings tydens nasionale diensplig asook ‘n outobiografie. Hierdie analise sal in hoofstuk 2 behandel word.

Die analise wat tydens die eerste fase gedoen is, het gedien as basis vir die hipotese wat die tweede fase van die metodologie behels en soos volg lui: ***Prediking behoort ‘n positiewe bydrae te kan lewer ten opsigte van gemarginaliseerde mans, onder andere ten opsigte van nuwe maniere van dink oor manwees, mits daar tydens die preekmaakproses met groot versigtigheid rekening gehou word met die werklikhede van die huidige Suid-Afrikaanse situasie en met die historiese aard van die Bybelteks ten einde te verhoed dat onvanpaste voorskrifte en stereotipes ten opsigte van geslagtelikheid wat tot die marginalisasie van sommige kan bydra, in die prediking neerslag vind.***

Die derde fase van die metodologie wat as die normatiewe fase bekend staan, kan in die geval van hierdie studie in drie onderskeibare dele verdeel word. Tydens die eerste deel is daar deur

middel van literatuurstudie oor kontekstuele teologie en prediking gesoek vir raakpunte tussen kontekstuele teologie en die situasie van die gemarginaliseede man wat tydens die eerste fase geanaliseer is om uiteindelik daardie raakpunte na die prediking deur te trek. Hierdie deel van die normatiewe fase sal in hoofstuk 3 behandel word.

Tydens die tweede deel van die normatiewe fase is daar aandag gegee aan die moontlikheid dat prediking ‘n faktor kan wees wat tot marginalisasie van sommige kan bydra. Die literatuurstudie wat tydens hierdie deel gedoen is, is deur ‘n aantal “preekanalises” aangevul. Die databron wat vir hierdie doel aangewend is, is dié wat Mouton (2001:99) noem “*participant observation in natural field settings*” wat daarop neerkom dat daar gebruik gemaak is van waarnemings wat gemaak is tydens eredienste waarby die navorser persoonlik betrokke was. Tydens die verdere analise van die betrokke waarnemings is daar gekonsentreer op twee van die vier analitiese kategorieë waarmee Bohren en Debus werk (vgl Cilliers 1996:18). Die twee kategorieë wat gebruik is, is gekies om by die hipotese aan te sluit. Om aan te sluit by die gedagte dat daar rekening gehou moet word met die werklikhede van die huidige Suid-Afrikaanse situasie, is daar gekonsentreer op die mate waartoe daar tydens die preek met die bestaanswerklikhede van die gemeente rekening gehou is. Om aan te sluit by die gedagte dat daar rekening gehou moet word met die historiese aard van die Bybelteks, is daar verder gekonsentreer op die manier waarop die Bybelteks tydens die preek gefunksioneer het. Hierdie deel van die normatiewe fase sal in hoofstuk 4 behandel word.

Tydens die laaste deel van die normatiewe fase is daar gepoog om sekere uitstaande gedagtes waarby daar tydens die eerste fase en die voorafgaande twee dele van die derde fase uitgekom is asook vrae wat in die proses ontwikkel het, saam te trek. Dit het onder meer ingesluit dat ‘n raamwerk vir die verstaan van die rol van prediking ontwikkel is om vir die vrae wat ontwikkel het, tentatiewe antwoorde te vind. Die antwoorde op hierdie vrae asook sekere gedagtes waarby uitgekom is tydens die voorafgaande deel van die normatiewe fase, is gebruik om die geldigheid van die hipotese te toets. Hierdie deel van die normatiewe fase sal in die eerste deel van hoofstuk 5, dit is tot en met afdeling 5.7, behandel word.

Die laaste fase van die metodologie behels dat aanbevelings gedoen word. Die aanbevelings waarop hierdie studie uitloop, is ‘n stel rigtingwysers wat tydens die preekmaakproses in gedagte gehou kan word ten einde by te dra tot die moontlikheid dat prediking op die lange duur ‘n opbouende invloed op gemarginaliseerde mans kan uitoefen, eerder as om dit vir hulle nog moeliker te maak as wat hulle dit reeds het. Hierdie fase sal in afdeling 5.8 behandel word.

Na hoofstuk 5 sal daar ‘n kort epiloog volg. Die bedoeling daarvan is om sekere gedagtes in verband met prediking wat tydens die studie vir die navorser duidelik geword het, maar wat nie direk op die probleemstelling of die hipotese betrekking het nie, uit te lig. Daar sal tydens hierdie gedeelte ook weer aangesluit word by die navorser se stryd waarna in afdeling 1.1 verwys is. Die bibliografie sal na die epiloog volg.

Daar is van die Harvard-metode gebruik gemaak om verwysings na bronne wat gebruik is, mee aan te dui. Die afkorting e.v. is, waar nodig, gebruik om aan te dui dat die betrokke verwysing betrekking het op die bladsy waarvan die nommer gegee word asook een of meer bladsye wat daarop volg. Alle aanhalings van Bybeltekste is geneem uit die 1983-vertaling van die Bybel in Afrikaans. Die Liedboek waarna verwys word, is die een wat sedert 2001 in die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in gebruik is.

Hoofstuk 2: Kontekstuele analise van die gemarginaliseerde man binne die blanke Afrikaansprekende gemeenskap

2.1 Inleiding

Epstein (1998:50) wys daarop dat manlikhede nie vasgesteld is nie, maar deur historiese faktore bepaal word en dat daar tydens die apartheidsera sekere sienings omtrent manlikheid ontwikkel het. In hierdie hoofstuk sal daar eerstens aandag gegee word aan die faktore wat daartoe bygedra het om ‘n sekere dominante siening van manlikheid binne die blanke Afrikaansprekende gemeenskap tot stand te bring en ook hoe daardie siening daar uitsien. Daarna sal daar aandag gegee word aan sekere veranderinge wat gedurende die afgelope aantal jare aan die orde was en wat sekere konsekwensies inhou ten opsigte van die betrokke siening van manlikheid wat in die verlede gevestig is en ook hoedat die dominante siening van manlikheid verander het te midde van die veranderinge wat aan die orde was. Aangesien seksualiteit ‘n belangrike plek inneem ten opsigte van die betrokke dominante siening van manlikheid, sal daar aan aspekte in verband met manlike seksualiteit aandag gegee word voordat daar aandag gegee sal word aan die maniere waarop blanke Afrikaansprekende mans toenemend gemarginaliseer word. Laastens sal daar aandag gegee word aan maniere hoedat mans deur marginalisasie geaffekteer kan word indien hulle kwesbaarheid in ag geneem word.

2.2 Die dominante siening van manlikheid in die blanke Afrikaansprekende gemeenskap

Peacock e.a. (2006:79) wys daarop dat instansies ‘n belangrike rol speel om sekere sienings van manlikheid te skep, geldig te maak en in stand te hou. Dit wil voorkom dat tradisionele Afrikaanse kerke, die sakesektor, die destydse apartheidsregering asook die kulturele sfeer, almal ‘n bydra gelewer het om ‘n sekere dominante siening van manlikheid binne die blanke Afrikaansprekende gemeenskap tot stand te bring, geldig te maak en in stand te hou.

Wat die bydra van die betrokke kerke betref, wys Du Pisani (2001:163 e.v.) daarop dat die idee van die man as die hoof van die huishouding in terme van Bybelse tekste geregverdig is en dat sodanige huishouding as die hoeksteen van ‘n gesonde samelewing beskou is. Die rol van die man binne so ‘n huishouding is om nie net in al die gesinslede se materiële behoeftes te

voorsien nie, maar om ook ‘n priesterlike funksie te vervul deur na die geestelike welstand van almal in die huishouding om te sien. Verder het sekere godsdienstige beskouinge wat op Calvinistiese Protestantisme gebaseer is en van die standpunt uitgegaan het dat daar net een regte manier van dink en een korrekte gedrag is, daartoe bygedra om mans skuldig te laat voel indien hulle nie aan hoër gesag gehoorsaam is nie. Laasgenoemde het ‘n belangrike bydra gelewer om jong mans te mobiliseer en te motiveer vir nasionale diensplig waarna daar later weer verwys sal word.

Mans op wie daar ‘n buitengewone skuldlas gelaai is deur die godsdienstige beskouinge waarna daar in die vorige paragraaf verwys is, is die homoseksuele mans. Pieter Cilliers (1997:138) beskryf sy ervarings in hierdie verband soos volg:

> *“Die feit dat ek ‘n Christen was, het die skuldlas verdubbel. My stryd was nie alleen een van aanvaarding deur die gemeenskap nie. Dit was ook ‘n worsteling met die kerk en met God. In plaas daarvan dat die kerk ou skrifgedeeltes in die lig van nuwe navorsing geïnterpreteer het, is die homoseksueel steeds met die einste skrifgedeeltes teen die kruis vasgespyker.”*

Wat die sakesektor se bydra betref, wys Giliomee (2003:435 e.v.) daarop dat daar met die stigting van Volkskas in 1933 daarna gestreef is om die kapitaal wat in Afrikanergeledere beskikbaar was, sodanig te mobiliseer dat ondernemings van Afrikaners gefinansier kon word en arm Afrikaners in diens geneem kon word. Die ekonomiese groei wat daarop gevolg het, het die lewenstandaard van blankes bevoordeel en die probleem van werkloosheid in die stede uitgeskakel. Giliomee (2003:543) wys verder daarop dat daar op ‘n later stadium ‘n tipe kapitalisme wat op wins eerder as gemeenskapsbetrokkenheid ingestel is, deur sekere van die maatskappye in Afrikanergeledere aangeneem is. Volgens Du Pisani (2001:160 e.v.) het kontak met die internasionale sakewêreld gedurende die vroeë apartheidstydperk en die ekonomiese vooruitgang wat daarmee gepaard gegaan het, daartoe bygedra om van sekere Afrikaanssprekende mans suksesvolle sakemanne te maak wie se lewenstyl deur sekere statussimbole gekenmerk is. Volgens die navorser se oordeel, het sodanige statussimbole bygedra tot die idee dat manlikheid met met sukses in werksituasie geassosieer word.

Sodoende het die materialistiese waardes soos effektiwiteit, prestasie, meganisasie en funksionaliteit wat deur dominante kulturele beelde van manlikheid binne ‘n geglobaliseerde lewensbestel gesuggereer en bevorder word en waarna Van der Watt (2007:13) verwys, in die blanke Afrikaanssprekende gemeenskap inslag gevind.

Wat die destydse apartheidsregering se bydra betref, wys Swart (2001:77) daarop dat blanke mans vir dekades van armoede gevrywaar was weens werksgeleenthede in die myne, op die spoorweë, in die polisie en in die staatsdiens. Hierdie werksgeleenthede wat vir blankes gereserveer was, is dikwels van pa na seun oorgedra. Hierdie werksgeleenthede het saam met die werksgeleenthede wat deur die sakesektor moontlik gemaak is, daartoe bygedra dat dit vir bykans elke blanke Afrikaanssprekende man moontlik was om werk van een of ander aard te kan verrig en inkomste te kan verdien. Die siening in kapitalistiese samelewings waarna Epstein (1998:53) verwys naamlik dat manlikheid met werk teen betaling en die vermoë om ‘n gesin te onderhou, gepaard gaan, was dus nie in die blanke Afrikaanssprekende gemeenskap afwesig nie.

Morrel (2001:17) wys daarop dat die destydse regering wat slegs uit blanke Afrikaanssprekende mans bestaan het, ‘n outoritêre tipe manlikheid wat nie vergewe of om verskoning vra nie vir hulself toegeëien het en dit ook verder uitgedra het na die blanke Afrikaanssprekende skole en die kommando’s waarin blanke mans in landelike gebiede diens moes verrig. Verder moes alle blanke mans sedert 1960 registreer om vir diens in die weermag opgeroep te word. Die reaksie hierop word soos volg deur Morrel beskryf:

> *“A passive white population accepted these developments not only because it believed government propaganda about the swartgevaar but also because the idea of being a man – being a protector, a wage-earner and knowing the right thing to do – made such steps seem perfectly logical.”*

Na aanleiding van ‘n onderhoud wat Thompson (2006:11) met ‘n Engelsprekende voormalige dienspligtige gevoer het, wil dit blyk dat die reaksie soos deur Morrel beskryf, grotendeels van die Afrikaanssprekende gemeenskap waar was. Volgens die betrokke persoon het die Afrikaanse mans die “volk en vaderland” ideologie vir soetkoek opgeëet terwyl die Engelse

mans meer oor dinge gedink het en die weermag as ‘n mors van tyd beskou het. Die gevolg was dat die Engelse mans swaar geleef het. Dit blyk verder uit ‘n onderhoud wat Thompson (2006:9 e.v.) met ‘n geloofsbeswaarde gevoer het dat die jong manne van daardie tyd nie veel van ‘n keuse gehad het nie. Die betrokke persoon het vertel dat hy tot drie jaar tronkstraf, sonder die moontlikheid van parool, gevonnis is vir sy weiering om militêre diens te verrig.

Cock (2001:50) wys daarop dat die Suid- Afrikaanse Weermag gedien het as ‘n belangrike bron van idees omtrent die gedrag wat gepas was vir blanke Suid-Afrikaanse mans. Een van hierdie idees was om die aggressie wat by die jong mans ingeprent is, aan manlikheid gelyk te stel. Uit onderhoude wat Thompson (2006:16;40) met voormalige dienspligtiges gevoer het, blyk dit dat liggaamlike vermoëns ‘n belangrike aspek is ten opsigte van die idee van manlikheid wat deur die weermag gevestig is. Een van die voormalige dienspligtiges was ‘n G4K3 wat weens mediese redes nie aan al die gewone aktiwiteite kon meedoen nie. Hy het vertel dat hulle veneder is tydens parades deurdat hulle laaste moes opmarseer en dan ten aanskoue van almal die klank van ‘n ambulanssirene moes maak en met hul hande borshoogte en handpalms na vore flitsende ligte moes namaak. Daarteenoor het ‘n ander voormalige dienspligtige daarop gewys dat die weermag baie goed na rugbyspelers gekyk het aangesien daar geglo is dat rugbyspelers natuurlike leiers is. ‘n Ander voormalige dienspligtige met wie Thompson (2006:187) ‘n onderhoud gevoer het, het genoem dat jy in die weermag, en veral op die grens, nie jou swak punte kon wys nie. In sy geval het hy die respek van sy mede-soldate verloor nadat hy laat blyk het dat hy hoogtevrees het. ‘n Ander voormalige dienspligtige het gewys op die emosionele afstomping wat tydens oorlog ingetree het. Hy stel dit soos volg: *“Jy verloor jou selfrespek en voel nie emosie daaroor of simpatie met enigiemand nie.”* Afgesien van die bydra wat die weermag gelewer het om ‘n sekere idee van manlikheid daar te stel, het baie van die jong mans tydens nasionale diensplig emosionele wonde opgedoen en ervarings gehad wat aanleiding gegee het tot ontevredenheid oor latere politieke ontwikkelings. Daar sal onderskeidelik in afdelings 2.3.2 en 2.7 aandag gegee word aan die ontevredenheid en die emosionele wonde.

Om die bydra wat die destydse regering gelewer het om ‘n sekere idee omtrent manlikheid daar te stel, af te sluit, word daar kortliks daarop gewys dat die Nasionale Party regering

homoseksualiteit deur middel van wetgewing gekriminaliseer het om sodoende homoseksuele persone as misdadigers te stigmatiseer (Reddy 1998:65). Daar sal in afdeling 2.5 verder aan homoseksualiteit aandag gegee word.

Wat die bydra van die kulturele sfeer betef, wys Giliomee (2003:554 e.v.) daarop dat die vroeëre historiese verhale in Afrikaans se hoofkarakters mans was wat ferm in hulle oortuigings was en geweld kon gebruik om die wêreld aan hulle wil te onderwerp en hulle vyande te vernietig. Sekere skrywers wat sedert die sestierjare van die vorige eeu ‘n ander koers ingeslaan het, het dikwels teenstand van die kant van die regering gekry. Van der Watt (2007:155) wys daarop dat die media en veral die film- en die televisie industrie daartoe bygedra het om die leuen oor vroulike minderwaardigheid en dus manlike oorheersing, te bestendig. Die bydra wat die sportkultuur in Suid-Afrika lewer om ‘n sekere idee omtent manlikheid daar te stel, kan nie verontagsaam word nie. Volgens Van der Watt (2007:102 e.v.) dra die bevordering van rugby en krieket as nasionale sportsoorte en kentekens van patriotisme asook die mediadekking in verband daarmee, daartoe by dat manlike moed in die openbaar ten toon gestel word sodat die fisiese krag daaragter aandag kan trek en die kuns van verowering eerbiedig kan word. Sport in skole dra natuurlik ook tot laasgenoemde by sodat skole sodoende ook ‘n bydra lewer om ‘n sekere ideaal ten opsigte van manlikheid voor te hou. Volgens die navorser se oordeel en sy ervaring in hierdie verband gaan die voorafgaande dikwels gepaard met wat Culbertson (1994:27) “*immature oppositional thinking*” noem en wat daarop neerkom dat daar ‘n regte manier van doen is wat ander moontlikhede uitsluit.

Van der Watt (2007:103) wys daarop dat Suid-Afrikaanse mans in baie opsigte gestereotipeer is wat beteken dat sekere aspekte van manlikheid uitgelig word as verteenwoordigend van alle mans. Indien die faktore wat in hierdie afdeling bespreek is in aanmerking geneem word, wil dit blyk dat indien die dominante stereotipes omtrent manwees wat in die proses ontwikkel het, geïntegreer word, dit ‘n beskrywing van die tipiese man oplewer wat soos volg daar uitsien: Hy is ‘n heteroseksuele man wat by sy gesin woon en gesag oor die huishouding uitoefen en waar nodig ferm kan optree om die gesinslede se belange te beskerm en hulle te dissiplineer. Die moontlike gebruik van geweld is ten opsigte van laasgenoemde nie uitgesluit nie. Verder verrig

hy werk teen betaling wat hom in staat stel om ‘n gesin te kan onderhou en waarin hy ook ‘n redelike mate van sukses behaal. Hy is iemand wat weet wat die regte ding is om te doen en dit met oortuiging doen en met ‘n mate van onverdraagsaamheid teenoor diegene wat nie in sy oortuigings deel nie. Verder beskik hy oor die nodige liggaamlike vermoëns wat hom in staat stel om dinge te doen waarvoor liggaamskrag nodig is en om aan mededingende sport deel te neem. Daarby is hy iemand wat hom nie deur emosies laat onderkry of swakheid wys nie.

Van der Westhuizen (2008:6) wys daarop dat oud-minister Adriaan Vlok se erkenning van menslikheid dien as herhinnering dat hierdie ou model van manlikheid onmeetlike eise stel: dat mans altyd moet weet wat reg is; altyd moet “sterk” wees; altyd die voortou moet neem; altyd die bestaansmiddele moet verskaf.

Dit wil verder blyk dat die patriargale paradigma ten opsigte van manwees waarna Culbertson (1994:25) verwys naamlik dat manlikheid gemeet word aan die mate waartoe ‘n man aan sy rol as voortplanter, beskermer en voorsiener beantwoord, ook vir die blanke Afrikaanssprekende gemeenskap geld. Die omstandighede in Suid-Afrika het egter oor die laaste aantal jare sodanig verander dat dit vir baie mans nie meer moontlik is om te kan voldoen aan die verwagtinge wat met die betrokke paradigma gepaard gaan nie. In die volgende afdeling sal daar aandag gegee word aan die veranderinge wat in hierdie verband ‘n rol speel.

2.3 Veranderinge wat vir manwees (en vrouwees) implikasies inhou

2.3.1 Globale tendense

Du Pisani (2001:163) wys daarop dat met die opkoms van die nuwe Suid-Afrika in 1990, die land vir globale invloede oopgestel is tot ‘n groter mate as wat ooit vantevore die geval was. In hierdie afdeling sal daar aandag gegee word aan enkele sodanige invloede wat daartoe bydra dat dit vir sommige mans moeiliker geword het om te beantwoord aan die verwagtings wat met manwees geassosieer word waarna daar in die vorige afdeling verwys is. Aangesien die navorser die eerste van hierdie tendense as van besondere belang ag, sal daar heelwat op die moontlike konsekwensies van daardie tendens uitgebrei word terwyl daar net kortliks na die res van die tendense verwys sal word.

Wat die eerste tendens betref, wys Altman (2004:24) daarop dat ekonomiese ontwikkeling dit vir al hoe meer vroue moontlik maak om ekonomies onafhanklik te wees en nuwe maniere van lewe vir hulself uit te werk. Hierdie maniere sluit onder andere in dat vroue toenemend slegs uit eie keuse trou en enkellopende vroue hul lewens bou rondom hulself en, volgens die navorser se oordeel, dikwels ook rondom hulle werk. Die gevolg hiervan is dat ‘n huwelik vir al hoe minder mans ‘n moontlikheid is. Al hoe meer mans moet dus ‘n alleenpad loop: in sommige gevalle uit die staanspoor; in ander gevalle na ‘n egskeiding en soms selfs binne die huwelik. Dit wil voorkom dat so ‘n alleenpad vir ‘n man beperkings en ander negatiewe gevolge kan inhou.

Culbertson (1994:59 e.v.) wys daarop dat die huwelik oor die algemeen vir mans belangrik is, nie net ter wille van vaderskap en om te voldoen aan standaarde wat deur die samelewing as normaal beskou word nie, maar ook ter wille van die uitlaat van emosies waarvoor die verbintenis met ‘n vrou wenslik is en om alleenheid te vermy. Ten opsigte van laasgenoemde is dit belangrik om in gedagte te hou dat die meeste volwasse mans, volgens Culbertson (1994:77), nie vriende het nie. Dit wil voorkom dat die ontbering van die uitlaat van emosies en alleenheid vir mans nadelige gevolge kan inhou. Castells (2004:293) wys daarop dat enkellopende mans in die meeste gemeenskappe oor die algemeen swakker gesondheid en ‘n korter lewensduur as getroude mans het terwyl selfmoord en depressie meer onder enkellopende mans voorkom. Laasgenoemde tendens is nie dieselfde vir vroue nie. Anderson (1997:213) wys daarop dat wewenaars ‘n groter risiko loop om ‘n gesondheidsagteruitgang na die dood van hulle lewensmaats te ondervind as wat by weduwees die geval is. Sodanige risiko word egter verminder indien ‘n wewenaar kort na sy vrou se dood weer trou.

Die rede waarom vroue anders as mans geaffekteer word deur die feit dat hulle ongetroud is, is waarskynlik die feit dat hulle ‘n groot mate van ondersteuning vind binne netwerke met ander vroue (vgl Castells 2004:291). Vroue is tot ‘n groter mate emosioneel by mekaar betrokke as wat by mans die geval is. Dit beteken dat vroue oor die algemeen nie van mans afhanklik is vir emosionele ondersteuning nie. By mans is dit egter in die meeste gevalle heelwat anders. Die emosionele ondersteuning van ‘n vrou is meestal juis nodig vir ‘n man ten einde sinvol met ander mans te kan sosialiseer, soos Castells (2004:293) dit stel: *“Men only social gatherings are*

based on the assumption of family/female support waiting at home." Nelson (1988:51) wys daarop dat die feit dat 'n man oorafhanklik kan word van een spesifieke vrou vir al sy emosionele ondersteuning, ondraaglike spanning op 'n huwelik of verhouding kan plaas. Die navorser is van mening dat sodanige spanning toenemend tot vervreemding tussen man en vrou en die gevolglike vereensaming van die man aanleiding kan gee, veral as die spanning gesien word in samehang met die situasie waar vroue toenemend ekonomies onafhanklik word en alles wat daarmee gepaard gaan.

'n Tweede tendens is een waarna Hearn (2007:29) verwys naamlik dat globalisering, herstrukturering en meer intensiewe arbeidsprosesse aanleiding gee tot afwesige vaders en die afwesigheid van mans sover dit versorging betref. Sommige mans vind dit moeilik om aan te pas by veranderinge in die arbeidsmark en gesinstruktuur en word gevolglik gemaginaliseer ten opsigte van werk en gesinslewe. Nelson (1988:119 e.v.) wys daarop dat die afwesigheid van vaders een van die mees onderskatte tragedies van die tyd is wat dikwels vir seuns gevolge inhou wat vir die res van hulle lewens op hulle 'n invloed uitoefen. Die belangrikheid van die bydra wat 'n pa lewer ten opsigte van die opvoeding van sy seuns, is iets wat nie onderskat mag word nie, veral nie as die volgende opmerking deur Keen wat aangehaal word deur Nelson (1988:51) in gedagte gehou word nie: *"Only men understand the secret fears that go with the territory of masculinity."*

'n Derde tendens is een waarna Cock (2001:52 e.v.) verwys naamlik dat vroue toenemend vuurwapens aanskaf om sodoende vir hulself groter onafhanklikheid te verwerf en die manlike beskermer in die proses uitskakel.

'n Vierde tendens is een waarna Pieterse (1997:84) verwys naamlik dat maatskappye in die Westerse wêreld byna permanent aan die rasionaliseer is om die winste gesond te hou. Die gevolg is dat personeel na die afloop van hulle kontrakte uitgerasionaliseer kan word om daarna weer van voor af te moet meeding om 'n kontrak in 'n situasie waar werkgeleenthede al minder word, veral vir diegene wat nie ekonomies in aanvraag is nie. Hierdie dinge is ook in Suid-Afrika, veral onder blankes, aan die gebeur. Daar is egter ook nog ander faktore in Suid-Afrika aan die werk, soos byvoorbeeld die politieke situasie waarin veral blanke mans in die

werkplek verkeer. In die volgende twee afdelings sal aandag gegee word aan sekere veranderinge wat op die politieke terrein in Suid-Afrika plaasgevind het gedurende die afgelope aantal jare en die gevolglike veranderinge wat ingetree het ten opsigte van die Suid-Afrikaanse arbeidsmark .

2.3.2 Politieke veranderinge in Suid-Afrika

Madlaba-Routledge (2007:6 e.v.) wys daarop dat die totstandkoming van ‘n nuwe demokratiese regering in Suid-Afrika nuwe ruimte gebied het vir die mense om aan die regering deel te hê. Die transformasie wat die parlement ondergaan het, het dit vir vroue moontlik gemaak om daartoe toe te tree in getalle wat groot genoeg is om die besluite wat geneem word wesenlik te beïnvloed. Op hierdie manier is dit moontlik gemaak dat vroue se stemme gehoor kon word oor kwessies wat hulle raak en om deel te neem binne alle strukture en ook om leierskapsposisies te kan beklee. Van der Watt (2007:70) wys daarop dat Suid-Afrika se grondwet gelykheid tussen mans en vroue waarborg en voorsiening maak vir regstellende aksie om ongelykhede ten opsigte van geslagtelikheid in die openbare lewe, aan te spreek. Hierdie situsie verskil drasties van die situasie van vroeër waarna Du Pisani (2001:161 e.v.) verwys naamlik dat feminisme nooit ‘n voet in die deur kon kry in die Afrikanergemeenskap nie as gevolg van die sterk greep van patriargie en puritanisme. Die gevolg van laasgenoemde was dat die meerderheid Afrikanervroue patriargie ondersteun het eerder as om dit uit te daag.

Madlaba-Routledge (2007:11e.v.) wys daarop dat die nuwe grondwet van Suid-Afrika alle struikelblokke wat vroue se deelname aan die weermag betref, uit die weg geruim het. ‘n Groot aantal vroue het intussen by die weermag aangesluit en selfs daarin geslaag om hoë posisies te beklee. Geleenthede is vir vroue in die weermag geskep om tot die transformasie daarvan by te dra deur byvoorbeeld verdediging vanuit ‘n feministiese perspektief te benader. Cock (2001:49) wys daarop dat sodanige ontwikkelinge ten opsigte van geslagtelikheid daartoe aanleiding gee dat vroue die gedrag wat met manwees geassosieer word tot so ‘n mate uitdaag dat daar by sommige mans verwarring bestaan ten opsigte van hulle identiteit. Sodanige verwarring is onder andere aanwesig by sommige blanke mans wat in die verlede in die Suid-Afrikaanse Weermag geveg het.

Die verwarring waarna daar teen die einde van die vorige paragraaf verwys is, sal waarskynlik ook met ontevredenheid gepaard gaan. Giliomee (2003:663) verwys na die radio-joernalis, Chris Louw, wat sy teleurstelling in die laaste politieke leiers van die vorige bedeling soos volg uitgedruk het:

> *"Without ever having fought a war themselves, they had sent the younger Afrikaners to war on the border and townships and had defended apartheid as a noble cause, but had collapsed when confronted with a tough ANC at the negotiating table."*

'n Verdere voorbeeld van ontevredenheid is dié waarna Bothma (2006:282 e.v.) verwys. *"Waar is die slim politici nou vir wie met lewens tyd gewen is sodat hulle Suidwes aan SWAPO kon oorhandig, en die ANC ter wille kan wees?"* Hierdie is een van die vrae wat deur sy kop gemaal het by 'n parade waartydens 32 Bataljon waarvan hy vroeër 'n lid was, ontbind is. By dieselfde geleentheid is 30 ou eenrandstukke wat onder oud-lede van die bataljon bymekaargemaak is, geplaas in 'n swart sakkie wat spesiaal vir dié doel gemaak is. 'n Sekere parlementslid is uiteindelik versoek om die sakkie saam met 'n lys van die name op die Erestomp van die bataljon tydens 'n parlementsitting te oorhandig aan die destydse staatspresident, F.W. de Klerk, wat die bataljon ontbind het. Die betrokke parlementslid het sy toespraak in die parlement wat die oorhandigingspoging voorafgegaan het, soos volg afgesluit:

> *"Die offisiere van hierdie bataljon het my versoek om ten opsigte van die agbare Staatspresident se daad teenoor hulle ook hierdie 30 silwerlinge aan hom te oorhandig. Die geskiedenis sal sy oordeel oor hom vel as hy die ganse Afrikanervolk uiteindelik aan kommunisme gaan oorhandig."*

Sonder dat die navorser ontevredenheid soos hierdie wil goedpraat, wil hy daarop wys dat sodanige ontevredenheid en die ervarings daaragter, faktore is wat nie buite rekening gelaat kan word nie.

'n Ander rede tot ontevredenheid by blanke mans is die feit dat daar dikwels teen hulle gediskrimineer word in die werksituasie. Pieterse (2001:43) wys daarop dat die regering twee

maatreëls geneem het om die ongelykhede van die verlede reg te stel naamlik die maatreël oor regstellende aksie en die wet op gelyke indiensneming. Daar sal in die volgende afdeling aandag gegee word aan die gevolge wat hierdie maatreëls vir blanke mans inhou. Om hierdie afdeling mee af te sluit, word daar verwys na die volgende opmerking deur Ton Vosloo wat aangehaal word deur Giliomee (2003:658) en die situasie van die blanke Afrikaansprekende man in die huidige situasie in Suid-Afrika goed opsom:

> *"It is not to spread panic when one says that Afrikaner people are in a crisis with red lights flashing along their survival path. The examples of marginalisation are numerous; the places where space to exist had been conquered, negotiated or established on own initiative are increasingly questioned. This includes even the self-evident right to be served by the authorities in a language that is officially recognized."*

2.3.3 Veranderinge in die Suid-Afrikaanse arbeidsmark

Pieterse (2001:44) wys daarop dat die Wet op gelyke indiensneming ten doel het dat elke werkplek in die ekonomie wat meer as 50 werknemers het, die rasse-samestelling van die land moet reflekteer. Dit hou in dat blankes nie maklik werk sal kry tydens die transformasieproses nie . Talle blankes (veral mans) in die staats- en semi-staatsinstansies moes vroeër aftree as wat beplan is terwyl ander bevorderings ontneem word. Volgens die navorser se oordeel, kan laasgenoemde vir sommige mans problematies wees vanweë die siening dat manwees met sukses in die werkplek geassosieer word.

Weens die invloed van verskeie van die tendense wat tot dusver bespreek is, kan dit beteken dat sommige mans se werksituasie anders daar uitsien as wat in die verlede die geval was. Hierdie andersheid kan onder andere beteken dat daar meer vroue by die werkplek teenwoordig is as wat in die verlede die geval was. Culbertson (1994:39) wys daarop dat die teenwoordigheid van vroue by die werkplek vir mans op verskillende maniere bedreiging kan inhou. Dit sluit onder andere in dat mans daarmee ongemaklik is om vroue se seksualiteit en hulle bevoegdheid met mekaar te versoen en ook dat daar by hulle onsekerheid is oor die moontlikheid van nuwe reëls. Maatreëls rakende seksuele teistering is, volgens die navorser se

oordeel, ‘n moontlikheid wat ten opsigte van laasgenoemde in gedagte gehou moet word. Daar sal in afdeling 2.5 aandag gegee word aan die konsekwensies wat maatreëls rakende seksuele teistering vir sommige mans kan inhou.

Swart (2001:78) wys daarop dat die syfer vir geregistreerde blanke werkloses tussen 1981 en 1986 van 6000 tot 32000 gestyg het. Dit is veral die armer Afrikaners wat met swartes in die werkplek moet meeding. Pieterse (2001:43) wys daarop dat alhoewel die oorgrote massa armes swart mense is, daar ook kennis geneem moet word van ‘n groeiende armoede wat as verskynsel onder blankes begin voorkom. Pieterse (1997:84) wys verder daarop dat baie mense moet probeer om in die nie-formele sektor waar die mislukkingsyfer hoog is, ‘n bestaan te maak. Die gevolg is dat baie mense op die onderpunt van die leer beland, werkloos is en waarskynlik hulle lewe lank sal moet worstel om liggaam en siel bymekaar te hou. Vir ‘n man wat hom in so ‘n situasie bevind, behoort die siening dat manlikheid met werk teen betaling geassosieer word, problematies te wees (Epstein 1998:53).

Die armoede waarna verwys is, sal waarskynlik ook vir die lewe binne die gesin sekere gevolge inhou. In die volgende afdeling sal aandag gegee word aan hierdie gevolge en ander moontlike veranderinge rakende die lewe binne die gesin.

2.3.4 Veranderinge ten opsigte van die Suid-Afrikaanse huishouding

Du Pisani (2001:164) wys daarop dat die ideaal omtrent vaderskap nie drasties verander het binne die Afrikanerkultuur nie, maar dat die gaping tussen die ideaal en die werklikheid duideliker word. Daar sal vervolgens aandag gegee word aan sekere aspekte van die werklikheid in dié verband.

Pieterse (2001:33) wys daarop dat armoede wat die gevolg is van die gebrek aan werksgeleenthede dikwels aanleiding gee tot die fragmentasie van die gesin sodat arm families gekenmerk word deur afwesige vaders of kinders wat apart van hulle ouers leef omdat daar vir hulle geen versorging by hulle ouers is nie. Verder neem die Afrikaanse gesinne wat van liefdadigheid afhanklik is drasties toe. Dit is dikwels ‘n geval van mense wat werk en huise gehad het, maar dit alles verloor het omdat daar nie meer werk vir hulle is nie (2001:45). Vir ‘n

man wat weens armoede van sy gesin verwyder is of wie se gesin van liefdadigheid afhanklik is, behoort die siening van die man as voorsiener problematies te wees.

Nie al die moontlike veranderinge wat ten opsigte van die gesinslewe aan die orde is, het noodwendig met armoede te doen nie. Daar bestaan die moontlikheid dat die maatreëls wat ten doel het om die ongelykhede van die verlede reg te stel, ook vir getroude blanke vroue nuwe werksgeleenthede wat nuwe uitdagings en ondersteuningsmoontlikhede mag inhou, moontlik kan maak. Die moontlikheid dat die volgende waarna Castells (2004:291) verwys in so ‘n geval kan gebeur, is nie uitgesluit nie:

> *“As men were already secondary as assets of emotional support, this leaves them primarily with their role as erotic objects, a dwindling source of interest for women in a time of women’s support networks, and given women’s focus on combining their mothering with their working lives.”*

‘n Moontlike gevolg hiervan is dat die man ‘n alleenpad binne die huwelik moet loop. Daar is in afdeling 2.3.1 verwys na die moontlike beperkings en gevolge wat so ‘n alleenpad vir mans kan inhou.

Die moontlikheid dat ‘n man wat werkloos is se eggenote as die gesin se broodwinner moet optree terwyl hyself die huishouding moet behartig, is nie uitgesluit in die huidige situasie in Suid-Afrika nie. Nelson (1988:44) wys daarop dat so ‘n situasie in meer as een opsig voordelig kan wees. Die kinders, veral die seuns, se ontwikkeling is gesond en word veral gekenmerk deur aanpasbaarheid ten opsigte van geslagsrolle. Die betrokke man word self ook in die proses verander deurdat sy persepsie van die wêreld verander en aspekte ten opsigte van sy emosionele kant en verhoudings wat in die verlede nie sigbaar was nie, verder ontwikkel.

Om die moontlikhede waarna in die vorige paragraaf verwys is, tot hulle reg te laat kom, vereis nuwe maniere van dink oor manwees. In die volgende afdeling sal daar aandag gegee word aan hoe die dominante siening van manwees in die blanke Afrikaansprekende gemeenskap verander te midde van al die veranderinge wat tot dusver bespreek is.

2.4 Veranderinge ten opsigte van die dominante siening van manwees

Van der Watt (2007:25) wys daarop dat mans se rolle binne die hedendaagse samelewing aan die verander is, maar dat baie van die tradisionele stereotipes ten opsigte van manlikheid steeds bly voortbestaan. Morrel (2001:33) wys daarop dat in ’n land soos Suid-Afrika waar radikale veranderinge aan die orde is, daar veranderinge ten opsigte van geslagtelikheid nodig is, maar dat sodanige veranderinge dikwels vertraag word namate Suid-Afrikaanse mans die toestande konfronteer wat hulle ekonomiese posisie ondermyn en hulle hul manlikheid laat bevraagteken. Die dominante blanke idee van manlikheid wat vroeër gevestig is, oefen volgens Morrel (2001:25) steeds ‘n invloed uit via beelde in die media en instansies, veral besighede. Hierdie invloed het hoofsaaklik te doen met prestasie en voorkoms.

‘n Onwilligheid om op nuwe maniere oor manwees te dink, het op ‘n besondere manier sigbaar geword deur die reaksie wat ontlok is deur oud-minister Adriaan Vlok se poging om ‘n alternatiewe model van leierskap en manlikheid voor te hou. Met voetewassery as daad van nederigheid het Vlok ‘n alternatiewe manlikheid voorgehou: dié van die berouvolle vader. Van der Westhuizen (2008:6) beskryf die reaksie wat hierdie poging in die briewebladsye van koerante ontlok het soos volg: *“Gespeen op leierskap by wie staatsmag ‘n onmeetlike arrogansie en ‘n blindelingse kragdadigheid veroorsaak het, wou baie Afrikaners niks weet van hierdie nuwe Vlok nie.”*

Du Pisani (2001:166) wys daarop dat sedert Suid-Afrikaners hulle politieke mag in 1990 verloor het, het sport en veral rugby al hoe belangriker geword in die Afrikanergemeenskap sodat dit wil voorkom asof Afrikaner mans vir hulle verlies aan politieke mag kompenseer deur op sport te fokus. Baie van die inspanning wat vroeër aan die politieke stryd gewy is, word sederdien gewy aan die ondersteuning van provinsiale en nasionale sportspanne. Daar is reeds in afdeling 2.2 aandag gegee aan die bydra wat deur sport gelewer word om sekere idees omtent manlikheid daar te stel. Volgens die navorser se oordeel, dra die fokus op sport wat sedert 1990 aan die orde is daartoe by dat baie van die idees oor manlikheid wat in die vorige bedeling daargestel is, steeds in stand gehou word binne die Afrikanergemeenskap. Sport in skole lewer steeds ‘n belangrike bydra in hierdie verband.

‘n Onwilligheid om op nuwe maniere oor manwees te dink, word verder sigbaar deur sekere idees omtrent manlike seksualiteit. Die maandelikse tydskrif South-African Men’s Health Magazine is in 2005 vir die vyfde agtereenvolgende jaar as die beste manstydskif aangewys. Nadat hy 60 uitgawes van hierdie tydskrif geanaliseer het, vat Van de Watt (2007:175 e.v.) sy bevindinge in hierdie verband soos volg saam:

> *“Clearly, the most significant message about masculinity, which is featured on almost all 60 covers, is that men should be (hetero-) sexually potent and performance-driven when it comes to displaying sexual virility. To be able to be dynamically sexual you have to create and maintain a hard body with muscle power. In other words masculinity is constructed as having the ability to create a particular appearance: a hard-muscled (and stylish) sexy body. The third and a bit less prominent category of themes, i.e. of fitness, and fat/weight reduction is supportive of this last-mentioned secondary goal. A question which spontaneously arises in the reasearcher’s mind is: what would a man with a severe physical disability, or a man with erectile dysfunction, or a man who is homosexually orientated think and feel upon reading the MHM, if the above-mentioned discourses are accurate?”*

Van der Watt (2007: 178) wys verder daarop dat die advertensies in die betrokke tydskrif klere en motors met die regte handelsmerke as statussimbole van manlike sukses voorhou. Dit wil dus voorkom dat veranderinge ten opsigte van sieninge in verband met manwees te doen het met idees rakende voorkoms en uiterlike vertoon. Dit is ‘n verandering wat dit beslis vir baie mans nie makliker maak nie, veral indien die omstandighede waarin baie mans hulle weens die ekonomiese situasie bevind, in gedagte gehou word.

Shefer e.a. (2007:3) wys daarop dat alle mans voortdurend onder druk verkeer om aan die dominante manier van manwees te voldoen naamlik om vir niks bang te wees nie en om seks met ‘n vrou te hê. In die Mei 1999 uitgawe van Men’s Health Magazine word heteroseks soos volg as ‘n integrale deel van manwees gepropageer:

> *"The guy who walks into the ceremonial reed hut for the first hump is a pipsqueak, a nothing, a mere boy, a virgin in a rugby jersey. But the guy who emerges three minutes later is a man. He looks the same, but he's not. He knows the secret. He has joined the club, ascending from cipher to stud."* (Whitton 2001:101)

Uit die voorafgaande blyk dit dat seksualiteit steeds 'n belangrike rol speel ten opsigte van die dominante siening van manlikheid. Daar sal in die volgende afdeling verder aan manlike seksualiteit aandag gegee word voordat daar uitgekom sal word by die verskillende maniere waarop mans binne die blanke Afrikanergemeenskap toenemend gemarginaliseer word.

2.5 Manlike seksualiteit

Human (2006:1) wys daarop dat seksualiteit 'n basiese lewensbehoefte is wat bevrediging najaag. Om as volledige mens na liggaam en gees gesond te bly, moet hierdie behoefte voortdurend vervulling geniet. Le Roux (2006:38) verwys soos volg daarna:

> *"Sonder 'n lyf se troos gaan dit met niemand goed nie. Dit is net die lyf wat na 'n nag se lang genot nuwe krag en hoop kan gee. En wanneer dit gebeur, is dit net genade... En wanneer twee liggame mekaar so omvou, ervaar gewone mense God se troos."*

Nelson (1998:38) wys daarop dat vir mans, seksuele ervarings en spirituele ervarings nie van mekaar geskei kan word nie. Viviers (2006:91) wys daarop dat die kerk die Bybel as primêre bron gebruik om die heteroseksuele, monogame huwelik as goddelike instelling te bevestig en as ononderhandelbaar voor te hou. Daarmee saam word die seksuele uitsluitlik vir binne die huwelik gereserveer. Viviers (2006:102 e.v.) wys verder daarop dat alhoewel die huwelik al oor en oor bewys is as 'n veilige koesterende omgewing, veral vir pare wat graag gesinne wil hê, spreek die tradisionele huwelik nie die komplekse moderne samelewing se behoeftes aan wetlike, morele, permanente verhoudings anders as die tradisionele, heteroseksuele, monogame verbintenis aan nie (bv. saamwoonpare oud of jonk, gay pare ens.) Volgens die navorser se oordeel kan die feit dat die seksuele slegs vir 'n sekere tipe verbintenis gereserveer word, vir homoseksuele sowel as sekere heteroseksuele mans problematies wees. Om na die

homoseksuele mans se probleme in hierdie verband te verwys, sal daar gebruik gemaak word van literatuur wat ‘n outobiografie insluit terwyl die navorser se eie ervarings ‘n belangrike rol sal speel sover dit die probleme van sekere heteroseksuele mans in hierdie verband betref.

Mixon (1997:171) wys daarop dat baie sielkundiges, psigiaters en pastorale versorgers geglo het dat hulle ‘n persoon se seksuele oriëntasie kan verander. Daar bestaan egter oorvloedige getuienis dat sulke pogings onsuksesvol en misleidend is en dikwels op destruktiewe gedrag soos selfmoord uitloop. Pieter Cilliers (1997:138) beskryf sy ervarings in hierdie verband soos volg:

> *“Ek het oor baie jare heen alles probeer om myself anders te oriënteer. Daar was die string meisies, die ses jaar in die bediening, die ure op my knieë voor God, die psigiater. Maar dit het niks gehelp nie. My seksualiteit was so deel van my soos die kleur van my vel. En soos my velkleur het ek dit nie gekies nie.”*

Pieter Cilliers (1997:178 e.v.) verwys na ‘n dokument wat deur vriende van hom uit Kanada aan hom gestuur is. Dit was aanbevelings van ‘n studiegroep aan die Verenigende Kerk van Kanada. Daarvolgens het die Verenigende Kerk die noodsaak van dialoog oor seksualiteit ingesien. Dit was nie meer ‘n verskynsel wat goedsmoeds met Bybeltekste afgemaak kon word nie. Die verslag se gevolgtrekking is dat seksuele oriëntasie is soos om linkshandig of regshandig te wees. Ons weet nie hoekom dit so is nie. Dit maak ook nie saak nie. Wat saak maak is wat mens doen met die “handigheid” wat mens ook al het.

Wat die situasie van sekere heteroseksuele mans betref, is daar in afdeling 2.3 reeds daarna verwys dat al hoe meer mans ‘n alleenpad moet loop na aanleiding van sekere veranderinge wat aan die orde is en waardeur alle mans nie tot dieselfde mate geraak word nie. Sommige mans moet selfs binne die huwelik so ‘n alleenpad loop. Vir die Christen man wat hom op so ‘n alleenpad bevind, kan die volgende ‘n werklikheid wees: Van buite af kry jy voortdurend die boodskap dat sonder seks jy nie werklik ‘n man is nie, van binne af is daar ‘n behoefte in hierdie verband wat om bevrediging roep, maar jy word deur die kerklike standpunt wat die seksuele vir die huwelik reserveer, verhinder om daardie bevrediging na te jaag. Dit voel asof ‘n deel van jou menswees nie bestaansreg het nie omdat jy nie getroud is nie of omdat die vrou met wie jy

getroud is om een of ander rede belangstelling in die seksuele verloor het. Vanuit so ‘n ervaring kan die navorser nie anders nie as om simpatie te hê met homoseksuele mans wat ook weens kerklike standpunte verhinder word om die behoefte te bevredig wat by hulle om bevrediging roep vanuit ‘n oriëntasie wat hulle nie gekies het nie. Met so ‘n uitspraak wil die navorser nie die kerklike standpunt wat die seksuele vir die huwelik reserveer, teenstaan of summier verwerp nie, maar hy wil slegs wys op die probleme wat so ‘n standpunt vir sommige mans kan inhou.

In afdeling 2.3.3 is daar gewys op die moontlike onsekerheid wat maatreëls rakende seksuele teistering vir mans in die werkplek kan inhou. Om die afdeling oor manlike seksualiteit af te sluit, sal daar verwys word na ‘n gedeelte van die Universiteit van Stellenbosch se beleid oor seksuele teistering soos dit voorkom op bladsy 235 van deel 1 van die 2008 jaarboek. Dit sal opgevolg word deur die gedagtes wat by die navorser opgekom het nadat hy dit gelees het. Wat die beleid betref:

> ”*Seksuele teistering dek dus ‘n breë spektum van ongewenste gedrag en sluit onder meer die volgende in: oproepe met ‘n seksuele ondertoon; onwelkome versoeke vir afsprake; aangluring; onwelkome aanraking*.”

Alhoewel so ‘n beleid nodig mag wees vir die hedendaagse werksituasie, hou dit nietemin vir enkellopende mans bedreiging in ten opsigte van ‘n rol wat tradisioneel met manwees geassosieer word naamlik om ‘n dame die hof te maak. Dit is verder opvallend dat die mate waartoe versoeke vir afsprake en aanraking as welkom ervaar word, sal bepaal of dit as seksuele teistering gereken sal word of nie. Dit kan dus beteken dat twee verskillende mans presies dieselfde dinge in hulle onderskeie situasies doen terwyl albei daartoe gedryf word deur hulle eie behoeftes en verwagtinge wat met manwees geassosieer word. In die een geval word dit as welkom ervaar sodat hy vry is van seksuele teistering terwyl dieselfde dinge in die ander geval as onwelkom ervaar word en dus as seksuele teistering gereken word.

2.6 Marginalisasie van mans binne die blanke Afrikaansprekende gemeenskap

Andersen en Taylor (2006:8) beskryf gemarginaliseerdes soos volg: *"Marginal people are those who share the dominant culture to some extent but are block from full participation because of their social status."* Hearn (2007:26) wys daarop dat alhoewel mans die vernaamste instansies domineer, daar mans is wat marginalisasie in 'n groter mate ervaar as wat by vroue die geval is. Laasgenoemde blyk uit die feit dat selfmoord, psgiatriese siektes en alkoholisme meer by mans as by vroue voorkom. Die druk wat gepaard gaan met die dominante manier van manwees asook die ontbering van emosionele ondersteuning en die uitlaat van emosies wat sommige mans moet verduur, speel volgens die navorser se oordeel 'n belangrike rol in hierdie verband.

Daar is, volgens die navorser se oordeel, vier maniere waarop mans toenemend in die blanke Afrikaansprekende gemeenskap gemarginaliseer word. Die eerste manier het te doen met die verlies van die politieke mag wat in die verlede uitsluitlik in die hande van blanke Afrikaansprekende mans was. Daar is in afdeling 2.3.2 reeds daarna verwys asook na die verwarring en ontevredenheid wat daarmee gepaard gaan. Die tweede manier is die gevolg indien sommige mans hulle ontevredendeid op so 'n manier hanteer dat dit onaanvaarbaar is vir die dominante kultuur. Volgens Swart (2001:86 e.v.) is die AWB wat aan 'n bekende geslagsrol naamlik dié van die Boer probeer vashou, 'n voorbeeld hiervan.

Die derde manier is dié waarna Hearn (2007:23) verwys as die sosiale uitsluiting van sommige mans wat deur ander mans geskep word. Die navorser is van mening dat sodanige uitsluiting nie altyd doelbewus geskied nie, maar dikwels die gevolg is van 'n sekere logika wat in 'n bepaalde situasie sterk deurkom. Stereotipes ten opsigte van manwees speel 'n belangrike rol in verband met hierdie logika met die gevolg dat die situasie van sommige mans nie daardeur in ag geneem word nie. Die navorser is verder van mening dat sodanige uitsluiting in die blanke Afrikaansprekende gemeenskap aan die toeneem is, maar dat dit nie iets nuuts in die betrokke gemeenskap is nie. Dit is aan die toeneem na aanleiding van sekere veranderinge ten opsigte van die arbeidsmark en die lewe binne die gesin waardeur alle mans nie op dieselfde manier geraak word nie wat tot gevolg het dat net sekere mans toenemend nie meer kan voldoen aan die verwagtings wat met manwees geassosieer word nie en as gevolg daarvan uitsluiting ervaar.

Dit is egter nie iets nuuts nie aangesien mans met ligaamlike beperkinge en veral homoseksuele mans in die verlede reeds soortgelyke uitsluiting beleef het. Wat die situasie van laasgenoemdes in die huidige bedeling betref, wys Du Pisani (2001:170) daarop dat die marginalisaie van die gay gemeenskap in die meeste sfere van die samelewing voortduur met die gevolg dat die meeste Afrikaanse homoseksuele nog nie uitgekom het nie omdat hulle veroordeling deur die gemeenskap, verwerping deur hulle gesinne en mishandeling in die werkplek vrees.

Die vierde manier is dié waarna Van Rensburg (2008:14) verwys naamlik dat baie mans leef in ‘n groot innerlike eensaamheid wat dikwels in puperteit begin en vererger namate hulle ouer word. Die faktore wat, volgens die navorser se oordeel, in hierdie verband ‘n rol speel, is waarskynlik kompleks en kan baie van die faktore wat tot dusver bespreek is soos onvoldoende emosionele ondersteuning, afwesige vaders en sosiale uitsluiting insluit. Daar kan verder ook nog van die faktore wat in afdeling 2.7 bespreek sal word, in hierdie verband ‘n rol speel soos dié van hartseer en innerlike pyn wat in alleenheid en isolasie verduur word. Tendense ten opsigte van die faktore wat in hierdie verband ‘n rol speel, sal waarskynlik daartoe bydra dat innerlike eensaamheid ook aan die toeneem is onder blanke Afrikaanssprekende mans.

Mixon (1997:167) wys daarop dat ‘n homoseksuele man voor ‘n moeilike keuse te staan kom. Die een moontlikheid is om baie energie daaraan te wy om homself aanvaarbaar te maak deur te lewe as iemand wat hy nie werklik is nie. Die ander moontlikheid is om die instansies en leefstyl van die dominante kultuur te verwerp en sy energie daaraan te wy om ‘n alternatiewe wêreld te skep. Volgens die navorser se oordeel, bevind baie van die mans wat marginalisasie ervaar, veral diegene wat dit weens sosiale uitsluiting ervaar, hulself in ‘n krisis wat sekere besluite noodsaak. Soms is die moontlikhede om aanpassings te maak wat so ‘n man kan help om tot ‘n groter mate te beantwoord aan die verwagtinge wat met manwees gepaard gaan so beperk of onbereikbaar dat dit vir die betrokke man nodig mag wees om nuwe maniere van dink oor manwees vir homself uit te werk. Laasgenoende moontlikheid mag egter ‘n proses behels waartydens daar deur baie pyn gewerk moet word. In die volgende afdeling sal daar aandag gegee word aan verkillende maniere waarop mans deur hulle pyn en hartseer

geaffekteer kan word indien hulle kwesbaarheid en die isolasie waarin hulle hul dikwels bevind, in gedagte gehou word.

2.7 Mans se kwesbaarheid

Morrel (1998:9) wys daarop dat die rede wat daartoe aanleiding gee dat manlikheid wêreldwyd ‘n kwessie is, is ‘n gevoel van kwesbaarheid wat wesenlik deel van manlikheid is. Daarteenoor verwag kulturele stereotipes juis dat mans nie kwesbaar mag wees nie. Anderson (1997:205) wys daarop dat mans gevolglik hulle pyn en hartseer in alleenheid en isolasie verduur en gevolglik die pyn en hartseer ook oor ‘n baie lang tydperk ervaar. Anderson (1997:208 e.v.) wys verder daarop dat terwyl mans hulle hartseer verborge hou, is die behoefte aan troos nie uitgeskakel nie. Daarom probeer hulle soms om iets van die pyn wat hulle ervaar, te kommunikeer sonder om hulself in die proses bloot te stel. Die gevolg is dat hulle op lomp maniere probeer om met ander kontak te behou. Mixon (1997:178) verwys na ‘n kragtige mengsel van woede en hartseer wat homoseksuele mans meestal met hulle saamdra en dikwels so diep verborge is dat hulle nie meer bewus is van die invloed wat dit op hulle lewens uitoefen nie. Na hierdie verwysing volg die volgende in hakies: *much like their heterosexual counterparts.* Volgens die navorser se oordeel is die invloed wat sodanige hartseer en woede dikwels onbewustelik op mans uitoefen, ‘n faktor wat nie buite rekening gelaat kan word nie.

Hearn (2007:26 e.v.) wys daarop dat sosiale uitsluiting van die huis en die werkplek wat deur mans ervaar word, ook tot probleme ten opsigte van ander terreine van sulke mans se lewens aanleiding kan gee. Dit kan onder andere vir sulke mans se gesondheid skadelike gevolge inhou. Die effek wat sosiale uitsluiting op mans kan hê, is veral opvallend by mans wat hulle werk verloor het. Culbertson (1994:41) wys daarop dat die verlies van sy werk vir ‘n man meer inhou as net die verlies aan inkomste. Dit hou verder ook verlies aan stuktuur, doel en manlike identiteit in. ‘n Man wat sy werk verloor het, bevind hom gevolglik in ‘n isolasie wat dit vir hom moeilik maak om in aanraking te kom met vriende wat steeds werk en met ander wat ook werkloos is.

Morrel (1998:9) wys daarop dat mans hulle kwesbaarheid op verskillende maniere hanteer. Een van die maniere is om met ander saam te werk om die oorsprong van die kwesbaarheid te

identifiseer en positief daarop te reageer. Volgens die navorser se oordeel, is die geleenthede om van hierdie moontlikheid gebruik te maak baie beperk binne die blanke Afrikaansprekende gemeenskap. Dit is eerder die navorser se ervarings dat pogings in hierdie verband dikwels reaksie ontlok wat dit vir ‘n man nog moeiliker maak om positief op sy kwesbaarheid te reageer met die gevolg dat hy daardeur genoodsaak word om die pyn wat hy ervaar nog dieper na binne te keer. Van Rensburg (2008:14) ondersteun die navorser se vermoede in hierdie verband wanneer hy daarop wys dat dit nie waar is dat mans geen gevoelens het nie, maar die waarheid is dat baie mans nie ‘n veilige plek het waar hulle aan hulle gevoelens uiting kan gee nie. Geweldadige optrede is ‘n ander moontlike manier waardeur mans hulle kwesbaarheid hanteer. Hearn (2007:24) wys daarop dat gemarginaliseerde mans se verhoudings met vroue op ‘n komplekse manier deur hulle marginalisasie beïnvloed word en moontlik op geweld teen vroue kan uitloop. Du Pisani (2001:164) wys daarop dat gesinsgeweld deur mans ‘n groot sosiale probleem binne die Afrikanergemeenskap is. Volgens die navorser se oordeel, is sodanige geweld moontlike getuienis van manlike kwesbaarheid en baie jare se hartseer en onverwerkte pyn wat besig is om op sekere mans ‘n invloed uit te oefen waarvan hulle dalk nie bewus is nie. Soos Nelson (1988:71) dit stel: *“Being deprived of human tears, they, in turn, victimize women as a means to live out this impossible cultural assignment to control the feminine within themselves.”* Die oormatige gebruik van drank wat onder die Afrikanergemeenskap ‘n algemene verskynsel is, is volgens die navorser se oordeel ‘n verdere manier waarop sommige mans hulle kwesbaarheid hanteer.

In afdeling 2.2 is gewys op die bydra wat die weermag gelewer het om ‘n sekere siening van manwees daar te stel wat onder andere ingesluit het dat mans nie swakheid mag wys nie. Beide Cock (2001:51) en Du Pisani (2001:166) wys daarop dat baie mans emosionele skade opgedoen het vanweë ervarings wat hulle tydens nasionale diensplig gehad. Dit wil dus voorkom dat wonde wat sodoende gelaat is nou, baie jare later, ‘n invloed uitoefen waarvan hulle dalk nie bewus is nie en wat onder andere in geweld binne die gesin uitdrukking vind. Een van die voormalige dienspligtiges met wie Thompson (2006:117) ‘n onderhoud gevoer het, het vertel dat hulle aangesê was om brandstof te gooi op die lyk van ‘n terroris wat in ‘n vlak graf geplaas is en dit dan aan die brand te steek. Hy het verder vertel dat hy op daardie stadium nie op ‘n

negatiewe wyse voor ander kon optree nie en ook geen berou of nare drome gehad het nie. Dit kom eers jare later. Dit is mans met ervarings soos hierdie wat die gevolg is van ‘n situasie waarvoor hulle nie gekies het nie, teen wie daar in die huidige bedeling dikwels op so ‘n manier in die werkplek gediskrimineer word dat dit vir baie ander terreine van hulle lewens nadelige konsekwensies inhou.

2.8 Samevatting

Stereotipes ten opsigte van geslagtelikheid is nie absoluut nie, maar historiese en sosiale faktore speel ‘n belangrike rol om hulle daar te stel. In die blanke Afrikaansprekende gemeenskap is die tradisionele kerke deel van die instansies wat daartoe bygedra het om sekere stereotipes ten opsigte van manlikheid daar te stel. Dit is dus hoogs waarkynlik dat die prediking in die verlede ‘n bydra gelewer het om sekere stereotipes ten opsigte van manlikheid daar te stel en die moontlikheid dat dit steeds kan gebeur, is nie uitgesluit nie. Daar sal in hoofstuk 4 aandag gegee word aan die moontlikheid dat stereotipes ten opsigte van geslagtelikheid steeds in die prediking neerslag kan vind om sodoende tot die marginalisasie van sommige by te dra.

Daar is baie mans wat ‘n krisis ervaar weens die feit dat hulle huidige bestaanswerklihede dit vir hulle onmoontlik maak om te kan voldoen aan die verwagtings wat met sekere stereotipes ten opsigte van manlikheid gepaard gaan. Die veranderinge ten opsigte van die arbeidsmark en die lewe binne die gesin waardeur alle mans nie tot dieselfde mate geraak word nie, kan in hierdie verband ‘n rol speel. Dan is daar ook nog die homoseksuele mans en dié met liggaamlike beperkinge wat, weens faktore waaroor hulle nie beheer het nie, nie daartoe in staat is om te kan voldoen aan sekere verwagtings wat met manwees geassosieer word nie. Dit is in belang van die mans wat sodanige krisis ervaar, nodig dat daar op nuwe maniere oor manwees gedink moet word en die moontlikheid dat prediking in hierdie verband ‘n bydra kan lewer, behoort ondersoek te word.

Daar is baie blanke Afrikaansprekende mans wat hulle in moeilike omstandighede bevind. Hierdie omstandighede kan armoede, werkloosheid, verwydering van die gesin, ‘n alleenpad wat sekere ontberings inhou, ontevredenheid, worsteling, hartseer, isolasie, eensaamheid of

emosionele wonde inhou. Die faktore wat agter hierdie omstandighede werksaam is, is gewoonlik kompleks sodat daar nie eenvoudige oplossings daarvoor bestaan nie. Daarom kan preke wat poog om eenvoudige oplossings voor te hou wat nie die kompleksiteit van die werklikheid in ag neem nie, mans in sodanige omstandighede ontwrig en dus die situasie verder vererger. Die gepaste manier waarop prediking ‘n bydra behoort te lewer ten opsigte van mans wat hulle in moeilike omstandighede bevind, behoort ook ondersoek te word.

Die analise wat in hierdie hoofstuk gedoen is, het gedien as die basis vir die fomulering van die hipotese wat verder ondersoek sal word en soos volg lui: Prediking behoort ‘n positiewe bydrae te kan lewer ten opsigte van gemarginaliseerde mans, onder andere ten opsigte van nuwe maniere van dink oor manwees, mits daar tydens die preekmaakproses met groot versigtigheid rekening gehou word met die werklikhede van die huidige Suid-Afrikaanse situasie en met die historiese aard van die Bybelteks ten einde te verhoed dat onvanpaste voorskrifte en stereotipes ten opsigte van geslagtelikheid wat tot die marginalisasie van sommige kan bydra, in die prediking neerslag vind.

Met die oog op die ondersoeke waarna daar teen die einde van twee van die voorafgaande paragrawe verwys is, sal daar in die volgende hoofstuk aandag gegee word aan die noodsaaklikheid dat prediking kontekstueel moet wees en ook aan die vereistes waaraan daar voldoen moet word om hierdie noodsaaklikheid tot sy reg te laat kom. Dit sal gedoen word teen die agtergrond van ‘n oorsig van sekere aspekte in verband met kontekstuele teologie.

Hoofstuk 3: Raakpunte tussen kontekstuele teologie en die situasie van die gemarginaliseerde man en die implikasies daarvan vir kontekstuele prediking

3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk sal daar, teen die agtergrond van sekere aspekte in verband met kontekstuele teologie, aandag gegee word aan die noodsaaklikheid dat prediking kontekstueel moet wees asook aan die vereistes waaraan daar voldoen moet word om hierdie noodsaaklikheid tot sy reg te laat kom. Die agtergrond sal bekyk word vanuit ‘n verskuiwing ten opsigte van die beoefening van teologie wat plaasgevind het gedurende die sestigerjare van die vorige eeu, voordat daar aandag gegee sal word aan sekere kenmerke van die nuwe manier van beoefening van teologie wat ontwikkel het vanuit die verskuiwing wat plaasgevind het en die plek wat die tradisie en die Bybelteks ten opsigte daarvan inneem.

Daar is twee vrae wat deurentyd in gedagte gehou sal word: Die eerste het te doen met die moontlikheid dat prediking ‘n bydrae kan lewer ten opsigte van nuwe maniere van dink oor manwees en die ander het te doen met die bydrae wat prediking behoort te lewer ten opsigte van die moeilike omstandighede waarin baie mans hulle bevind. Die vrae sal nie noodwendig deur die loop van hierdie hoofstuk finaal beantwoord word nie, maar die navorser sal deurentyd bedag wees vir moontlikhede om hierdie vrae in verband te bring met die sake waaraan daar in hierdie hoofstuk aandag gegee sal word. Die analise wat in die vorige hoofstuk gedoen is, sal ook in gedagte gehou word en dit is hoogs waarskynlik dat daar verdere vrae sal ontwikkel namate sekere sake waarby daar tydens die analise uitgekom is, in verband gebring sal word met sake waaraan daar in hierdie hoofstuk aandag gegee sal word. Al die betrokke vrae moet uiteindelik beantwoord word in hoofstuk 5 waar daar gepoog sal word om rigtingwysers te ontwikkel vir prediking in ‘n konteks van die toenemende marginalisasie van die man. Die vrae wat beantwoord moet word sal juis dien as riglyne vir die rigtingwysers wat ontwikkel moet word.

Daar sal in die eerste helfte van hierdie hoofstuk aangetoon word dat daar sekere raakpunte tussen kontekstuele teologie en die gemarginaliseerde man se situasie is. In die tweede helfte

van hierdie hoofstuk sal sekere aspekte in verband met kontekstuele teologie na die prediking deurgetrek word. Daar sal op hierdie wyse aandag gegee word aan die noodsaaklikheid dat prediking kontekstueel moet wees, moontlike gevare wat met kontekstuele prediking gepaard kan gaan, die plek van die gemeente in kontekstuele prediking en die manier waarop predikers met die Bybelteks behoort om te gaan met die oog op kontekstuele prediking.

3.2 ‘n Klemverskuiwing wat plaasgevind het ten opsigte van die beoefening van teologie

Suggit (1994:119) wys daarop dat al die skrywers van die geskrifte van die Nuwe Testament die verwagting gehad het dat die wederkoms van Jesus Christus gou sou plaasvind. Hierdie verwagting het waarskynlik ‘n invloed uitgeoefen op die inhoud van die geskrifte wat weer ‘n invloed uitgeoefen het op die manier waarop die kerk die geskrifte gedurende die daaropvolgende eeue geïnterpreteer het. Die gevolg hiervan was, volgens Suggit (1994:120 e.v.), dat verlossing gesien is as die bevryding van die toekomstige straf wat die gevolg is van die sonde van die mensdom sodat die kerk die verantwoordelikheid gehad het om die mense vir hulle ewige bestemming voor te berei. Die belydenis “Jesus is Heer” wat die vroegste belydenis van die Christelike geloof is, was van besondere belang in hierdie verband. De Gruchy (1994:162) wys daarop dat namate die kerk ontwikkel het, is hierdie belydenis verder uitgebrei ten einde te interpreteer wat dit beteken om Jesus as Here te bely. Uitdagings rakende dwaalleer waarmee die kerk te doen gehad het, het in hierdie verband ‘n belangrike rol gespeel. Verskillende belydenisse het sodoende tot stand gekom om uiteindelik ‘n belangrike deel van die Christelike tradisie uit te maak.

Pieterse (1991:76) wys daarop dat daar tydens die Verligting ‘n proses aan die gang gesit is om die kerk en die sekulêre wêreld los van mekaar te laat ontwikkel. Daar het gevolglik ‘n toestand ontwikkel waar die kerk byna irrelevant vir die werking en bestaan van die ekonomie, die industrie, die politiek en die wêreld van die kuns en wetenskap geword het. Vanaf die begin van die sestigerjare van die vorige eeu het daar egter ‘n ontwaking in die kerk plaasgevind. Stemme het begin opgaan dat die breuk tussen die kerk en die wêreld herstel moet word en dat die kerk weer ‘n rol in die breë samelewing moet speel. ‘n Nuwe teologiese metode het ontstaan wat grootliks verskil van die tipes teologie van die vorige eeue.

Volgens Suggit (1994:121) het die besorgdheid oor sosiale geregtigheid en die beëindiging van onderdrukking en armoede daartoe bygedra om die klem te verskuif vanaf pogings om die self en ander vir toegang tot die hemel voor te berei na ‘n besorgdheid oor die hede. Die betekenis van die hede is egter gegrond op die hoop vir die toekoms. Die gevolg is dat eskatologie nie beskou word as die leer aangaande die laaste dinge nie, maar die openbaring van die belangrikheid van die hede indien dit in die lig van die einde beskou word.

Die belydende teologie wat in Suid-Afrika tot stand gekom het as ‘n reaksie op die dwaalleer van apartheid, het daartoe bygedra om hierdie klemverskuiwing ook in Suid-Afrika beslag te laat kry. De Gruchy (1994:166 e.v.) wys daarop dat daar in Suid-Afrika ‘n konneksie was tussen die belydende teologie en die bevrydingsteologie. Laasgenoemde se bydra ten opsigte van die klemverskuiwing wat ten opsigte van die beoefening van teologie plaasgevind het, word soos volg deur Villa-Vicencio (1994:184) beskryf:

> *”(I)t has shifted the focus of theological discussion from the intellectual discourse of Western philosophy to the life and death struggles of poor and oppressed communities. The outcome has been more than a call for new subjects and issues to be added to the theological agenda. It has been a call for a fundamental reorientation of theology itself, providing a radically new perspective on the theological task.”*

Villa-Vicencio (1994:189) wys verder daarop dat die bevrydingsteologie daarvoor gekritiseer is dat marxistiese en neo-marxistiese metodes soms deur hulle gebruik is vir sosiale analise, maar dat bevrydingsteoloë hierdie metodes selde, indien ooit, gebruik het om die teologiese inhoud te bepaal. Die metodes is hoogstens gebruik vir die analise van ‘n situasie om tot ‘n nuwe verstaan van die werklikheid te kom voordat daar teologies daarop gereflekteer is. Die navorser vind nietemin die bevrydingsteologie se siening van sonde as iets wat nie net persoonlik is nie, maar ook struktureel asook die hermeneutiese sirkel van Segundo van besondere belang. Daar sal onderskeidelik in afdelings 3.3 en 3.4 weer na laasgenoemde twee sake verwys word.

3.3 Perspektiewe ten opsigte van kontekstuele teologie

In die vorige afdeling is verwys na ‘n verskuiwing wat plaasgevind het in die rigting van ‘n tipe teologie wat ook op die hede ingestel is en nie net op die voorbereiding van die mens met die oog op sy/haar ewige bestemming nie. Dit blyk dat die term **kontekstuele teologie** ‘n gepaste term is om so ‘n tipe teologie mee te beskryf. Nolan (1994:213) stel dit soos volg:

> *“Contextual theology is the kind of theology which reflects, explicitly and consciously, upon its context in the light of the gospel of Jesus Christ. In other words, it deals with the problems, the issues and the questions that arise for a Christian in any particular context and especially in a context of oppression and suffering.”*

Aangesien kontekstuele teologie aandag gee aan die probleme, kwessies en vrae waarmee ‘n Christen in ‘n bepaalde konteks mee te doen kry, blyk dit dat die krisisse en moeilike omstandighede van baie blanke Afrikaanssprekende mans wat aangetoon is deur die analise wat in hoofstuk 2 gedoen is, ‘n aangeleentheid is wat beslis vir kontekstuele teologie van belang is. Daar is boonop ook nog lyding en onderdrukking ten opsigte waarvan dominante stereotipes ten opsigte van manwees ‘n belangrike rol speel, by hierdie aangeleentheid ter sprake. Dit behoort dus die moeite werd te wees om verder aan kontekstuele teologie aandag te gee. Daar sal ter wille van hierdie doel aan sekere benaderinge van onderskeidelik Bergmann en die bevrydingsteologie aandag gegee word. Sekere gedagtes van Suggit sal by die benadering van Bergmann aangesluit word.

Volgens Bergmann (2003:4) gee kontekstuele teologie nie net aandag aan die ervarings wat in sekere situasies ontstaan nie, maar streef ook daarna om die betrokke konteks te verander om sodoende deel te wees van die proses van kulturele vernuwing. Tydens hierdie proses is daar interaksie tussen teologiese opvattinge en die kulturele konteks: Terwyl bestaande teologiese opvattinge gebruik word om die betrokke konteks te beïnvloed, word die betrokke opvattinge self ook in die proses verander. Indien hierdie gedagtes in verband gebring word met die situasie van die gemarginaliseerde man binne die blanke Afrikaanssprekende gemeenskap, blyk dit dat die ervarings in hierdie verband vir kontekstuele teologie van belang is en dat

kontekstuele teologie ook ‘n bydra behoort te lewer om die konteks wat tot die betrokke ervarings aanleiding gee, te verander. Bestaande teologiese opvattinge behoort in hierdie verband van belang te wees, maar daar bestaan ook die moontlikheid dat sekere teologiese opvattinge tydens sodanige proses beïnvloed mag word. Daar sal in die volgende afdeling verder aan laasgenoemde gedagte aandag gegee word.

Volgens Bergmann (2003:100) is teologie se taak daarin geleë om God se werk – dit is sy bevrydende handelinge – vir die wêreld te interpreteer. Ten opsigte van hierdie bevrydende handelinge is persepsies en samewerking met alles wat geskep is, van besondere belang. Daarom is die volgende vraag van groot belang vir alles wat geskep is, die mens ingesluit: “*God, why did you create us and why and into what are you liberating us?*” (2003:100) Vir die gemarginaliseerde man binne die blanke Afrikaanssprekende gemeenskap wat met krisisse en moeilike omstandighede mag worstel, behoort dit van besondere belang te wees om met hierdie vraag besig te wees. Sodoende behoort daar nie alleen sekere veranderinge ten opsigte van bestaande persepsies in te tree nie, maar behoort daar ook betekenis en lewensdoel ontsluit te word. Volgens Suggit (1994:122) het verlossing daarmee te doen dat ‘n mens vry word van ‘n betekenislose en doellose bestaan waar ‘n mens geen keuse kan uitoefen nie. Die evangelie gee juis die versekering van betekenis en lewensdoel ten spyte van alles wat betekenisloos voorkom sodat mense daardeur in staat gestel word om vervulling as mens te kan bereik. Verlossing van sonde beteken dat ‘n mens gered is van vervreemding van jouself en ander en keuses kan uitoefen om sodoende egte mensheid te bereik. Vir ‘n Christen man wat ‘n krisis ervaar omdat hy nie kan voldoen aan die verwagtings wat met manwees geassosieer word nie, behoort dit van besondere betekenis te wees dat hy keuses kan uitoefen. Ten spyte van die faktore wat sy keuses mag beperk, bevind hy hom nie in ‘n situasie waar alles volledig bepaal is sodat hy geen bydrae ten opsigte van sy toekoms kan lewer en dus geen hoop het nie. Dit is juis deur die vermoë om te kan kies dat die mens daartoe in staat is om mee te werk aan God se voortgaande skeppingswerk.

Wat sekere benaderings van die bevrydingsteologie betref, wys Villa-Vicencio (1994:190 e.v.) daarop dat verlossing en bevryding nie tot een vlak beperk kan word nie. God se beloftes sluit

‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde, bevryding van gevangenis, vryheid vir onderdruktes en verlossing van sonde in. Om enige van hierdie dimensies uit te sluit, sal beteken dat die heerskappy van Christus beperk word tot ‘n vlak wat die essensie van die Bybelse leer ontken. ‘n Belangrike aspek van hierdie beskouing van verlossing is die persepsie van sonde as iets wat beide persoonlik en struktureel is. Sonde het nie net te doen met mense se verhouding met God en met mekaar nie, maar is ook in die strukture van die samelewing ingebed. Onregverdige en onderdrukkende sosiale, ekonomiese of politieke strukture is die manifestasie van sosiale en strukturele sonde. Verlossing behoort bevryding van sodanige strukture in te sluit. Mcafee Brown (1984:68) wys daarop dat om God te ken, vir sommige mag beteken dat hulle “nee” moet sê vir ekonomiese of godsdienstige strukture wat die rykes bevoordeel ten koste van die armes. Die navorser is van mening dat die stereotipes ten opsigte van manwees ‘n voorbeeld is van sonde wat in strukture neerslag gevind het. Om God te ken mag dus vir sommige mans beteken dat hulle sodanige stereotipes moet verwerp ten einde uit te kom by God se bedoeling met hulle lewens en die betekenisvolle vervulling wat dit inhou. Vir sommige mans mag die verwerping van sekere stereotipes ten opsigte van manwees deel uitmaak van die bevryding van gevangenisskap en onderdrukking wat deur verlossing ingesluit word.

Terwyl daar in hierdie afdeling aan sekere perspektiewe ten opsigte van kontekstuele teologie aandag gegee is, het daar telkens raakpunte met die situasie van die gemarginaliseerde man binne die blanke Afrikaansprekende gemeenskap opgeduik. Dit blyk dus dat laasgenoemde ‘n aangeleentheid is wat vir kontekstuele teologie van belang is. Volgens die navorser se oordeel, is die plek wat die tradisie en die Bybelteks ten opsigte van kontekstuele teologie inneem ook van besondere belang. Daar sal in die volgende twee afdelings aan hierdie aspekte aandag gegee word voordat al die verskillende aspekte van kontekstuele teologie wat ter sprake is, deurgetrek sal word na die prediking.

3.4 Die spanning tussen kontekstuele teologie en die tradisie

Volgens Bergmann (2003:63) is die Christelike tradisie ‘n reeks plaaslike teologië wat dien as sosiale en kulturele geheue wat die gemeenskap van heiliges help om hierdie reeks plaaslike teologië te aktualiseer met die oog op hulle toekoms. In afdeling 3.2 is daar daarop gewys dat

sekere belydenisse ‘n belangrike deel van hierdie tradisie is. De Gruchy (1994:163) wys daarop dat die verkleefdheid aan die letter van sulke belydenisse die gevaar inhou dat dit ‘n plaasvervanger kan word vir die luister na wat die Gees vandag vir kerke deur die Skrif wil sê om sodoende te verhinder dat Jesus Christus binne die verband met spesifieke kontekste en historiese momente bely word. Getrouheid aan die verklaring van ‘n sekere belydenis beteken nie noodwendig dat die kerk Jesus Christus getrou binne die betrokke konteks bely nie, maar dit kan juis neerkom op die omseiling van daardie taak en uitdaging.

Volgens Hendriks (2004:24 e.v.) is daar ‘n verskuiwing besig om plaas te vind ten opsigte van die manier waarvolgens teologie gedoen word. Die manier waarop teologie vantevore gedoen is, het neergekom op gehoorsame analisering en sistematisering van die geloofstradisie. Alhoewel hierdie benadering wel meriete het, is ‘n ander manier om teologie te doen die gehoorsame meewerking aan God se voortgaande betrokkenheid by die wêreld. Indien teologie beoefen word deur tekste van die geloofstradisie te bestudeer en dit dan op ‘n spesifieke situasie in die hede toe te pas, ontstaan die probleem dat teologie losgemaak word van die ervarings, vrae en uitdagings wat die huidige situasie inhou. Dit hou die gevolg in dat mense nie in staat gestel word om die veranderinge wat die huidige situasie inhou, te hanteer nie om aanleiding te gee tot geestelike agteruitgang asook agteruitgang wat die kerk as instansie betref. Dit is dus nodig dat die Christelike geloofstradisie in die lig van huidige realiteite gelees moet word ten einde te onderskei wat God ten opsigte van die betrokke realiteite verlang.

Die idee dat die tradisie in die lig van die huidige realiteite gelees moet word, sal vervolgens toegepas word op die ekonomiese realiteite. Perlas (2000:23) wys daarop dat die kapitalistiese ekonomie wat die indruk skep dat dit oor die kapasiteit beskik om rykdom te skep in werklikheid ‘n vernietigende uitwerking het op die sisteme wat lewe op aarde onderhou en op die sosiale vesels van die samelewing om sodoende die hele mensdom te verarm. Volgens die navorser se oordeel, is die kapitalistiese ekonomie ‘n belangrike deel van die tradisie van groei en ontwikkeling wat verband hou met sekere dominante sienswyses in die samelewing. Die navorser is verder van mening dat die kapitalistiese ekonomie ook daartoe bydra om sekere idees omtrent manwees daar te stel. Daar is in afdeling 2.2 daarop gewys dat die ekonomiese

groei waarin die blanke Afrikaanssprekende gemeenskap gedeel het, daartoe bygedra het om sekere idees omtrent manwees daar te stel binne die betrokke gemeenskap. Verder is daar in afdeling 2.3.1 daarop gewys dat die ingesteldheid op wins daartoe aanleiding gee dat maatskappye voortdurend aan die rasionaliseer is wat die moontlikheid inhou dat sommige mans hulle werk kan verloor om sodoende in ‘n posisie te beland wat dit vir hulle ontmoontlik kan maak om te voldoen aan sekere verwagtings wat met manwees geassosieer word. Bergmann (2003:63 e.v.) wys daarop dat die tradisie van groei en ontwikkeling reggestel behoort te word deur ‘n interpretasie van die geskiedenis waarin die tradisies van slagoffers en verloorders verteenwoordig is. Hierdie slagoffers en verloorders sal waarskynlik mans insluit wat gemarginaliseer is omdat hulle nie voldoen aan die verwagtings in verband met manwees wat deur die kapitalistiese ekonomie daargestel is nie. Dit blyk dus dat dit nodig is dat sekere gemarginaliseerde mans by die interpretasie van die geskiedenis betrek moet word en in hierdie verband behoort die hemeneutiese sirkel van Segundo van belang te wees. Dit blyk uit die hermeneutiese sirkel dat die Christelike tradisie nie uitgesluit is uit die interpretasie van die geskiedenis wat ter sake is nie.

Die hermeneutiese sirkel van Segundo wat uit vier stappe bestaan, word beskryf deur Villa-Vicencio (1994:189). Die eerste stap behels ‘n nuwe manier waarop die werkliheid ervaar word deur die besef dat die samelewing en die werklikheid deur verskillende mense op verskillende maniere gesien word. Die dominante verstaan van die werklikheid gee uitdrukking aan die sieninge van die dominante klasse, maar dit is nie die enigste en ‘n objektiewe verstaan van die werklikheid nie. Die tweede stap behels ideologiese suspisie omtrent dominante idees. Hierdie idees sluit godsdienstige en teologiese idees in wat ook waardes en persepsies van die dominante klasse weerspieël aangesien persone wat met die bestaande orde gemaklik is se maniere van dink ‘n belangrike invloed op hierdie idees uitgeoefen het. Die derde stap behels eksegetiese suspisie wat daarom gaan dat die insigte wat die posisie van die dominante klasse van die samelewing uitdaag, deur die dominante interpretasies van die Bybel uitgesluit is. Dit is waarkynlik om hierdie rede dat feministiese teologie suspisieus is omtrent bestaande interpretasies van die Skrif wat vir eeue deur mans oorheers is (vgl Ackermann 1994:198). Op soortgelyke wyse behoort gemarginaliseerde mans ook suspisieus te wees omtrent die

bestaande interpretasies wat oorheers is deur mans wat grootliks deur die bestaande orde bevoordeel is. Tydens die vierde stap word daar tot ‘n nuwe verstaan van die Bybel gekom na aanleiding van dit wat tydens die voorafgaande stappe geleer is. Dit gee aanleiding tot nuwe temas soos geregtigheid en bevryding wat deur die tradisionele teologie geïgnoreer is.

Uit die voorafgaande blyk dit dat daar ‘n mate van spanning bestaan tussen die Christelike tradisie aan die een kant en kontekstuele teologie wat op die kwessies van die hede ingestel is aan die ander kant. Die oorsprong van die Christelike tradisie is wel geleë in teologie wat eens kontekstueel was, maar die betrokke kontekste is ver verwyder van hedendaagse kontekste. Dit blyk verder dat vroue en gemarginaliseerde mans se sieninge van die werklikheid en in hulle interpretasies van die Skrif ‘n belangrike bydrae het om te lewer ten einde te verhoed dat die Christelike tradisie in die pad staan van kontekstuele teologie wat op die kwessies van die hede ingestel is. Daar bestaan verder die moontlikheid dat vroue en gemarginaliseerde mans se interpretasie van die Bybel tot nuwe Bybeltemas aanleiding kan gee. Daar sal in die volgende afdeling aandag gegee word aan die plek wat die Bybelteks inneem ten opsigte van kontekstuele teologie.

3.5 Die plek van die Bybel in kontekstuele teologie

Volgens González & González (1994:88) is die waarheid in die Skrif nie geleë in onveranderlike wesenlikhede of ewige wette nie, maar dit is eerder ‘n verslag van God se handelinge in die geskiedenis waarvan alle mense deel is. Suggit (1994:113) sluit daarby aan deur daarop te wys dat die bybelse verhaal ‘n verslag is van die maniere waarop God die mensdom herstel tot die vryheid waarvoor mense geskep is om te geniet. Deur God se verlossende liefde wat op hierdie wyse bekend gemaak word, kan die mens sy/haar ware wese ontdek en ook te wete kom dat hy/sy aan God behoort.

Met verwysing na Gadamer se siening van hermeneutiek wys Pieterse (2001 a: 81 e.v.) daarop dat die konteks van die leser ‘n invloed het op die verstaan van die teks en die betekenis wat die leser aan die teks heg. Die leser lees vandag in hierdie historiese konteks ‘n teks wat uit ‘n ander historiese konteks ontstaan het. Daar bestaan dus ‘n tydsgaping wat die leser en die teks in hierdie verskillende historiese kontekste skei. Hierdie gaping gee aanleiding tot ‘n

vreemdheid aan die teks vir die leser van ons tyd. Dit is nodig dat ons ons eie konteks deeglik moet verstaan in sy sosiale, politieke en godsdienstige fasette. Dit is wanneer ons van ons eietydse tydgees deurdrenk is terwyl ons die teks benader, dat daar deur die andersheid van die teks vir ons lig kan opgaan oor ons eie situasie. ‘n Interpretasie van die teks moet uitendelik gerig wees op toepassing op ‘n spesifieke konteks in die hede en ons tot handeling beweeg.

Pieterse (2001 a: 88) wys verder daarop dat die voorafgaande nie beteken dat ons nou ons eie situasie in die teks kan inlees en die teks net laat sê wat ons self wil hoor nie. Met verwysing na Ricoeur se siening van hermeneutiek word daar daarop gewys dat dit eerder ‘n geval is van die leser wat die wêreld van die teks binnegaan om sodoende ‘n verandering te ondergaan omdat die wêreld van die teks nuwe moontlikhede van menswees oopmaak. Die nuwe wêreld van die teks wat sodoende oopgemaak word, skaaf aan jou eie vooroordele, verfyn dit, laat nuwe lig daarop val of verander dit selfs.

West (1994:22 e.v.) wys daarop dat daar in die Bybel perspektiewe te vind is wat van mekaar verskil en selfs in konflik met mekaar is. Daarom is dit moontlik dat daar interpretasies van die Bybel kan opduik wat gebruik kan word om sekere mense te onderdruk of om onderdrukking te regverdig. Daarom is dit nodig dat die Bybel vanuit die perspektief van die onderdruktes gelees moet word en dat die ideologiese aard van die Bybel en interpretasies daarvan ondersoek moet word. Die ideologiese aard van die Bybel vereis dat die Bybel krities gelees moet word. Dit beteken nie dat die Bybel selektief gelees word nie, maar elke deel daarvan moet juis gelees word. Verder is so ‘n kritiese lees nie in opposisie met die geloofslewe nie, maar die geloof word juis gevoed en verdiep namate daar gesoek word na die verband tussen ons geloof en ons konteks.

Dit wil vir die navorser voorkom asof die lees van die Bybelteks binne ‘n mate van spanning plaasvind. Aan die een kant is die Bybelteks die getuienis van God se bevrydende handelinge wat die moontlikheid inhou om nuwe wêrelde te open en nuwe maniere van menswees te ontsluit en as sodanig kan die teks verskeie moontlike betekenisse hê namate dit in verskillende kontekste verandering bewerkstellig. Aan die ander kant is daar egter die moontlikheid dat die teks op so ‘n manier geïnterpreteer kan word dat dit tot onderdrukking kan bydra sodat dit

nodig is dat ‘n mens versigtig moet wees om nie die teks te laat sê wat ‘n mens wil hê dat dit in jou betrokke konteks moet sê nie. Daar is in afdeling 2.2 gewys op die bydra wat deur godsdienstige opvattinge gelewer is om sekere idees omtrent manwees en menslike seksualiteit daar te stel wat op die lange duur tot die marginalisasie van sommige mans bygedra het. Die Bybel het natuurlik gedien as die primêre bron van sodanige opvattinge en idees omtrent manwees en seksualiteit. Dit is vanweë die moontlikheid dat die Bybel gebruik kan word om onderdrukking te bevorder dat dit nodig is dat die Bybelteks krities gelees moet word. In afdeling 3.9 sal daar verwys word na die manier waarop predikers met die Bybel krities behoort om te gaan wanneer die gedagtes waaraan daar in hierdie afdeling aandag gegee is, na die preekmaakproses deurgetrek sal word.

3.6 Die noodsaaklikheid dat prediking kontekstueel moet wees

Volgens González & González (1994:52) sou prediking nie nodig wees nie indien dit nie nodig was dat die boodskap van die evangelie met ‘n hedendaagse situasie in verband gebring moet word nie. In hierdie afdeling sal daar vervolgens gepoog word om sekere van die gedagtes wat in afdeling 3.3 opgeduik het, na die prediking deur te trek. Daar sal verder gepoog word om vir die gedagtes in verband met prediking waarby daar op hierdie wyse uitgekom sal word, ondersteuning te vind in literatuur wat op prediking betrekking het.

Daar is in afdeling 3.3 daarop gewys dat kontekstuele teologie nie net aandag gee aan die ervarings wat in sekere situasies ontstaan nie, maar ook daarna streef om die betrokke konteks te verander om sodoende deel te wees van die proses van kulturele vernuwing. Prediking behoort dus ook aandag te gee aan die ervarings wat binne die betrokke konteks aan die orde is. Cilliers (2004:150) wys daarop dat dit nodig is dat die regte dieperliggende eksistensiële vrae in die preekmaakproses aan die orde kom sodat dit nodig is dat predikers na mense in hulle konteks moet luister. Verder behoort die prediking by te dra tot die verandering van die betrokke konteks. Volgens Pieterse (1991:20 e.v.) is die bedoeling van prediking die opwek van die geloof in Jesus Christus, die opbou van die geloof en die gevolglike verandering wat op persoonlike en samelewingsvlak bewerk word.

In afdeling 3.3 is daar verder daarop gewys dat teologie se taak daarin geleë is om God se werk – dit is sy bevrydende handelinge – vir die wêreld te interpreteer. Ten opsigte van hierdie bevrydende handelinge is persepsies en samewerking met alles wat geskep is, van besondere belang. Prediking behoort ook die bevrydende handelinge van God te verkondig. Cilliers (2004:53) noem die volgende die basiese homilitiese reël: *"Prediking het altyd te make met die verkondiging van die realiteit van die teenwoordige, verlossende God, van die werke van die Vader, Seun en Heilige Gees."* Die verkondiging behoort daartoe by te dra om mense se persepsies te verander. Volgens Cilliers (2004:155) is die taak van prediking onder meer om die tydgees telkens weer in die lig van die Koninkryk van God te herinterpreteer, om te onderskei waarop dit werklik aankom. Die navorser is van mening dat die herinterpretasie van die tydgees van besondere belang is ten opsigte van die bydrae wat deur prediking gelewer kan word in verband met nuwe maniere van dink oor manwees. Die gemarginaliseerde man wat daartoe genoodsaak is om vir homself nuwe maniere van dink oor manwees uit te werk, moet juis die tydgees herinterpreteer ten einde te onderskei waarop dit werklik aankom. Volgens die navorser se oordeel sal die onderskeiding van waarop dit aankom, sinvol wees indien dit gepaard gaan met die ontdekking van wat God deur die betrokke man wil doen of reeds besig is om deur hom te doen. Volgens Muehl (1986:81) behoort predikers ernstig aandag te gee aan die verband tussen Christologie en die kwessie van die doel van die mens se lewe. Dit kom daarop neer dat kruis van Jesus Christus nie op so ’n wyse verkondig moet word dat die klem val op verlossing uit ‘n sondige wêreld eerder as die transfomasie van die manier van lewe binne die geskiedenis nie.

Daar is ook in afdeling 3.3 verwys na die persepsie van sonde as iets wat beide persoonlik en struktureel is. Sonde het nie net te doen met mense se verhouding met God en met mekaar nie, maar is ook in die strukture van die samelewing ingebed. Cilliers (2004:58) wys daarop dat prediking wat vryspraak is, ook die omstandighede en strukture waarbinne spesifieke mense hulself bevind, aanspreek. Muehl (1986:65) wys daarop dat sosiale strukture ‘n lewe van hulle eie het wat ernstig opgeneem en verstaan moet word deur diegene wat ‘n meer menslike wêreld wil bou. Muehl (1986:70 e.v.) wys verder daarop dat om net Christus te verkondig uiteindelik daarop neerkom dat Christus glad nie verkondig kan word nie. Dit kom daarop neer

dat predikers daarteen moet waak om nie so oorgretig te wees om die goeie nuus te bring dat die indruk geskep word dat die ewigheid so gretig is oor ons verlossing dat God nie omgee oor wat ons intussen met ons lewens doen nie en ons korrupsie in die proses oorgesien word. Dit wil dus vir die navorser voorkom dat die verkondiging van Christus se verlossingswerk eers tot sy reg kom indien dit geskied in samehang met die strukture van die samelewing waarin sonde op so ‘n wyse ingebed is dat die strukture ‘n destruktiewe invloed op sekere mense se lewens uitoefen. Daar is in afdeling 3.3 reeds daarop gewys dat die navorser van mening is dat die stereotipes ten opsigte van manwees ‘n voorbeeld is van sonde wat in strukture neerslag gevind het. Dit hou die implikasie in dat die prediking ook sodanige stereotipes en die destruktiewe gevolge wat dit vir sommige mans inhou, moet aanspreek. Daar sal in afdeling 3.9 verder aan hierdie gedagte aandag gegee word.

Muehl (1986:90) wys daarop dat die werke wat ons gedoen het ‘n gekanseleerde tjek is wat geen reddende krag het nie. Niemand word in die oë van God geregverdig op grond van wat gister gebeur het nie, maar die moontlikhede wat die toekoms inhou, maak wel saak. Hierdie moontlikhede is ‘n belangrike deel van genade aangesien dit die maniere sal wees waarop ons sal ervaar dat God aan die werk is in ons lewens. Volgens die oordeel van die navorser is die kern van kontekstuele prediking die feit dat dit die werk van God in mense se lewens ernstig opneem en daarom erns maak met die moontlikhede wat ontsluit is deur God se verlossingswerk en die werk wat Hy steeds deur ons wil doen. Dit wil vir die navorser voorkom dat hierdie moontlikhede ook nuwe maniere van dink oor manwees insluit. Om die moontlikhede wat deur die werk van God ontsluit word tot hulle reg te laat kom, vereis die herinterpretasie van ons tydgees ten einde te kan onderskei waarop dit werklik aankom. Hierdie herinterpretasie vereis weer op sy beurt dat daar aandag gegee moet word aan sonde, veral dié wat in die strukture van die samelewing ingebed is en ook sekere stereotipes ten opsigte van manwees insluit.

Dit wil vir die navorser voorkom dat kontekstuele prediking behoort te geskied binne ‘n onvermydelike spanning tussen die bestaansdoel van die mens wat betekenis gee aan sy/haar lewe, aan die een kant en die realiteit van sonde wat in die pad staan van die verwesenliking

van daardie doel, aan die ander kant. Indien enige van hierdie twee sake op so ‘n manier oorbeklemtoon word dat die ander een nie genoegsaam in aanmerking geneem word nie, word die evangelie nie tot sy reg gebring nie. Die oorbeklemtoning van sonde kan aanleiding gee tot ‘n wettiese ingesteldheid en dat verlossing beperk word tot die vergifnis van sonde met die oog op die mens se ewige bestemming wat die gevolg inhou dat nuwe bestaansmoontlikhede vir hierdie lewe wat deur God se verlossingswerk moontlik gemaak is, nie tot hulle reg kom nie. Indien die bestaansdoel van die mens oorbeklemtoon word, kan dit daartoe aanleiding gee dat daar op so ‘n wyse klem geplaas word op menslike potensiaal dat die effek wat die gevolge van sonde op mense se lewens het, nie genoegsaam in aamerking geneem word nie en dat God se verlossingswerk deur Christus op die agtergrond geskuif word.

Die gevolge van sonde sluit onder meer die pyn wat deur sommige mense ervaar word, in. Die navorser voel sterk daaroor dat kontekstuele prediking nie by die pyn wat deur mense ervaar word, kan verbygaan nie aangesien pyn in die pad kan staan van die verwesenliking van die moontlikhede wat deur die werk van God ontsluit word. Die volgende gedagte van Culbertson (1994:83) behoort in hierdie verband ernstig opgeneem te word:

> “*To many in our society, the church seems to be out of touch with the human soul. It answers questions that are not being asked but ignores the questions that are. It seems to care more about conformity and doctrine than about the struggles of men and women to find new ways to live together in an equality and justice expressive of God’s love. It seems to have turned its back on the sufferings of the oppressed, siding instead with the patriarchal establishment. The church seems so protective of the past that it has sacrificed its own future.*”

Die navorser is van mening dat daar tydens prediking sekere verdraaiings kan intree indien die pyn wat deur sommige mense ervaar word, nie in gedagte gehou word nie, selfs al word die kerngedagte van kontekstuele prediking ernstig opgeneem. Dit beteken dat daar moontlike gevare met kontekstuele prediking gepaard gaan. Daar sal in die volgende afdeling aan sodanige gevare aandag gegee word.

3.7 Moontlike gevare wat met kontekstuele prediking gepaard gaan

Cilliers (2006:78 e.v.) wys daarop dat prediking ‘n gevaarlike onderneming is aangesien ‘n prediker, soos elke ander mens, lewe binne ‘n kontekstuele raamwerk wat aanleiding gee tot sekere perspektiewe. Dit is moeilik, selfs onmoontlik, om uit sulke raamwerke los te kom en die invloed daarvan op prediking is onvermydelik. Die navorser is van mening dat die feit dat predikers meestal bevoorregte mense is, op hulle denkraamwerke en perspektiewe ‘n invloed uitoefen wat nie geïgnoreer kan word nie. Daar is waarskynlik baie mense wat op ‘n stadium die ideaal gekoester het om ‘n prediker te word, maar dit het nie vir hulle op die lange duur so uitgewerk nie. Vir sommige was dit dalk nie moontlik om in die Teologie te kon studeer nie omdat hulle nie oor die nodige toelatingsvereistes beskik het nie of nie die nodige fondse kon bekom nie. Daar is dalk ander wat nie hulle studies kon voltooi nie. Dan is daar ook nog diegene wat hulle studies voltooi het, maar nooit as predikant beroep is nie en daarom ander werk moes gaan doen. Daar is ook nog diegene wat die bediening moes verlaat weens gesondheidsredes, ‘n egskeiding of ander moontlike probleme wat opgeduik het. Die feit dat iemand ‘n geordende predikant is, soos dit die geval is met die meeste predikers in die tradisionele Afrikaanse kerke, beteken dat al die moontlikhede wat genoem is vir hom/haar gespaar is. Verder is hy/sy nie werkloos soos dit met baie ander mense die geval is nie.

Pieterse (2001 a: 93) wys daarop dat baie predikers hulle verhewe voel bo die gemeentelede omdat hulle ‘n opleiding gehad het en vergoeding van ‘n groter organisasie kry. Dit kan daartoe bydra om ‘n outoritêre houding by predikers te kweek. Die navorser is verder van mening dat die moontlikheid bestaan dat predikers hulle so tuis kan voel by die dominante klasse in die samelewing dat hulle hulle goed met die dominante idees kan vereenselwig. Dit kan die gevolg inhou dat prediking neerkom op die oordra van sekere dominante idees waarvoor die prediker in die Bybelteks en die tradisie ondersteuning vind. Daar is in afdeling 3.4 daarop gewys dat teologiese idees dikwels waardes en persepsies van die dominante klasse weerspieël aangesien persone wat met die bestaande orde gemaklik is se maniere van dink ‘n belangrike invloed op hierdie idees uitgeoefen het. Weens die invloed van sulke idees op die tradisie, bestaan die moontlikheid dat daar in die tradisie ondersteuning gevind kan word vir sekere dominante

idees. Verder is daar in afdeling 3.5 daarop gewys dat dit moonlik is dat daar interpretasies van die Bybel kan opduik wat gebruik kan word om sekere mense te onderdruk of om onderdrukking te regverdig. Dit is, volgens die navorser se oordeel, juis in sulke interpretasies wat daar vir dominante idees in die samelewing ondersteuning gevind kan word. Van der Westhuyzen (2007:318) wys daarop dat die kanon wat oorgelewer is so deur die wangebruik van die Bybel gekorrupteer is deur ‘n magtige kerk as die regverdiging vir eie belang dat hoorders al so ontnugter geraak het met dié woord dat hulle dit nie meer hoor nie of dat daar allerhande verdraaiings van die ware betekenis werksaam is. Die meerderheid herders van die N.G. Kerk het tragies genoeg hulle leiersposisie voor 1994 so misbruik dat ‘n hele kerk nie moreel in staat was om die boodskap van die Bybel te onderskei nie.

Die dominante idees waarvoor daar in die Bybelteks of die tradisie ondersteuning gesoek word, kan natuurlik ook sekere sieninge omtrent manwees insluit. Manlike predikers verkeer natuurlik ook onder die druk wat gepaard gaan met die dominante stereotipes ten opsigte van manwees wat onder meer insluit dat mans nie kwesbaar mag wees en pyn mag wys nie. Die navorser is van mening dat die bevoorregte posisie waarin ‘n manlike prediker hom dikwels bevind, nie kwesbaarheid en die moontlikheid van pyn uitkanselleer nie, maar dit kan wel help om die kwesbaarheid en pyn weg te steek. Die navorser is verder van mening dat pogings om hul eie kwesbaarheid en pyn weg te steek, daartoe aanleiding kan gee dat die prediker aan sekere van die dominante idees in die samelewing vashou en daarvoor ondersteuning vind in die Bybelteks en die Christelike tradisie.

Volgens Cilliers (2004:150) is die kontekstualisering van die evangelie een van die moeilikste opdragte van die prediker. Dit vra teologiese volwassenheid en sensitiwiteit en dat die prediker niks anders as die evangelie en nie ‘n afgewaterde reduksie daarvan nie, in die konteks laat inkarneer. Die navorser is van mening dat ‘n afgewaterde reduksie van die evangelie juis kan opduik terwyl die prediker in die Bybelteks of die tradisie ondersteuning probeer vind vir sekere dominante idees waarmee hy/sy gemaklik is. Muehl (1986:16) wys daarop dat die persoon wat besig is om voor te berei vir ‘n preek ondersoekende vrae aan homself/haarself moet vra omtrent die betekenis van bekende formulerings vir ‘n wêreld wat drasties verskil van die

wêreld waarin die betrokke leer vorm aangeneem het. Dit is nie ‘n gemaklike posisie om in te wees nie aangesien daar iets gerusstellends daarin is om veralgemenings wat vroeër aanvaar is, onveranderd oor te dra.

Pieterse (1991:5) wys daarop dat die prediker se rol in die preekmaakproses, die kommunikasieprosesse in hierdie proses en die wyse waarop die preek voorberei en oorgedra word deur ‘n teorie oor die gemeente beïnvloed word. Die navorser is van mening dat die invloed van die prediker se denkraamwerk en perspektiewe, die pyn wat moontlik deur mense binne die gemeente ervaar word, die tydgees waarbinne die gemeente bestaan en die herinterpretasie daarvan alles faktore is wat deur ‘n teorie oor die gemeente in ag geneem moet word. Daar sal in die volgende afdeling aandag gegee word aan die plek van die gemeente ten opsigte van kontekstuele prediking en ‘n teorie in hierdie verband.

3.8 Kontekstuele prediking en die gemeente

Volgens Pieterse (2001 b: 102 e.v.) is ‘n preek deel van dialoog wat voortdurend in die gemeente besig is om plaas te vind. Soms word die dialoog deur die prediking begin, soms reageer die prediking op dialoog wat elders begin is en die belangrikste van alles is dat dit die lig van God se wil moet laat skyn op die kwessie wat ter sprake is. Tydens die preek behoort die hoorders se vrae, omstandighede, behoeftes en vreugdes in die lig van die evangelie geplaas te word. Die uiteindelike doel daarvan is dat die geloofsgemeenskap sal kom tot die verstaan van God se wil vir hulle lewensituasie en hulle taak binne die kerk en die samelewing. Die moeilike omstandighede waarin baie blanke Afrikaanssprekende mans hulle tans bevind, soos aangetoon tydens die analise wat in die vorige hoofstuk gedoen is, behoort dus ook tydens die prediking in die lig van die evangelie geplaas word ten einde sulke mans te help met die verstaan van God se wil vir hulle binne hulle omstandighede. ‘n Verdere vraag wat by die navorser opgekom het, is of die dialoog waarvan prediking ‘n deel uitmaak, ‘n bydrae kan lewer ten opsigte van die probleem waarna in afdeling 2.7 verwys is naamlik dat baie mans nie ‘n plek het waar hulle aan hulle gevoelens kan uitdrukking gee nie. Die navorser is van mening dat hierdie vraag in gedagte gehou moet word ten opsigte van die rigtingwysers wat uiteindelik ontwikkel sal word.

Daar is teen die einde van die vorige afdeling gewys op die belang wat ‘n teorie oor die gemeente vir die prediking het. Volgens Pieterse (1991:67) is die begrippe kerugma, koinonia en diakonia teologiese begrippe met normatiewe waarde. ‘n Gemeente wat volgens Bybelse voorskrif bestaan, sal volgens hierdie drie funksies moet funksioneer. Hierdie drie funksies moet in balans gebring word binne ‘n gemeente-beskouing, volgens Pieterse (1991:80). Die model waaaraan Pieterse (1991:81 e.v.) voorkeur gee, staan bekend as die liggaam van Christus-model. Hierdie model het wel sterk punte, maar daar is ook sekere besware wat ingebring kan word teen die manier waarop hierdie model dikwels in die praktyk funksioneer. Die eerste sterk punt van hierdie model waaraan die navorser waarde heg, is die idee van die gemeente as verbondsgemeenskap wat deur God in aansyn geroep word deur die heilswerk van Christus en die verkondiging en aanvaarding daarvan in geloof. ‘n Verdere sterk punt waaraan die navorser waarde heg, is die twee bewegings waardeur die lewe van die gemeente gekenmerk word. Die eerste beweging is die samekoms op Sondae waar die Here deur sy Woord en Gees ontmoet word en die gemeente gerig is op God self en sy liefde en genade. Die tweede beweging het daarmee te doen dat die gemeente vanuit hierdie ontmoeting die samelewing opgebou en besield ingaan om daar dienende getuies van Christus te wees. Dan is die gemeente dienend teenwoordig in die tonnels en netwerke van die sosiale, ekonomiese en politieke strukture in die samelewing.

Pieterse (1991:85 e.v.) wys daarop dat die gemeente as liggaam van Christus veral in groepe funksioneer en maak die volgende opmerking in verband daarmee: “*Deur die gesprek in die gemeente vanweë die groepsgeorganiseerdheid word die gemeentelede in ‘n leerproses betrek wat alleen maar bevrydend kan wees en tot volwassenheid kan lei.*” (1991:88-89) Die navorser het egter sy bedenkinge oor hierdie gedagte aangesien hy van mening is dat kleiner groepe binne ‘n gemeente kan ontaard in kontekste waarbinne sekere dominante idees op so ‘n manier deurkom dat dit nie die omstandighede van sekere mans in die groep genoegsaam in aanmerking neem nie om sodoende aanleiding te gee tot die uitsluiting van sulke mans. So iets sal waarskynlik onbewustelik gebeur en sonder dat dit so bedoel word. Verder kan sulke groepe ook kontekste wees waarbinne die innerlike vereensaming wat baie mans ervaar en die pyn en belemmeringe wat dit inhou, besonder voelbaar kan wees om vir sulke mans verdere

ontwrigting in te hou. Dulles se kritiek teen hierdie kerkmodel waarna Pieterse (1991:75) verwys, sluit juis onder meer in dat eksklusiwiteit en onwil om die intieme groep vir ander te open, dikwels by kleiner groepe dreig. Die navorser is van mening dat sodanige onwil nie noodwendig sal beteken dat iemand ‘n mate van uitsluiting binne die groep ervaar. Tydens sy evaluering van hierdie model, noem Hendriks (2004:51) onder meer die volgende:

> “*The anthropology of this model may underplay the inherent sinful nature of humankind, placing too much emphasis on humans being ‘Kings Kids’ in an illusionary world full of blessings, where the notion of suffering and the cross tends to be ignored. Success and being winners, notions drawn from the affluent world created by the capitalist economy of exploitation, often receive support from charismatic circles, which enjoy that affluence, and need theological condonation for their lifestyle. Along the same line of thought, perfectionism that eventually leads to a new type of truimphalism often emerges.*”

In die lig hiervan blyk dit dat die manier waarop die liggaam van Christus-model dikwels in die praktyk funksioneer, tekort skiet ten opsigte van twee sake wat die navorser van besondere belang ag in verband met ‘n gemeenteteorie, naamlik die pyn wat deur mense ervaar word en die herinterpretasie van die tydsgees. Wat laasgenoemde betref, wil dit vir die navorser voorkom dat waar die liggaam van Christus model in die praktyk funksioneer, die moontlikheid bestaan dat daar ondersteuning gebied word aan sekere negatiewe aspekte van die tydsgees eerder as dat dit geherinterpreteer word.

Volgens die oordeel van die navorser behoort daar ‘n gemeenteteorie ontwikkel te word wat die sterk punte van die liggaam van Christus-model insluit, maar wat suspisieus is omtrent die moontlike nadele van groepsfunksionering, sonder dat daar noodwendig met groepsfunksionering weggedoen word. Verder behoort die teorie, soos reeds vroeër genoem is, die invloed van die prediker se denkraamwerk en perspektiewe, die pyn wat moontlik deur mense binne die gemeente ervaar word, die tydgees waarbinne die gemeente bestaan en die herinterpretasie daarvan, in ag te neem. Die navorser is verder van mening dat so ‘n

gemeenteteorie ‘n belangrike plek behoort in te neem ten opsigte van die rigtingwysers wat uiteindelik in hoofstuk 5 ontwikkel sal word. Die navorser het dit juis in gedagte dat so ‘n teorie die vertrekpunt sal wees vir die betrokke rigtingwysers.

Die feit dat daar verwydering bestaan tussen die hedendaagse gemeente en die wêreld waarin die Bybelteks sy ontstaan gehad het, is ‘n verdere faktor wat die navorser as belangrik beskou. Dit hou veral implikasies in ten opsigte van die manier waarop predikers die Bybelteks behoort te lees met die oog op kontekstuele prediking. Daar sal in die volgende afdeling aan laasgenoemde saak aandag gegee word.

3.9 Die manier waarop predikers met die Bybelteks behoort om te gaan met die oog op kontekstuele prediking

Volgens Cilliers (2004:92 e.v.) open die Bybel op ‘n verhalende wyse nuwe horisonne en nuwe perspektiewe. Dit bied alternatiewe wat meebring dat die wêreld waarin ons tans woon nuut gesien, nuut bewoon en nuutgemaak kan word. Deur spelend en uitlokkend ander moontlikhede voor te hou, word die *status quo* bevraagteken om ons stereotipe perspektief te verruim. Om te preek, is om die Bybelteks so voor die gemeente te hou en die Een van wie die Bybelteks getuig so aan die gemeente uit te wys dat die gemeente deur hierdie teks heen die nuwe wêreld van hierdie God op ‘n verbeeldingryke manier kan “sien”. Die navorser ag hierdie gedagte van groot belang ten opsigte van die bydrae wat deur prediking gelewer kan word ten opsigte van nuwe maniere van dink oor manwees aangesien dit in hierdie verband juis nodig is dat nuwe wêrelde geopen moet word ten einde sekere bestaande stereotipes te verruim. Die navorser is verder van mening dat die aanspreek van stereotipes ten opsigte van manwees wat deur hom as strukturele sonde beskou word, behoort te geskied deur middel van nuwe moontlikhede wat voorgehou word eerder as dat dit op ‘n gedwonge wyse plaasvind. Verbeeldingryke prediking is dus nodig ten einde ‘n bydra te kan lewer ten opsigte van nuwe maniere van dink oor manwees. Cilliers (2004:95) wys verder daarop dat sulke verbeeldingryke prediking slegs moontlik is deur ‘n grondige en getroue omgang met en werk aan die Bybelteks. Die historiese en literêre aard van die teks mag nie misken word om te gou te soek na tydlose waarhede wat in die teks ogesluit is ten einde ‘n morele les uit die betrokke Skrifgedeelte oor te

dra nie. Daar moet ook aandag gegee word aan die emosie wat die teks by ons oproep asook die progressie, struktuurpatroon en gedagteverdeling van die teks ten einde die ervaring van die teksgedeelte te kan kommunikeer (2004:112-113).

Eksegese maak ‘n belangrike deel uit van die prediker se omgang met en werk aan die Bybelteks. Volgens Long (1989:60) is eksegese ‘n sistematiese plan om tot die verstaan van ‘n Bybelse teks te kom en die eksegese wat deur die prediker gedoen moet word verskil van dié wat deur bybelwetenskaplikes gedoen word aangesien die prediker ook nog plaaslike omstandighede in aanmerking moet neem. Pieterse (2001 b: 99 e.v.) wys daarop dat die prediker hom/haar in die skoene van die Bybelteks en die skoene van die hoorders van die preek moet stel in ‘n dialoog waartydens daar aandagtig geluister word om God se woorde, dade en houdings in die teks te hoor. Deur op hierdie wyse met die Bybelteks om te gaan, kan daar vertrou word dat daar ‘n woord van God in die teks gehoor sal word en dat die teks ‘n bepalende invloed op die inhoud en doel van die preek sal uitoefen.

Volgens Long (1989:66) is die kuns van eksegese daarin geleë dat daar geleer moet word om vrae te stel in verband met ‘n Bybelse teks. Hoe meer vrae gevra word, hoe groter is die kans dat die teks se stem gehoor en sy eis ontvang sal word. Die vrae sluit onder meer in dat daar ook namens ander vrae gestel moet word. Die navorser is verder van mening dat die prediker ook deurentyd daarop bedag moet wees om moontlike pyn waarvan daar in die teks sprake mag wees, te laat aansluit by die pyn wat moontlik deur die hoorders van die preek ervaar word. Perdue (2005:93 e.v.) noem die volgende in hierdie verband: “*We must learn to read darkly and, through the darkness that becomes so readily evoked, learn to see Scripture as a text of pain...*” Die navorser is van mening dat prediking ‘n bydrae kan lewer ten opsigte van die onverwerkte pyn wat deur baie mans na binne gekeer is en dikwels onbewustelik ‘n invloed op hulle uitoefen, mits daar erns gemaak word met die pyn wat in sekere Bybelse tekste opgesluit is.

Long (1989:71) wys verder daarop dat dit nodig is dat die prediker die insigte waartoe daar gekom is deur die veelheid van vrae wat in verband met die teks gestel is, moet toets deur hulle aan kritiese eksegese te onderwerp. Die gebruik van kommentare is in hierdie verband van belang en dit behels onder meer dat daar aan die historiese agtergrond van die teks aandag

gegee moet word. Volgens Cilliers (1996:24) is dit nodig dat daar noukeurig nagegaan word presies wat die Bybel vir die hoorders van destyds gesê het, hoe dit gesê is en hoekom God dit juis so laat sê het. Volgens die navorser se oordeel is dit belangrik dat die prediker aan hierdie vrae aandag moet gee ten einde die insigte waartoe vroeër gekom is, te toets.

Daar is in afdeling 3.5 daarop gewys dat dit vir die navorser voorkom asof die lees van die Bybelteks binne ‘n mate van spanning plaasvind. Dit wil verder vir die navorser voorkom dat die prediker hom/haar ook in hierdie spanning bevind. Aan die een kant hou die Bybelteks die moontlikheid in om ‘n verskeidenheid van moontlike nuwe wêrelde te open. Hierdie moontlikheid mag nie deur die prediker ingeperk word nie. Daarom is dit nodig dat die hoorders se omstandighede by die dialoog met die teks betrek word en dat daar soveel as moontlik vrae in verband met die teks gestel word. Aan die ander kant moet die prediker daarteen waak om die teks te laat sê wat hy/sy wil hê dat die teks moet sê. Daarom is dit nodig dat die insigte waartoe die prediker tydens sy/haar omgang met die teks gekom het, getoets moet word deur kommentare te raadpleeg. Die moontlikhede wat die teks inhou kan egter ingeperk word indien die kommentare te gou geraadpleeg word aangesien die kommentare nie die hoorders se omstandighede in aanmerking neem nie (vgl Long 1989:67).

Die einddoel van eksegese is om die prediker te help om te besluit wat ‘n sekere teks op ‘n sekere stadium vir die gemeente te sê het. Volgens Long (1989:77) berus die finale besluit in hierdie verband by die prediker en dis ‘n besluit wat opwindend is, maar ook risiko’s inhou. Daarom kan die prediker nie anders as om sy/haar eksegetiese arbeid biddend te verrig nie.

3.10 Samevatting

Daar bestaan verskillende raakpunte tussen kontekstuele teologie en die situasie van die gemarginaliseerde man wat in die vorige hoofstuk geanaliseer is. Kontekstuele teologie behoort aandag te gee aan die vrae, kwessies en probleme wat met die gemarginaliseerde man se situasie te doen het. Verder het die perspektiewe wat die gemarginaliseerde man in sy situasie het, ‘n bydrae om te lewer ten einde te verhoed dat die tradisie in die pad staan van kontekstuele teologie wat op die hede ingestel is. Aangesien prediking kontekstueel behoort te

wees, het die raakpunte tussen kontekstuele teologie en die gemarginaliseerde man se situasie implikasies vir die prediking.

Prediking kan en behoort ‘n bydrae te lewer ten opsigte van nuwe maniere van dink oor manwees. Dit behoort plaas te vind deur God op so ‘n wyse aan die gemeente te verkondig dat nuwe wêrelde wat nuwe moontlikhede inhou, daardeur geopen word. Verder behoort die moeilike omstandighede waarin baie mans hulle bevind binne die blanke Afrikaanssprekende gemeenskap, betrek te word by die dialoog met die Bybelteks tydens eksegese sodat die lig van die evangelie daarop laat val kan word tydens prediking. Deur erns te maak met die pyn wat in sekere Bybelse tekste opgesluit is, behoort die prediking ‘n bydrae te kan lewer ten opsigte van die pyn wat by baie mans na binne gekeer is en onbewustelik ‘n invloed op hulle uitoefen. Die moontlikheid dat die dialoog in die gemeente waarvan prediking deel is, ‘n bydra kan lewer ten opsigte van die feit dat baie mans nie ‘n plek het waar hulle aan hulle emosies uitdrukking kan gee nie, is ‘n saak wat ook in gedagte gehou moet word.

‘n Teorie oor die gemeente is vir die prediking van besondere belang en behoort ook ‘n belangrike plek in te neem in verband met die rigtingwysers wat ontwikkel sal word. So ‘n teorie behoort kerugma, koinonia en diakonia met mekaar in verband te bring. Verder behoort dit suspisieus te wees omtrent die moontlike nadele van groepsfunksionering. Die invloed van die prediker se denkraamwerk en perspektiewe, die pyn wat moontlik deur mense ervaar word, die tydsgees waarbinne die gemeente bestaan en die herinterpretasie daarvan is verdere sake wat deur so ’n teorie behoort in ag geneem te word.

Verbeeldingryke prediking is nodig sodat prediking ‘n bydrae kan lewer ten opsigte van nuwe maniere van dink oor manwees en die moeilike omstandighede waarin baie mans hulle bevind. Daarom mag die veelheid van moontlikhede wat die Bybelteks inhou, nie ingeperk word nie. Die prediker moet egter ook daarteen waak om die teks te laat sê wat hy/sy wil hê dat die teks moet sê. Vanweë die invloed van prediker se denkraamwerk en perspektiewe en die feit dat hy/sy meestal in ‘n bevoorregte posisie is, bestaan die moontlikheid dat die prediker tydens prediking sekere dominante idees op so ‘n wyse kan oordra dat dit tot die marginalisasie van

sommige kan bydra. Daar sal in die volgende hoofstuk verder aan laasgenoemde moontlikheid aandag gegee word.

Hoofstuk 4: Prediking as faktor wat tot marginalisasie kan bydra

4.1 Inleiding

Cilliers (2007:159) wys daarop dat die taal van die weeklaag tot ‘n groot mate van sy plek in die Christelike geloof en aanbidding ontneem is. Die navorser is van mening dat hierdie gedagte van besondere belang is ten opsigte van die moontlikheid dat prediking ‘n faktor is wat tot die marginalisasie van sommige kan bydra. Die feit dat die weeklaag van sy plek ontneem is, kan nie net aanleiding gee tot taalgebruik waardeur sommige mense tydens prediking uitgesluit word nie, maar dit kan ook aanleiding gee tot ‘n onrealistiese voorstelling van die werklikheid tydens prediking. So ‘n onrealistiese voorstelling van die werklikheid kan ook weer op sy beurt daartoe bydra dat sommige mense tydens prediking uitgesluit word. Wisselwerking tussen die kerk en die prestasie-gedrewe kultuur, die selektiewe gebruik van Bybeltekste en moralistiese benaderings ten opsigte van houdings en gesindhede is, volgens die navorser se oordeel, almal faktore wat tot ‘n onrealistiese voorstelling van die werklikheid kan bydra tydens prediking.

In hierdie hoofstuk sal daar aandag gegee word aan taalgebruik waardeur sommige mense tydens prediking uitgesluit kan word asook aan die verskillende faktore wat kan bydra tot ‘n onrealistiese voorstelling van die werklikheid tydens prediking. Daar sal verder ook aandag gegee word aan die moontlikheid dat die ophelderende materiaal waarvan daar tydens prediking gebruik gemaak word, kan bydra tot die marginalisasie van sommige mense. Die gemarginaliseerde man binne die blanke Afrikaanssprekende gemeenskap se situasie sal deurentyd in gedagte gehou word. Die moontlikheid dat daar op een of ander wyse tydens prediking aan stereotipes ten opsigte van manwees ondersteuning gebied kan word, sal ook in gedagte gehou word. Daar sal ook verwys word na spesifieke preke wat volgens die navorser se oordeel tot die marginalisasie van sommige mense kan bydra. Waarnemings wat deur die navorser gemaak is tydens eredienste waarby hy persoonlik betrokke was, sal in hierdie veband van belang wees. Daar sal egter ook verwys word na sekere preke waarna in publikasies verwys word en die kommentaar wat op sulke preke gelewer is. Teen die einde van die hoofstuk sal daar aandag gegee word aan die wonde wat deur sommige mense opgedoen kan word vanweë die tendense wat vervolgens bespreek sal word.

4.2 “Hoopvolle” taal wat uitsluit

Daar is in afdeling 3.6 daarop gewys dat kontekstuele prediking nie by die pyn wat deur mense ervaar word, kan verbygaan nie. Westermann (1974:34) noem die volgende in hierdie verband:

> *“If the gospel story of the passion is presented in the words of the Twenty-second Psalm, the authors quite obviously wanted to say that Christ had taken up the lament of those of his people who suffer, that he too had entered into suffering. Hence, his suffering is part of the history of those who have suffered, who have found their language in the psalms of the lament. With his suffering and dying therefore Jesus could not have had only the sinner in mind, he must also have been thinking of those who suffer.”*

Volgens Westermann (1974:27-28) ontbreek daar iets indien lofprysing aan God ‘n plek het in Christelike aanbidding, maar nie die weeklaag nie. Volgens hom kan lofprysing sy egtheid behou slegs indien dit in polariteit met die weeklaag bestaan. Die persoon wat lyding ervaar, ervaar ook bedreiging wat betref sy/haar verhouding met God en die betekenis van sy/haar lewe. Dit gee aanleiding tot die vraag “*Hoekom*?” wat gerig word tot God as die enigste Een wat die vraag kan beantwoord. Daarom is die weeklaag volgens Westermann (1974:32) ‘n beweging na God toe. Dit is ‘n manier waardeur lyding gebring word voor God wat die enigste Een is wat dit kan wegneem.

Westermann (1974:33) wys daarop dat die belydenis van sonde in ‘n sekere sin die verchristelikde vorm van die weeklaag geword het. Daardeur word die indruk geskep dat die lyding van hierdie wêreld nie werklik van belang is nie. Al wat werklik saak maak, is ‘n mens se sondeskuld. Dit wil dus vir die navorser voorkom dat die kerk deur die eeue heen baie gemaak het van die vergifnis van sonde, maar te min van die genesing van mense se pyn wat Christus ook tydens sy lyding in gedagte gehad het, soos Lindhardt (2007:118) dit stel: “*it seems more to be a sin to be healed, than a sin to be forgiven.*”

Die navorser is van mening dat prediking ‘n bydrae kan lewer ten opsigte van die pyn wat deur mense ervaar word, mits die weeklaag sy regmatige plek innnem tydens prediking. Pieterse

(1997:84) wys daarop dat die moeilike omstandighede waarin baie Suid-Afrikaners hulle bevind vanweë werkloosheid en armoede, ‘n situasie is wat mense weer bestaansvrae laat vra. “*Dit is die soort konteks waarin mense smag na die deurligting van hul eksistensie – sodat hulle die sin van hul lewens kan ontdek … dikwels in ander sfere as geld en goed.*” Volgens die navorser se oordeel behoort prediking ook in hierdie verband ‘n bydrae te kan lewer, mits die weeklaag sy regmatige plek daartydens inneem. Anderson (1997:225) wys daarop dat die weeklaag-psalms wat aan Dawid toegeskryf word, van besondere waarde is vir enigeen wat verlies ervaar het. Hulle bied die taal wat nodig is om te rou. Dit is veral nodig dat mans moet ontdek dat hierdie hulpbron afkomstig is van die hart van ‘n magtige koning wat gehuil het. Sodoende is Dawid se lewe ‘n getuienis van die moontlikheid om krag en kwesbaarheid met mekaar te skakel.

Anderson (1997:225) wys verder daarop dat die weeklaag-psalms wat aan Dawid toegeskryf word, meestal nie deel uitgemaak het van die hulpbronne wat deur die kerke beskikbaar gestel is aan diegene in rou nie. Dit het onder meer ingehou dat mans vir wie dit nodig was om te rou, ook binne die Christelike tradisie met ‘n lang nalatingskap van stilte, ontkenning en verborge pyn te doen gekry het. Dit wil dus vir die navorser voorkom dat die feit dat die weeklaag nie sy regmatige plek tydens prediking inneem nie, in die eerste plek daartoe aanleiding gee dat prediking nalaat om ‘n genesende bydrae te lewer ten opsigte van die pyn en moeilike omstandighede waarin baie mense hulle bevind, onder andere die pyn wat dikwels by mans so diep na binne gekeer is dat hulle self nie eers bewus is van die uitwerking wat dit op hulle lewens het nie. Prediking laat dus op hierdie manier na om ‘n opbouende bydra te lewer ten opsigte van ‘n aangeleentheid wat dikwels in verskillende kontekste marginaliserende konsekwensies kan inhou.

Tweedens wil dit vir vir die navorser voorkom dat die feit dat die weeklaag nie sy regmatige plek tydens prediking inneem nie, aanleiding kan gee tot taalgebruik waardeur sommige mense uitgesluit word. Andersen (2007:205) beskryf dit soos volg:

> “*somewhere in the church someone is sitting there – and the happier and the more hopeful the sermon, the more they freeze. The more cheerful the preaching, the lonelier they become. They are not led forward, they are being left behind and*

> *shut out … And when I as a suffering Christian listen to the preacher, of course I know he means well. He wants to bring me hope … But because they know only the language of hope and not the language of hopelessness, they and I simply speak different languages.*"

Derdens wil dit vir vir die navorser voorkom dat die feit dat die weeklaag nie sy regmatige plek tydens prediking inneem nie, aanleiding kan gee tot 'n onrealistiese voorstelling van die werklikheid tydens prediking wat tot die marginalisasie van sommige kan bydra. Cilliers (2007:162) wys daarop dat predikers dikwels verkies om nie oor 'n weeklaag te preek nie aangesien hulle dink dat hulle die beelde van God wat daarin voorkom, nie nodig het nie. Dit is egter nodig dat daardie beelde in spanning gehou moet word met die ander beelde vir God ten einde sin te maak van die werklikheid met al sy ervarings van disoriëntasie, chaos en dood.

Cilliers (2007:160 e.v.) gee 'n lys van moontlike redes waarom die weeklaag uitgeskakel is uit ons prediking en aanbidding. Benewens die van hulle waarna reeds verwys is, is daar 'n verdere drie van hulle wat deur die navorser as van besondere belang geag word aangesien hulle, volgens sy oordeel, nie net faktore is wat daartoe kan bydra dat daar met 'n onrealistiese voorstelling van die werklikheid tydens prediking vorendag gekom kan word nie, maar hulle is ook in eie reg moontlike faktore wat daartoe kan bydra dat prediking marginaliserende gevolge vir sommige kan inhou. Die eerste van hierdie redes is die invloed van die sukses-gedrewe samelewing waaraan daar in die volgende afdeling aandag gegee sal word. Die tweede van hierdie redes is die selektiewe gebruik van Bybeltekste waaraan daar in afdeling 4.4 aandag gegee sal word. Die derde rede wat van belang is, is die idee dat om te kla met 'n gebrek aan geloof geassosieer word. Die navorser is van mening dat hierdie gedagte neerslag kan vind in moralistiese benaderings ten opsigte van houdings en gesindhede waaraan daar in afdeling 4.5 aandag gegee sal word.

4.3 Wisselwerking tussen kerk en die prestasie-gedrewe kultuur

Volgens Cilliers (2007:160) is die invloed van die sukses-gedrewe samelewing waarin swakheid en mislukking nie 'n plek het nie, 'n moontlike rede waarom die weeklaag van sy plek ontneem word in prediking en aanbidding. Die navorser is verder van mening dat die sukses-gedrewe

samelewing die kerk sodanig beïnvloed dat die invloed wat van die kerk af uitgaan ten opsigte van die sukses-gedrewenheid daardeur aangetas word sodat daar sprake is van ‘n wisselwerking tussen kerk en die prestasie-gedrewe kultuur.

Groei en bemarking is aangeleenthede wat vir die pretasie-gedrewe kultuur van besondere belang is en wat vir gemeentes ook toenemend van belang is namate mededinging tussen kerklike groeperinge aan die toeneem is. McClure (2001:58) noem die volgende in hierdie verband:

> “*One need only read ‘church growth’ or ‘church marketing’ literature to begin to get a feel for what this approach to human experience might entail for preaching and worship. Paradoxically, it plays directly into the hands of those for whom the ‘homogenous church unit’ rather than ‘welcoming the stranger’ is the fundamental key to the success of the postmodern church. This model would ultimately preserve local experimental specificity in preaching without necessarily challenging hegemony or encouraging any form of ethical encounter with the other. It also precludes the possibility of any mutually critical interaction between hegemonic and non-hegemonic experiences.*”

Daar is twee sake waarna daar in hierdie gedeelte verwys word wat deur die navorser as van belang geag word en waarop daar in hierdie afdeling verder gekonsentreer sal word, naamlik hegemonie wat nie uitgedaag word nie en die idee van ‘n homogene kerkeenheid as sleutel tot die sukses van die kerk.

Volgens McClure (2001:54) is hegemonie ‘n proses waardeur *common sense* gevestig word volgens die belange van ‘n dominante groep binne die samelewing. Diegene wie se ervarings nie met hierdie *common sense* ooreenstem nie, ervaar dan ‘n stryd om hulle eie ervarings vir hulself te noem ten einde ‘n plek vir hulself uit te werk (2001:55). Die navorser is van mening dat dit in die meeste oorheersend-blanke Afrikaanssprekende gemeentes juis die gemeentelede is wat inpas by die dominante groep in die samelewing wat die beste daartoe in staat is om bydraes te lewer tot die gemeente se voortbestaan en vooruitgang. Dit is verder dikwels ook hierdie groep mense by wie die prediker hom/haar die beste tuis voel, soos reeds

in afdeling 3.7 genoem is. Nel (2003:68) wys daarop dat dit in baie gemeentes ‘n onmoontlike saak geword het om God se wil sonder vrees te verkondig omdat dit die moontlikheid kan inhou dat die prediker nie meer sy/haar salaris kan kry nie of deur ten minste ‘n deel van die gemeente probeer weggewerk te word. Predikers is gevolglik huiwerig om die *common sense* wat op die dominante groep se belange gebaseer is, uit te daag sodat diegene wie se ervarings nie daarmee ooreenstem nie, alleen gelaat word wat betref die interpretasie van hulle ervarings en die uitwerk van ‘n plek vir hulself.

Volgens die oordeel van die navorser sal die ervarings van persone wat hulle nie met die *common sense* van die dominante groep kan vereenselwig nie, daartoe bydra om ‘n gevoel van skaamte by sulke mense te skep. Lindhardt (2007:118) wys daarop dat om God se liefde te verkondig as antwoord op skaamte sonder dat die persoon se verstaan van homself/haarself en sy/haar plek in die wêreld verander word, die skaamte kan vererger eerder as om dit te genees. Die navorser is van mening dat die genesing van sodanige skaamte vereis dat hegemonie uitgedaag word en die feit dat hierdie taak dikwels nagelaat word, daartoe aanleiding gee dat sommige mense uitgesluit word.

Die *common sense* van die dominante groep sal waarskynlik ook sekere idees omtrent manwees insluit. Die man wat om een of ander rede nie daartoe in staat is om te voldoen aan die verwagtings wat met hierdie idees omtrent manwees geassosieer word nie, word ook meestal deur die prediker alleen gelaat wat betref die interpretasie van sy ervarings en die uitwerk van ‘n plek vir homself in die wêreld. In so ‘n geval sal die betrokke man waarskynlik ervaar wat soos volg deur Neuger & Poling (1997:235) beskryf word: “*the church itself has deeply colluded with the very structures we have named to be at the heart of the destructiveness in men’s lives.*”

Dit wil vir die navorser voorkom dat die huiwering om hegenomie uit te daag, neerkom op ‘n kompromie tussen hegenomie en die Bybelteks. Volgens Cilliers (2004:211) kort kompromieë kreatiwiteit in. Kreatiewe prediking soek juis na die teenstelling tussen teks en werklikheid, na die botsing van belange, ten einde die werklikheid te verander en te buig in die rigting van die wêreld van God waarvan die Bybelteks getuig. Dit is juis so ‘n buiging van die werklikheid wat,

volgens die navorser se oordeel, nodig is om stereotipes ten opsigte van geslagtelikheid en ander vorme van strukturele sonde aan te spreek ten einde die lewe draagliker te maak vir diegene wat daardeur onderdruk word. Die navorser is verder van mening dat die huiwering om hegenomie uit te daag, ooreenstem met die tweede en derde stap van die hermeneutiese sirkel van Segundo waarna daar in afdeling 3.4 verwys is en wat daarom gaan dat die teologiese tradisie en Bybelse eksegese tot ‘n groot mate deur die dominante groepe in die samelewing beïnvloed is. Daar sal in die volgende afdeling aangetoon word dat die huiwering om hegenomie uit te daag, tot ‘n groot mate die eintlike bedoelings van die Bybelteks ondermyn.

Wat die homogene kerkeenheid as sleutel tot die sukses van die kerk betref, is die navorser van mening dat die liggaamsmodel daardeur aangetas word. Die klem verskuif vanaf insluiting ten spyte van verskille en die deel in mekaar se lyding en vreugde na funksionaliteit en strukture wat daarop ingestel is om funksionaliteit te bevorder. Gevolglik word mense ingeforseer by strukture wat vir sommige mense pynlike konsekwensies kan inhou, veral vir diegene wie se ervarings nie met die *common sense* van die dominante groep versoen kan word nie. Daar is in afdeling 3.8 reeds verwys na die moontlikheid dat kleiner groepe vir sommige persone (veral mans) pynlike ervarings kan inhou. Prediking wat daarop ingestel is om mense op te roep om in te skakel by strukture wat die effektiewe funksionering van die gemeente ten doel het, kan dus daartoe bydra om sommige mense in ‘n ongemaklike posisie te plaas.

Daar kan ook nog verder tot ongemaklikheid bygedra word deur preke wat, soos Cilliers (1996:75) dit stel, mense telkens en sonder sukses oproep tot ‘n soort missionêre aktiwiteit wat benewens die alledaagse ook nog kerklik religieuse diens vereis sonder dat daar in ag geneem word dat daar ‘n verskeidenheid van gawes is. Sodoende word hoorders ooreis en oorvra. Nel (2003:27) wys daarop dat die druk wat baie predikante uitoefen op mense om tog “betrokke” te raak by die kerk, getuig van ‘n totale onbegrip vir die mense wat regtig probeer om hulle gesinne bymekaar te hou te midde van ‘n rowwe wêreld. Die navorser is van mening dat die kerk op hierdie manier nog ‘n mededinger is in ‘n reeds mededingende wêreld eerder as dat die mededingendheid wat vir so baie mense se lewens destruktiewe gevolge inhou, uitgedaag word deur die kerk.

Die navorser is verder van mening dat preke wat daarop ingestel is om mense op te roep om dinge te doen en in te skakel by strukture en aktiwiteite wat tot die gemeente se voordeel is, die moontlikheid inhou om manipulerend te wees en dat sodanige manipulasie onbewustelik daarop ingestel is om die individu by hegenomie in te trek eerder as om hegenomie uit te daag sodat sekere individue ingesluit kan word. Bybeltekste wat selektief aangewend word, kan nuttig wees ten opsigte van manipulasie. Daar sal in die volgende afdeling verder aandag gegee word aan die moontlikheid dat die selektiewe gebruik van Bybeltekste tydens prediking, daartoe kan bydra om sommige mense te marginaliseer. Daar sal in afdeling 4.7.4 aandag gegee word aan ‘n preek waarin daar, volgens die navorser se oordeel, ‘n manipulerende element aanwesig was.

4.4 Die selektiewe gebruik van Bybeltekste

Deist (1990:135) haal van der Lingen soos volg aan: ”*To test … a view against the Word of God is something different from using the Word to add power to a view one already holds and which one does not intent to abandon.*” Met hierdie gedagte as vertrekpunt, sal daar in hierdie afdeling aandag gegee word aan die konflik wat daar, volgens die navorser se oordeel, bestaan tussen dit wat vir hom voorkom as die bedoeling van die Bybelteks en die manier waarop die Bybelteks dikwels tydens prediking gebruik word.

Volgens Long (1989:50) evaar die kerk telkens wanneer hy na die Skrif gaan, dat hy gevoed en bekragtig word deur Christus en dat sy identiteit her-vorm word. Volgens McClure (2001:25-26) staan die Bybelse kanon nie uitskrapping teen nie, maar verwelkom dit eerder. Daarom staan die Bybel nie in diens van ‘n bepaalde identiteit nie, maar dit skrap eerder identiteit uit ten einde ander in te sluit. Daar is volgens die navorser se oordeel ‘n voorbeeld van sodanige uitskrapping te vind in Handelinge 8 waar Filippus met ‘n Etiopiër in gesprek is. Volgens González & Gonzélez (1994:98) was hierdie Etiopiër ‘n man wat deur die Wet veroordeel is om vir altyd ‘n buitestaander te bly aangesien die Wet bepaal dat iemand wat ontman is, nie ‘n lid van die gemeente van die Here mag wees nie (Deut. 23:1). Hierdie man het na Jerusalem gekom om te aanbid, maar die Wet sluit hom uit van aanbidding. Wanneer hy en Filippus by water kom, vra hy aan Filippus die vraag “*Hier is water. Wat verhinder dat ek gedoop word?*”

(Hand 8:36). Volgens die tradisionele gebruik van die Skrif sou die antwoord eenvoudig wees: *Deut 23:1*. Volgens Filippus se gebruik van die Skrif in die lig van die evangelie, is die antwoord egter "*Niks*".

Dit wil vir die navorser voorkom dat die uitskrapping en her-vorming van identiteit wat deur die Bybelteks bewerkstellig word, nuwe wêrelde open wat mense wat andersins uitgesluit sou wees, nader trek en insluit. Dit bied hoop en werk mee aan die verandering van mense wat volgens Cilliers (2004:110) die diepste bedoeling van Bybeltekste is. Hegenomie waarna daar in die vorige afdeling verwys is, word ook op hierdie manier uitgedaag. Dit wil egter vir die navorser voorkom dat hierdie bedoelings dikwels tydens prediking gemis word omdat daar nie voldoen word aan 'n sekere vereieste wat deur Long (1989:58) genoem word nie, naamlik dat predikers nie vooraf moet besluit wat die preek gaan sê nie, maar moet toelaat dat die teks hulle verras en selfs hulle verwagtings skend. Dit wil eerder vir die navorser voorkom dat predikers dikwels Bybeltekste gebruik om ondersteuning te bied aan sekere gedagtes waaroor daar vooraf besluit is om oor te preek of om bestaande standpunte te regverdig. Daar sal in afdeling 4.7.1 aandag gegee word aan 'n preek waar die prediker, volgens die navorser se oordeel, sekere tekste gebruik het om idees omtrent menslike potensiaal te ondersteun eerder as dat die teks die doel en inhoud van die preek bepaal het. Dit is hoogs waarskynlik dat hegenomie op hierdie manier ondersteun eerder as uitgedaag sal word. Sodoende word die persoon wie se ervarings nie met die *common sense* van die dominante groep in die samelwewing ooreenstem nie, uitgesluit eerder as dat daar nuwe wêrelde geopen word waardeur so 'n persoon gehelp word om vir hom/haar 'n plek in die wêreld uit te werk.

Volgens Cilliers (2004:105-106) is die dik stroom van moralisme wat steeds deur die prediking in Suid-Afrika loop, 'n simptoom van die feit dat predikers die teks te gou verlaat of dalk nooit werklik besoek het nie. Die navorser is van mening dat die Skrifbeskouing van Afrikaner Calvinisme moontlik 'n aandeel het aan hierdie geneigdheid van predikers om die teks te gou te verlaat. Deist (1990:131) wys daarop dat Afrikaner Calvinisme gekenmerk is deur 'n sterk oortuiging van objektiwiteit wat alle vorme van skeptisisme verwerp. Daarom behoort die Bybel geneem te word soos dit homself aanbied, dit is in sy letterlike betekenis en moet daar

onvoorwaardelik gebuig word voor die gesag van die Heilige Skrif. Indien hierdie Skrifbeskouing in aanmerking geneem word, is die navorser glad nie verbaas dat die tradisionele Afrikaanse kerke soveel bygedra het tot stereotipes van manwees wat tot die marginalisasie van sommige mans bygedra het nie, soos reeds is afdeling 2.2 aangetoon is. Nel (2003:122) wys daarop dat die hantering van die Bybelteks die kern van die probleem is wat kerkverlating betref. Die kerk het as gevolg van die hantering van die uitleef van die boodskap van die Bybel sy hand oorspeel met die gevolg dat baie mense van die kerk vervreemd geraak het.

Die selektiewe gebruik van Bybeltekste hou ook die moontlikheid in dat die Bybelteks geatomiseer kan word. Dit beteken volgens Cilliers (2004:76) dat klein gedeeltes daaruit uit hulle verband aangehaal word. Daar sal in afdeling 4.7.2 aandag gegee word aan ‘n preek waartydens daar, volgens die navorser se oordeel, ‘n sekere teksvers geatomiseer is. Die atomisering van die Bybelteks kan moontlik tot onmoontlike eise aanleiding gee, onder andere ten opsigte van vergifnis. Dreyer (2005:30) wys daarop dat ‘n rigiede manier van omgaan met Skrifgedeeltes oor vergifnis ondraaglike laste lê op mense en skadelik is vir getraumatiseerde persone. Volgens die navorser se oordeel, is so ‘n benadering ‘n voorbeeld van ‘n moralistiese benadering ten opsigte van houdings en gesindhede waaraan daar in die volgende afdeling aandag gegee sal word.

4.5 Moralistiese benaderings ten opsigte van houdings en gesindhede

Volgens Cilliers (2004:75 e.v.) verander talle predikers die evangelie in ‘n moralistiese oproep tot selfverbetering. In moralisme moet ons God as’t ware teenwoordig stel, sy Woord aktiveer, self die verlossing bewerkstellig. Die taalstruktuur daarvan word deur voorwaardelike sinskonstruksies gekenmerk. God se handelinge word nie so uitgespreek dat mense op grond daarvan kan handel nie, maar afhanklik gemaak van mense se handelinge. Dis nie meer God wat deur sy handeling ‘n situasie skep nie, maar mense wat ‘n situasie moet herskep om God te laat handel.

Volgens Dreyer (2005:30) impliseer ‘n moralistiese benadering tot vergifnis dat mense aan bepaalde voorwaardes moet voldoen om toegang te verkry tot God se koninkryk. Slagoffers van geweld voldoen moeilik aan hierdie voorwaardes. Hulle is reeds deur die geweldenaar tot

slagoffer gemaak. Nou kry hulle die opdrag om te vergewe. Of hulle dit regkry of nie, is bepalend vir hulle eie vergifnis en toegang tot God se koninkryk. Die teologiese “oplossing” wat aangegee word, is die kruisdood van Jesus. Omdat Hy dit gedoen het, is vergifnis moontlik. Hierdie “oplossing” maak dit vir ‘n slagoffer nog moeiliker. Die “ons” in die Ons Vader gebed is volgens Dreyer (2005:31) volgelinge van Jesus wat die opdrag kry om te vergewe nadat hulle self heel geword het en vergewe is. Indien ‘n persoon nog nie heel is nie, moet die verhaal eers vertel word en erkenning gegee word daaraan dat ‘n skreiende onreg plaasgevind het. Daarna kan die persoon deur psigologiese prosesse wat tyd neem, tot heelheid kom. Dan eers geld die opdrag om te vegewe. Slagoffers van geweld word nie uitgesluit uit God se genade omdat hulle sukkel om te vergewe nie of selfs omdat hulle moeite het om te glo nie. Volgens Poling (1997:158) is die betekenis van vergifnis deur die Christelike kerke so goedkoop gemaak dat dit ten opsigte van genesing en versoening tussen mense, deel geword het van die probleem eerder as van die oplossing. Vergifnis behoort gesien te word as een van die laaste stappe in die proses van genesing wat onder meer rou insluit. Die feit dat rou deel is van die proses wat nodig is om by werklike vergifnis uit te kom, dien vir die navorser as bevestiging dat die weeklaag ‘n plek behoort te hê tydens prediking om sodoende daartoe by te dra om mense met die rouproses te help.

‘n Ander manier om vergifnis op ‘n moralistiese wyse te benader, is dié waarna Nel (2003:47) verwys, naamlik dat berou as voorwaarde vir vergifnis gestel word. Die navorser is van mening dat dit soms vir iemand moeilik kan wees om berou te toon vanweë pyn wat ervaar word. Sodanige pyn het waarskynlik ook ‘n invloed uitgeoefen wat betref die misstap wat begaan is. Genesing van daardie pyn is dus nodig om uiteindelik berou te kan hê. Vergifnis wat onvoorwaardelik ontvang is, behoort ‘n belangrike bydrae te lewer ten opsigte van genesing van pyn en die berou wat daarop volg. Dit wil dus vir die navorser voorkom dat berou ‘n uitvloeisel is van vergifnis wat onvoorwaardelik ontvang is, eerder as ‘n voorwaarde vir vergifnis.

Daar sal in afdeling 4.7.3 verwys word na preke wat die indruk skep dat ‘n mens se houding iets is waaroor jy die volle beheer het. De Klerk (2007:193) wys egter daarop dat dit moeilik is om houdings te verander aangesien so ‘n verandering nuwe maniere van dink vereis. Die navorser

is verder van mening dat onverwerkte pyn ‘n invloed op mense se houdings uitoefen en dikwels ook tot gevoelens van onwaardigheid aanleiding gee. Lindhardt (2007:117 e.v.) wys daarop dat sommige teoloë sulke gevoelens van onwaardigheid as sonde beskou omdat dit neerkom op ‘n gebrek aan vertroue in God. Die feit is egter dat sulke gevoelens dikwels die gevolg is van die sosiale onderdrukking van individue en groepe. Redenasies oor vergifnis sal in so ‘n geval nie vir die slagoffers ‘n sinvolle boodskap inhou nie. Voldens die navorser se oordeel, is dit nodig dat daar ten opsigte van houdings en gevoelens van onwaardigheid rekening gehou moet word met die onderskeid tussen eerste orde verandering en tweede orde verandering waarna Dreyer (2005:29) verwys. Eerste orde verandering is wanneer die persoon verander, maar die sisteem onveranderd bly, terwyl die tweede orde verandering gaan oor die verandering van die sisteem self. Alles is anders want die persoon en die sisteem het verander. Die navorser is van mening dat preke wat mense tot ‘n houdingsverandering oproep, meestal ‘n eerste orde verandering vereis terwyl ‘n tweede orde verandering in werklikheid nodig is. Sodoende word daar ‘n onmoontlike eis aan die individu gestel terwyl die sisteme wat moet verander nie aangespreek word nie en die pyn wat deur die betrokke sisteme veroorsaak word buite rekening gelaat word. Dit is, volgens die navorser se oordeel, juis nodig dat daar verandering ten opsigte van die maniere van dink oor manwees nodig is om sommige mans se houding te verander.

Die gedagte wat deur Paulus genoem word in Galasiërs 2:19-20 waar hy sê “*Ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe*”, beteken, volgens die navorser se oordeel, nie dat jy as mens ophou om te bestaan en dat jou eie belange en die pyn wat jy moontlik ervaar, nie meer tel nie. Dit is, volgens die navorser se oordeel, eerder ‘n getuienis van die feit dat Christus aan ‘n mens se lewe ‘n besondere betekenis gee wat ‘n verskil maak aan jou manier van lewe. Hierdie verskil gee daartoe aanleiding dat jy die gesindheid van Christus waarvan Paulus in Filippense 2:5 praat, al hoe meer begin te weerspieël. Om Christus se gesindheid te weerspieël is dus ‘n uitvloeisel van die betekenis wat Christus aan ‘n mens se lewe gee eerder as iets wat ‘n mens self eers moet regkry om jou van God se teenwoordigheid te verseker. ‘n Mens se gesindheid kan egter deur pyn geblokkeer word. Daarom is dit nodig dat pyn verwerk moet word in die lig van die betekenis wat Christus aan ‘n mens se lewe gee en die feit dat Hy Hom met jou pyn

geïdentifiseer het. Dit is juis hierdie betekenis wat gemis word indien ‘n verandering in houding of gesindheid as voorvereiste vir die werk van God gestel word, soos wel gebeur het tydens ‘n preek waana daar in afdeling 4.7.3 verwys sal word.

4.6 Ophelderende materiaal

Long (1989:157) wys daarop dat daar in preke versigtig te werk gegaan moet word met die manier waarop daar van stories, voorbeelde en beelde gebruik gemaak word. Daar is baie faktore waarmee rekening gehou moet word. Die stories, voorbeelde en beelde het nie net ‘n invloed op die boodskap wat gekommunikeer word nie, maar dit kan ook op verskillende maniere ‘n uitwerking op die hoorders hê.

Wat stories betref, wys Long (1989:171) daarop dat verhale oor vergifnis, versoening, bevryding, oorwinning en beantwoorde gebede beslis in preke ingesluit behoort te word, maar dat dit op so ‘n manier gedoen moet word dat die volgende nie daardeur gekommunikeer word nie: “*And if you only could think more clearly, work more diligently, believe more deeply, trust more fully, these realities would be completely in your grasp as well.*” Andersen (2007:204) wys daarop dat die logiese gevolgtrekking dat mense wat vir God aanroep minder behoort te ly as diegene wat dit nie doen nie, al baie mense se geloof in God vernietig het.

Volgens Long (1989:176) behoort predikers besorg te wees oor die kummulatiewe effek van hulle ophelderende materiaal. Indien daar week na week na dieselfde tipe ervarings verwys word, kan dit op die lange duur daartoe aanleiding gee dat diegene op wie dit nie betrekking het nie, uitgesluit word. Predikers moet veral versigtig wees dat hulle ophelderende materiaal nie net die ervarings weerspieël van mense soos hulle wat soos hulle na die wêreld kyk nie. In hierdie veband wys Long (1989:177) daarop dat indien daar byvoorbeeld net na die lewe binne die gesin verwys word, die indruk geskep kan word dat dit buite die Christelike norm is om enkellopend te wees. Verder bestaan daar die moontlikheid dat stereotipes ten opsigte van geslagtelikheid versterk kan word, byvoorbeeld deur gereeld stories te vertel oor mans wat vrouens wat probleme het, help.

Beelde wat gebruik word om God mee te beskryf, kan natuurlik daartoe bydra om aan sekere idees omtrent manwees ondersteuning te bied. Neuger & Poling (1997:31) noem die volgende in hierdie verband:

> "*Images of God that combine authority, power, rationality, protectiveness of others, kingship, dependability, righteous anger, maleness, and fatherhood have a formative and normative impact on definitions of manhood and masculinity*."

Die beelde wat gebruik word om God mee te beskryf, hou egter nie net vir mans implikasies in nie, maar kan ook daartoe bydra dat vroue uitsluiting ervaar. Neuger & Poling (1997:31) noem die volgende in laasgenoemde verband:

> *"the father image of God is always somewhat irrelevant to women in that they cannot reflect having been created in the divine image, as can men, when God is exclusively named father."*

Daar sal in afdeling 4.7.5 aandag gegee word aan twee gevalle waartydens daar stereotipes ten opsigte van geslagtelikheid in die preek neerslag gevind het deur middel van die ophelderende materiaal waarvan gebruik gemaak is en daar sal in afdeling 4.8 verwys word na 'n geval waar die beeld van God as vader vir 'n sekere persoon besonder problematies behoort te wees.

4.7 Preekvoorbeelde

In hierdie afdeling sal daar gepoog word om aan te toon dat die moontlike maniere waarop prediking sekere mense kan uitsluit, nie net teoreties moontlik is nie, maar dat daar in die praktyk van prediking sekere dinge opduik wat, volgens die navorser se oordeel, tot die uitsluiting van sommige mense kan bydra. Daar sal vir die doel gebruik gemaak word van sekere waarnemings wat deur die navorser gemaak is tydens eredienste waaraan hy deel gehad het en van die kommentaar wat op sekere preke gelewer is en in publikasies opgeneem is. Afdeling 4.7.1 is langer as die res van die sub-afdelings aangesien daar vir die preek waaroor dit daar gaan, 'n blaadjie beskikbaar was wat andersins nie die geval was nie. Die voorbeelde wat volg sou uitgebrei kon word, en is hier slegs voorgehou as voorbeelde van tipes taalgebruik wat, bewustelik of onbewustelik, meewerk aan stigmatisering en uitsluiting.

4.7.1 Preke wat klem plaas op menslike potensiaal sonder om die sondige aard van die mens genoegsaam in aanmerking te neem

'n Preek waarby hierdie tendens voorgekom het, het soos volg begin: "*By Jesus se doop hoor ons God vir Hom sê: Jy is my geliefde kind; Ek is bly oor wie jy is. Dit is ook op ons van toepassing. Ons is van God se kinders, 'broers en susters van Jesus', mense wat geskep is as 'beeld van God'."* Die navorser is van mening dat die prediker reeds op hierdie stadium die sondige aard van die mens nie genoegsaam in aanmerking neem nie. 'n Uitspraak wat op 'n bepaalde historiese moment op 'n sekere sondelose Persoon betrekking gehad het, word van toepassing gemaak op mense wat dikwels die Heilige Gees bedroef vanweë hulle sondige aard en die effek wat dit op hulself en ander mense het.

Die preek vervolg dan soos volg: "*Die probleem is: ons dink dikwels nie so oor onsself nie. Ons sukkel om regtig positief te wees oor hierdie 'pakkie' wat 'ek' is. Immers, daar is soveel beter en mooier 'pakkies'! ... Sulke denke blokkeer my potensiaal as mens. Baie mense is die slagoffer van negatiewe denke oor hulself. Dit affekteer dikwels my hele lewe: my akademiese vordering; of ek bereid is om risiko's te neem; my lewensgeluk; my persoonsgroei as mens... Dit weerhou my daarvan om te groei as 'heel mens'. Terwyl ek die potensiaal het.*" Alhoewel die navorser dit nie wil ontken dat negatiewe denke oor jouself 'n effek kan hê op die verwesenliking van jou potensiaal as mens nie, ag hy dit noodsaaklik dat daar in gedagte gehou moet word dat daar ook nog ander faktore kan wees wat die verwesenliking van 'n mens se potensiaal kan beïnvloed. Die sondige aard van 'n mens wat in die pad staan van God se bedoeling met jou lewe, is 'n faktor wat beslis nie buite rekening gelaat kan word nie. Die effek wat die sondige wêreld waarin jy lewe op jou as mens het en die pyn wat dit dikwels tot gevolg het, kan ook nie buite rekening gelaat word nie. Daar is byvoorbeeld in afdeling 2.7 gewys op die pyn wat mans soms so diep na binne gekeer het dat dit 'n invloed op hulle lewens uitoefen waarvan hulle soms nie eers bewus is nie. Negatiewe denke oor jouself is dus beslis nie die enigste faktor wat die verwesenliking van 'n mens se potensiaal kan blokkeer nie.

Die preek gee verder aandag aan die invloed wat negatiewe denke oor jouself op 'n mens se verhoudingslewe het. Daar word in hierdie verband ook na die huwelik verwys en daar word

onder andere die volgende genoem: ”*Jy is nie ‘n ‘halwe’ nie, maar ‘n ‘hele’. Jy is nie in die eerste plek iemand se potensiële wederhelf nie – jy is mens in eie reg! Soos jy is, is jy beeld van God (Gen 1), is jy wonderbaarlik geskep (Ps 139:13-15); jy is ‘n unieke ‘pakkie’ as mens*.” Die manier waarop daar slegs op hierdie stadium en reg aan die begin van die preek na Bybeltekste verwys is, laat die navorser wonder tot watter mate die doel en inhoud van die preek deur die prediker se omgang met die Bybelteks bepaal is.

Daar word verder ook in die preek daarop gewys dat ‘n mens nie moet dink dat daar met jou fout is omdat jy nie getroud is nie. Daar word verder gewys op die feit dat ‘n groot persentasie mense enkellopend is en dat daar *websites*, boeke en inisiatiewe is wat op die behoeftes en situasie van enkellopende mense gefokus is. Daar word verder gewys op voorligting wat belangrik is vir die lewensvaardighede wat nodig is vir elke situasie en lewensfase. Die navorser moet toegee dat die preek wel ‘n bydra lewer ten opsigte van nuwe maniere van dink oor manwees, maar dit was sy ervaring dat dit gedoen is op ‘n manier wat by die pyn en ontberings wat dikwels deur enkellopende mans ervaar word, verbygaan.

Die preek is soos volg afgesluit: “***laat die Here en die Bybel toe*** *om jou te help dat jy die regte prentjie van jouself sal hê... Aanvaar hierdie ‘pakkie’ wat ‘Jy’ is... en* ***word*** *al meer die mens wat God van jou kan en wil maak: of jy getroud is of nie*.” Volgens die navorser se oordeel is daar ‘n sterk ooreenkoms tussen die manier waarop hierdie preek afgesluit is en ‘n gedeelte van ‘n preek waarna Cilliers (2006:48) verwys en wat soos volg lui: “***Become*** *more inspired every day and show more enthusiasm every moment for eternal and unseen things...* ***Allow*** *a divine power to flow from you into society and the world in which you live*.” Die navorser is van mening dat die volgende kommentaar wat op die laasgenoemde preek gelewer word, ook op die eersgemoemde preek van toepassing gemaak kan word: *“The preacher means well, but is heartless. An absolute demand confronts the congregation... Nowhere in the sermon is this imbedded in the theological context and promises of the gospel. Rather, the congregation is left with the impossible... This might qualify as a motivational speech, but, in my opinion, not as the Gospel!*”

Die navorser is van mening dat die aanvaarding van die "pakkie" wat "jy" is 'n onmoontlike eis is indien dit slegs gebaseer is op positiewe denke oor jouself. Die "pakkie" sluit immers sonde in wat in die pad staan van God se bedoeling met jou as mens. Daar bestaan verder die moontlikheid dat die pakkie pyn kan insluit wat jou as mens op een of ander wyse beïnvloed, sonder dat jy dit werklik besef. Dit is eerder nodig dat die lig van die evangelie op daardie "pakkie" laat val moet word. Omdat daar in die preek by die gekruisigde Christus verby gekyk is, is gebroke mense ook misgekyk (vgl Cilliers 2006:56). Mense wat vanweë hulle gebrokenheid en die besef van hulle sondige aard nie die "pakkie" net sonder meer kan aanvaar nie, word deur die eis wat gestel word, uitgesluit ten spyte van die prediker se goeie bedoelings om hulle in te sluit.

4.7.2 'n Preek waartydens die Bybelteks geatomiseer is

Tydens 'n preek met die tema *Uitdagings (vir 2008): So doen jy dit* het die prediker Filippense 3:13 aangehaal waar Paulus sê "*Ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is"* en daarna gesê: "*Ek sal nie toelaat dat enigiets wat met my gebeur het in 2007 my lewe in 2008 beïnvloed nie*." Die navorser is van mening dat die betrokke teks op hierdie manier geatomiseer is deurdat die teksvers buite sy verband aangehaal is.

Volgens Malina & Neyrey (1996:54-55) gaan dit in Filippense 3 daarom dat Paulus die dinge wat vroeër vir hom roem ingehou het, soos om te lewe as 'n Isrealiet wat opstaan vir dit waarin hy glo en onberispelik en vol ywer vir die Wet is, prysgegee het ter wille van die heerlikheid wat meegebring word deur gelykvormigheid aan die opstanding van Christus. Indien Filippense 3:13 in samehang met hierdie gedagte gelees word, gaan dit dus om dinge wat vroeër vir Paulus van betekenis was, maar wat hulle betekenis verloor het omdat iets anders vir hom betekenis gekry het wat van groter waarde is. Die navorser is van mening dat daar in hierdie teks 'n stuk getuienis opgesluit is aangaande God se werk wat vir Paulus 'n nuwe bestaanwyse moontlik gemaak het. Dit is iets heeltemal anders as dat jy nie moet toelaat dat iets wat in die verlede met jou gebeur het, jou lewe in die toekoms beïnvloed nie.

Om nie toe te laat dat iets wat in die vorige jaar met jou gebeur het jou lewe beïnvloed nie, is inderdaad ‘n onmoontlike eis, veral as die onbewuste invloed van onverwerkte pyn as ‘n moontlikheid in gedagte gehou word.

4.7.3 Preke wat hoorders op ‘n moralistiese wyse oproep om hulle houding te verander

Dit het die navorser taamlik ontstel toe hy tydens ‘n preek gehoor het dat die prediker opmerk dat ‘n mens die produk van jou keuses is. Dit is in die eerste plek nie in ooreenstemming met die werklikheid nie. Die feit dat daar faktore is wat op jou ‘n invloed uitoefen waarvan jy self nie eers bewus is nie, is ‘n realiteit wat nie ontken kan word nie. Die kragtige mengsel van hartseer en woede wat dikwels by mans so diep weggebêre is dat hulle die invloed daarvan op hulle lewens nie besef nie, is ‘n voorbeeld daarvan. Tweedens in die opmerking nie in ooreenstemming met die evangelie nie. Die evangelie word juis mooi saamgevat in die volgende woorde van ‘n sekere lied: “*Voordat ek kon kies, kon vra, het u Seun my vloek gedra. Ek kon vind: U’t my gekry voor ek nog my skuld bely.*” (Lied 190:2)

Cilliers (1996:54) verwys na ‘n preek waarin daar, volgens die navorser se oordeel, iets soortgelyks deurkom as die opmerking dat ‘n mens die produk van jou keuses is. In die betrokke preek word daar onder meer die volgende gesê: “*Maar weet u wat kán verander: jou houding kan verander. En jou verhouding verander as jy anders begin dink oor die lewe … Vanmôre wil die Here hê dat jy moet ook op ‘n sekere manier oor die lewe dink. En as jy vanmôre gaan dink oor die lewe soos wat God wil hê dat jy moet dink, gaan dit kleur aan jou lewe gee, dan gaan jy ‘n verskil maak in die lewe … Liewe toehoorder, die lewe is wat jy en ek daarvan maak. Kom ons soek na moontlikhede in die lewe.*”

Die feit dat daar baie faktore is wat ‘n mens se manier van dink op ‘n komplekse manier beïnvloed, is duidelik nie in aanmerking geneem deur die prediker wat in die voorafgaande preek aan die woord was nie. Dit wil verder vir die navorser voorkom dat die faktore wat op ‘n mens se houding ‘n invloed uitoefen, gevolglik ook nie genoegsaam in aanmerking geneem word nie. Laasgenoemde kan ook gesê word van ‘n preek waartydens die navorser die prediker hoor sê het dat God ‘n mens kan en wil verander, maar dat dit verhinder kan word deur sekere blokkasies. Een van hierdie blokkasies is ‘n mens se houding sodat dit nodig is dat ‘n mens jou

houding moet regkry. Die navorser is egter van mening dat ‘n mens se houding so deur jou sondige natuur aangetas is dat dit deel uitmaak van dit wat deur God verander moet word. Dis eerder die geval dat ‘n mens se houding geblokkeer kan word deur pyn waarvoor daar genesing nodig is as dat ‘n mens se houding ‘n blokkasie is waardeur God se werk belemmer word.

Die navorser is van mening dat preke wat hoorders op ‘n moralistiese wyse oproep tot sekere houdings en gesindhede in die eerste plek die moontlikheid inhou om uit te loop op wat Cilliers (1996:73) noem *simplistiese oplossings wat nie die kompleksiteit van die werklikheid verreken nie.* Dit maak hoorders óf verbete om weer te probeer en dié keer te slaag, of moedeloos as die resep in hulle geval nie werk nie – wat nogal dikwels gebeur. In die tweede plek hou sulke preke ook die moontlikheid in dat daar met ‘n verdraaide siening van God se posisie vorendag gekom kan word. Hy word óf uitgeskakel, óf Hy word voorgestel as iemand wat van mense se handeling, houdings en maniere van dink afhanklik is.

4.7.4 ‘n Preek met ‘n manipulerende element

Na aanleiding van die verhaal van die Emmausgangers in Lukas 24:13-35 het die prediker daarop gewys dat ‘n mens soms voel dat God nie by jou is nie vanweë die probleme waarmee jy worstel, terwyl Hy in werklikheid by jou is. Daarna is daar, na aanleiding van die Emmausgangers se voorbeeld, drie dinge genoem wat ‘n mens behoort te help om van God se teenwoordigheid bewus te bly, naamlik dat ons ons gedagtes met die Here se dinge moet vul, sy Woord moet ken en na ander moet uitreik. Dit is veral met die laasgenoemde wat die navorser ‘n probleem het aangesien dit, volgens sy oordeel, eerder as ‘n uitvloeisel van die ervaring van God se teenwoordigheid gesien moet word. Christus het immers op eie inisiatief met die Emmausgangers begin saamstap en met hulle gepraat sodat “hulle harte warm geword het”. Hulle uitnodiging aan Hom om by hulle tuis te gaan, was ‘n reaksie daarop.

Teen die einde van die preek moes die hoorders op ‘n stukkie papier neerskryf wat hulle prakties in die komende week gaan doen om na ander uit te reik en dit dan in die kollektebordjie plaas. Daar is aan hierdie opdrag toegevoeg dat ouderdom, jeug of te min tyd nie ‘n verskoning is nie. Die navorser het hierdie stap as ietwat manipulerend ervaar. Daar is sodoende druk op die hoorders geplaas om inisiatief te neem ten einde iets te doen wat

soortgelyk is aan dit wat die Emmausgangers gedoen het in reaksie op iets wat op Christus se inisiatief gebeur het. Die navorser is verder van mening dat sodanige druk problematies kon wees vir sommige mense, veral vir diegene wat met isolasie worstel, soos dit by baie mans die geval is.

4.7.5 Gevalle waartydens daar stereotipes ten opsigte van geslagtelikheid in die preek neerslag gevind het deur middel van die ophelderende materiaal waarvan gebruik gemaak is

Tydens ‘n preek oor *die kerk as koninklike priesterdom* na aanleiding van 1 Petrus 2:9, het die prediker begin deur ‘n paar dinge te noem wat die kerk nie is nie. Dit het onder meer ingesluit dat die kerk nie net ‘n liefdesgemeenskap is nie en ook nie net ‘n sending- of welsynsorganisaie is nie. Om op eersgenoemde uit te brei, het die prediker die volgende opmerking gemaak: “*Stellenbosch is ‘n eensame plek en die mense wat ek die meeste jammer kry, is die ongetroude dames.*” Die navorser is van mening dat daar in hierdie opmerking ‘n mate van stereotipering ten opsigte van geslagtelikheid opgesluit is. Dit skep eerstens die indruk dat ‘n ongetroude dame noodwendig in ‘n bejammerenswaardige posisie is. Daar is egter in afdeling 2.3.1 daarna verwys dat vroue wêreldwyd toenemend kies om nie te trou nie en hulle lewens om hulself te bou en dikwels ook rondom hulle werk. Die gevolg daarvan is dat mans toenemend ‘n alleenpad moet loop wat vir hulle nadelige gevolge kan inhou. Laasgenoemde word, volgens die navorser se oordeel, misken deur die opmerking deur die prediker.

‘n Tweede geval waar daar, volgens die navorser se oordeel, stereotipering ten opsigte van geslagtelikheid neerslag gevind het, was tydens die kindertyd op ‘n Pinkstersondag. ‘n Harde spons wat eers natgemaak moes word en ‘n vuil lap wat eers gewas moes word, is gebruik om die werk van die Heilige Gees in mense se lewens te verduidelik. Terwyl dit gebeur het, het die prediker op ‘n stadium gesê: “*jou pa se motor was*”. Hierdie woorde veronderstel dat daar ‘n pa in die huishouding teenwoordig is, dat die pa ‘n motor besit en dat die pa die eienaar is van die motor waaroor die gesin beskik. ‘n Kind by wie enige van hierdie veronderstellinge nie die geval is nie, kon as gevolg daarvan ‘n mate van uitsluiting ervaar het. Verder bestaan daar die moontlikheid dat daar in die gemeente ‘n pa kon wees wat nie ‘n motor besit nie sodat die gesin nie oor ‘n motor beskik nie of die ma is die eienaar van die motor. Laasgenoemde is

natuurlik nie onmoontlik nie, veral nie in die lig van die huidige situasie in die arbeidsmark nie. So ‘n pa wat nie ‘n motor besit nie, kon moontlik ervaar het dat hy nie genoegsaam man is nie na aanleiding van die woorde wat die prediker gebruik het.

In hierdie sub-afdeling is daar aandag gegee aan dinge wat tydens preke gesê is en eintlik onnodig was, maar wat nogtans op sekere mense ‘n negatiewe uitwerking kon hê.

4.8 Kerkwonde

Dit wil vir die navorser voorkom dat prediking en ander situasies binne die kerk op sekere stadiums op sommige mense ‘n uitwerking kan hê wat vir hulle erg pynlik is. Jackson (2007:29) noem die volgende in hierdie verband: “*There are many wonderful Christians out there who have been broken in the house of the Lord. It’s a tragedy to think that they’re carrying unheard grievances and disappointments*.”

Volgens Jackson (2007:24 e.v.) is daardie wonde wat binne die kerk opgedoen is gewoonlik baie diep wonde wat lank neem om te genees, juis omdat ‘n mens nie verwag om binne die kerk seer te kry nie. Die kerk is immers veronderstel om ‘n plek van genesing en aanvaarding te wees. Terwyl daar na genesing en aanvaarding gesoek word, stel mense hulself op so ‘n manier bloot dat die wonde in baie kwesbare areas opgedoen word. Diegene wat so verwond is, is dikwels geneig om kritiek teen die kerk te lewer teenoor enigeen wat bereid is om te luister omdat hulle ervaar dat hulle nie binne die kerk gehoor word nie.

Nel (2003:78) wys daarop dat daar soms baie min genade in die kerk is. Wanneer iemand na vore kom met die pyn in sy of haar lewe word hulle eenkant toe geskuif. Verder wys Nel (2003:100) daarop dat mense dikwels van die kerk se kant af ‘n styl beleef wat daarop neerkom dat wat jy is en hoe jy leef jou uitsluit, met die gevolg dat mense wat nie soos die ander is nie, uitgesluit word. Die kerk is nie vir sulke mense ‘n tuiste nie, maar eerder ‘n plek waar hulle ontuis voel.

Daar is in afdeling 4.5 verwys na die moontlikheid dat berou as voorwaarde vir vergifnis gestel word wat tot ‘n huiwering om te vergewe aanleiding kan gee. Nel (2003:39) wys daarop dat as mense nie kan vergewe nie, kan hulle ook nie werklik omgee nie. As mense nie omgee nie, trek

hulle mekaar af en beskinder hulle mekaar. ‘n Voorbeeld van laasgenoemde waarna Nel (2003:38) verwys en wat deur die navorser as van besondere belang geag word is dié van ‘n man wat sy werk tydens herstrukturering verloor het. Hy het nie geldelike hulp nodig gehad nie, maar wel emosionele ondersteuning wat hy byna glad nie beleef het nie. Hy het eerder ervaar dat sy omstandighede deur gemeentelede fyn dopgehou word om te sien wanneer hy ten gronde sal gaan. Verder moes hy hoor dat sy vrou se naam op ‘n gebedslys verskyn sodat daar gebid moet word dat sy nie so hard hoef te werk om die gesin aan die lewe te hou nie. Alhoewel die oorsprong van die pyn wat in gevalle soos hierdie ervaar word nie by die prediking as sulks lê nie, is die navorser van mening dat die manier waarop daar dikwels tydens prediking by mense se pyn verbygegaan word asook die huiwering om hegenomie tydens prediking uit te daag, wel in hierdie verband ‘n rol speel.

Nel (2003:189) wys daarop dat die kerk ‘n faktor kan wees wat baie spanning in mense se lewens kan veroorsaak sodat sommige mense uiteindelik besluit dat dit vir hulle beter is om by die huis te bly as om kerk toe te gaan. Gesprekke met sulke mense bring dikwels aan die lig dat hulle êrens ‘n uiters pynlike ervaring met die kerk opgedoen het en nie meer die vrymoedigheid, moed of motivering het om deel van daardie gemeenskap te wees nie.

Die gedagte van die rondetafel-gespreksgroep as deel van die preekmaakproses, soos voorgestel deur McClure (1995:50 e.v.), word ondersteun deur Pieterse (2001 a: 94) en Cilliers (2004:149). Alhoewel die navorser nie die waarde van so ‘n gespreksgroep wil ontken nie, kan hy nie nalaat om daarop te wys dat so ‘n gespreksgroep ook ‘n konteks kan wees waarbinne mense kan seerkry nie. Dit kan veral gebeur waar iemand ‘n opmerking maak na aanleiding van ‘n pynlike ervaring wat hy/sy vroeër gehad het en wat nie reg deur die ander lede van die gespreksgroep verstaan word nie. Daar bestaan die moontlikheid dat so ‘n opmerking reaksie kan ontlok wat op so ‘n wyse met die pynlike ervaring van vroeër in wisselwerking tree dat dit vir die betrokke persoon verdere pynlike nagevolge inhou. So iets kan natuurlik binne enige ander kleingroepsituasie gebeur.

Die oorsprong van die wonde wat dit vir iemand moeilik maak om by ‘n gemeente in te skakel, kan natuurlik ook buite die gemeente wees. Andersen (2007:205) noem die volgende voorbeeld in hierdie verband:

> “*What do you say to a woman, who as a little girl, year after year, was sexually abused? She was lying there, silently praying to God to make it stop. It never stopped. The abuse went on for years. Now she can’t bear to go to church – because she know she might risk they would sing: ‘God’s little child, what troubles thee? Children may to their Father flee …’*”

Dit het onder die navorser se aandag gekom dat daar gedagtes voorkom by sekere liedere in die Liedboek wat tans in gebruik is wat sodanig is dat hulle kan bydra tot ‘n onrealistiese voorstelling van die werklikheid wat tot sommige mense se nadeel kan wees. Voorbeelde hiervan is “*ons is nou geen sondaars meer … Niks laat ons bewe, geen dood of lewe*” (lied 492:2) en “*kinders van die Here het niks om voor bang te wees*” wat teen die einde van lied 553 herhaal word. Dit het die navorser laat wonder hoeveel mense daar is wat met pyn in hulle rondloop wat die gevolg is van ‘n onrealistiese voorstelling van die werklikheid waaraan hulle op ‘n stadium blootgestel was. Nel (2003:138) wys daarop dat daar geweldig baie mense is wat met pyn in hulle lewe rondloop omdat hulle geglo het dat God in beheer is, maar die teendeel ervaar het en daarom nie aan God as ‘n persoonlike God dink nie.

Die navorser is van mening dat ‘n teorie oor die gemeente rekening moet hou met daardie mense vir wie dit moeilik is om by ‘n gemeente in te skakel vanweë pyn wat hulle ervaar waarvan die oorsprong binne en/of buite die gemeente kan wees.

4.9 Samevatting

Prediking kan op verskillende maniere daartoe bydra om mense van die volheid van die lewe uit te sluit.

- Dit kan in die eerste plek geskied deur sekere dinge na te laat. Dit kan insluit dat daar nagelaat word om aan die weeklaag ‘n plek te gee tydens prediking ten einde mense wat ly te help met die rouproses en om tot genesing te kom. Dit kan verder insluit dat

daar nagelaat word om hegemonie uit te daag of om lank genoeg met die teks besig te wees dat daar uitgekom word by die her-vorming van identiteit en nuwe wêrelde wat geopen word om diegene in te sluit wat andersins uitgesluit sou wees.

- In die tweede plek kan prediking mense uitsluit deur onmmoontlike eise wat gestel word. Dit kan insluit dat mense opgeroep word om in te skakel by strukture waarby hulle moeilik inpas vanweë eiesoortige ervarings en omstandighede of tot aktiwiteite wat moeilik is om aan mee te doen weens ander verpligtinge of die gebrek aan die nodige gawes. Dit kan verder insluit dat mense opgeroep word om hulle houding te verander of om ander te vergewe terwyl hulle weens onverwerkte pyn nog nie daartoe in staat is nie.

- Derdens kan prediking sekere mense uitsluit deur ondersteuning te bied aan sekere stereotipes wat vir sommige mense moeilik is om aan te voldoen. Dit kan geskied deurdat daar doelbewus gepoog word om die betrokke stereotipe deur middel van Bybeltekste te regverdig of deurdat die stereotipe onbewustelik neerslag gevind het in die ophelderende materiaal waarvan daar tydens prediking gebruik gemaak is.

- In die vierde plek kan prediking mense uitsluit deur onrealistiese verwagtinge te skep waarvoor daar resepte verskaf word wat uiteindelik nie werk nie, aangesien dit mense moedeloos laat of selfs hulle geloof vernietig.

Die manier waarop predikers met die Bybelteks omgaan as deel van die preekmaakproses, blyk ‘n belangrike invloed te hê op die verskillende maniere waarop mense tydens prediking van die volheid van die lewe uitgesluit kan word. Dit kan geskied deurdat Bybeltekste vooraf gekies word om aan sekere idees ondersteuning te bied, deurdat daar oor sekere Bybelgedeeltes nooit gepreek word nie, deudat die teks geatomiseer word of deurdat die teks te gou verlaat word. Die navorser is daarom van mening dat die teorie oor die gemeente wat vir die preekmaakproses van belang is en waarna daar in die vorige hoofstuk verwys is, hand-aan-hand behoort te gaan met ‘n Skrifbeskouing. Dit het verder in hierdie hoofstuk duidelik geword dat die teorie oor die gemeente ook sensitief moet wees vir die invloed van die prestasie-gedrewe

kultuur op die gemeente asook vir daardie mense vir wie dit moeilik is om by die gemeente in te skakel vanweë pyn wat hulle ervaar waarvan die oorsprong binne of buite die gemeente kan wees.

Daar sal in die volgende hoofstuk aandag gegee word aan ‘n teorie oor die gemeente en ‘n Skrifbeskouing wat hand-aan-hand behoort te gaan en van daar af sal daar gepoog word om tentatiewe antwoorde te vind vir die vrae waarby daar in die vorige hoofstukke uitgekom is om sodoende rigtingwysers te ontwikkel vir prediking in ‘n konteks van die toenemende marginalisasie van die man.

Hoofstuk 5: Rigtingwysers vir prediking in ‘n konteks van die toenemende marginalisasie van die man

5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk sal daar rigtingwysers ontwikkel word vir prediking in ’n konteks van die toenemende marginalisasie van die man. Om daarby uit te kom, sal daar eers gepoog word om tentatiewe antwoorde te vind vir die vrae waarby daar in vorige hoofstukke uitgekom is. Hierdie vrae sluit dié in oor die bydrae wat prediking behoort te lewer ten opsigte van nuwe maniere van dink oor manwees en die moeilike omstandighede waarin baie mans hulle bevind. Verder sluit dit dié in oor die bydrae wat prediking behoort te lewer ten opsigte van die pyn wat deur baie mans ervaar word asook die moontlike rol wat die dialoog in die gemeente waarvan prediking ‘n deel is, kan speel wat betref die feit dat baie mans nie ‘n plek het om aan hulle gevoelens uitdrukking te gee nie. Daar sal eers ‘n raamwerk vir die verstaan van die rol van prediking ontwikkel word met die oog op die beantwoording van die vrae wat ter sprake is.

Daar is in hoofstuk 3 gewys op die belangrikheid van ‘n teorie oor die gemeente vir sover dit die prediking aangaan en dit het in hoofstuk 4 duidelik geword dat so ‘n teorie met ‘n Skrifbeskouing behoort gepaard te gaan. Daar sal vervolgens eers aan ‘n teorie oor die gemeente en ‘n Skrifbeskouing aandag gegee word om daarvandaan ‘n raamwerk vir die verstaan van die rol van prediking te ontwikkel.

5.2 ‘n Teorie oor die gemeente

Die teorie oor die gemeente wat die navorser in gedagte het, gaan nie soseer oor die funksionering van die gemeente soos dit by baie van die gemeentemodelle die geval is nie, maar eerder oor wie en wat die gemeente wesenlik is. Die navorser se idee in hierdie verband kan soos volg saamgevat word: ‘n Gemeente is ‘n gemeenskap van gebroke en verwonde vreemdelinge wat op verskillende maniere onder druk verkeer vanweë die invloed van die kapitalistiese samelewing waarin hulle hul bevind, maar wat saamgevoeg word deur ‘n

gemeenskaplike identiteit wat gegrond is op wie God is en wat Hy doen om nuwe bestaanswyses moontlik te maak. Daar sal vervolgens aan die verskillende aspekte van hierdie teorie afsonderlik aandag gegee word.

5.2.1 Die invloed van die kapitalistiese samelewing

Verskillende mense word op verskillende maniere deur die kapitalistiese samelewing beïnvloed. Pieterse (2001 a: 34) wys op die magteloosheid wat arm mense ervaar wat betref die moontlikheid van die verandering van hulle situasie. Hulle is nie in staat om met die bietjie wat hulle besit enige voordeel te behaal om uit die kringloop van armoede te kan ontsnap nie. Verder is hulle kwesbaar vir uitbuiting deur gewetenlose mense. Hulle is ook blootgestel aan verslawing en drankmisbruik.

Laasgenoemde aangeleentheid is egter nie net tot arm mense beperk nie. Dit wil voorkom dat daar by diegene wat daarna streef om ander altyd voor te wees in die mededingende wêreld, met ander woorde diegene aan die teenoorgestelde kant van die spektrum as die armes, soortgelyke probleme voorkom. Perlas (2000:67) wys daarop dat egskeidingsyfers, misdaad, dwelmmisbruik en sekere siektes geweldige afmetings aanneem waar kompetisie en die strewe na die hoogste sport die belangrikste waarde is.

Op die samelewingspektrum is daar iewers tussen diegene waarna reeds verwys is, ‘n middelklas waarvan die volgende waarna Nel (2003:27) verwys waarskynlik waar sal wees:

> *“Die geweldige tempo waarteen mense deesdae hulle lewe lei, is totaal anders as in die verlede. Dit verskil ook hemelsbreed van die wêreld van die predikant. Baie predikante werk in ‘n rustige, huislike omgewing. Ander mense gaan vroeg in die oggend uit die huis en kom eers laat in die aand tuis. Dikwels het hierdie mense nie ‘n keuse nie. Hulle sien hulle kinders net ‘n paar minute per dag.”*

Daar bestaan die moontlikheid dat daar binne dieselfde gemeente mense kan wees wat verteenwoordigend is van al die verskillende groepe waarna tot dusver in hierdie afdeling verwys is. Die noodsaaklikheid om te kan hê is in al die gevalle van belang. Soms gaan dit bloot om oorlewing, maar soms gaan dit oor veel meer soos byvoorbeeld prestasie, aansien en mag.

Die drang om te hê, gee aanleiding tot ‘n manier van doen **sodat** die nodige bereik kan word. Dit is ‘n mededingende manier van doen waarin almal nie altyd ewe suksesvol is nie. Sommige sukkel om hulle voet in die deur te kry terwyl ander nie kan volhou nie en op ‘n sekere stadium uitsak om sodoende gemarginaliseer te word. Die soort mense wat ons **is**, is dikwels die gevolg van die mededingende manier van doen.

5.2.2 ‘n Gemeenskap van gebrokenes en verwondes

Mense kry voortdurend seer en doen op hierdie wyse emosionele wonde op en die moontlikheid dat dit binne die kerk kan gebeur, is nie uitgesluit nie, soos reeds in afdeling 4.8 na verwys is. Jackson (2007:63 e.v.) wys daarop dat ‘n mens se wonde hom/haar kan laat ontspoor, maar daar bestaan ook die moontlikheid dat die verwondheid tot gebrokenheid getransformeer kan word. Laasgenoemde beteken dat die pyn van ‘n mens se verwonding op so ‘n manier verwerk is dat hy/sy op ‘n kragtige wyse deur God gebruik kan word.

Nel (2003:39) wys daarop dat ‘n omgee-gemeenskap wat weet dat hulle uit gebroke mense bestaan, ook mense is wat met ander se gebrokenheid kan saamleef en hulle op die pad kan bystaan. Soos in afdeling 4.5 na verwys is, neem ‘n genesingsproses tyd en is dit dus nodig dat daar in ‘n gemeente ruimte gelaat word vir mense wie se pyn nog nie heeltemal verwerk is nie, en dus nog nie by gebrokenheid uitgekom het nie.

Verder wys Nel (2003:77) daarop dat die gebrokenheid van die leier uiters noodsaaklik is. Die leier se gebrokenheid help die persoon wat bedien word om sy of haar eie gebrokenheid raak te sien en daaroor eerlik te wees. Wanneer ons ons gebrokenheid en wonde erken, ontdek ons ook die genade van God vir gebroke mense.

Cilliers (2004:230 e.v.) wys daarop dat die prediker se gesag ‘n gebroke gesag is en haal Müller soos volg in hierdie verband aan: “*Alleen hy wat werklik na die Woord geluister het, word daardeur geraak, gekwes verwond ... en alleen hy wat deur die teks verwond is, is preekvaardig. Daarom bly die die struktuur van die preek ‘n gebroke en verslae struktuur, ‘n deurkruiste struktuur*.”

5.2.3 ‘n Gemeenskap van vreemdelinge

Keifert (1992:8 e.v.) gebruik die term “vreemdeling” in drie verskillende verbande. In die eerste plek verwys die term na buitestaanders, in die tweede plek na wat genoem word “*inside strangers*” en in die derde plek het dit te doen met verskille wat nie uitgeskakel kan word nie en wat voorkom tydens enige ontmoeting tussen twee persone. Dit is veral die laasgenoemde twee verbande wat deur die navorser as van belang geag word wat betref die gemeente as gemeenskap van vreemdelinge.

Wat die sogenaamde “*inside stranger*” betref, wys Keifert (1992:9) daarop dat so ‘n persoon iewers tussen ‘n intieme groep of leiers van die gemeente en die buitestaanders inpas. Hulle ondervind hindernisse waarvan die oorsprong sosiaal en/of sielkundig kan wees wat hulle verhinder om op ‘n betekenisvolle wyse aan publieke aanbidding deel te neem, met die gevolg dat hulle deel van ‘n passiewe gehoor eerder as aktiewe deelnemers is. Volgens die navorser se oordeel, is dit hoogs waarskynlik dat gemarginaliseerde mans wat deel is van ‘n gemeente sodanige hindernisse sal ondervind en dus deel sal wees van die “*inside strangers*”. Die hindernisse se uitwerking sal nie net tot publieke aanbidding beperk wees nie, maar dit sal ook ‘n uitwerking hê sover dit deelname aan al die aktiwiteite binne die gemeente betref.

Wat die verskille tussen persone tydens enige ontmoeting betref, wys Keifert (1992:9) daarop dat sodanige verskille ook voorkom tussen hegte vriende en familielede sodat hulle in beduidende opsigte vreemdelinge vir mekaar bly. Hierdie verskille het ook ‘n invloed wat betref die vermoë om onsself te ken sodat ons ook vreemdelinge vir onsself is. Daar is twee sake wat deur die navorser as van belang geag word wat betref vreemdelingskap in hierdie derde verband naamlik ‘n persoon se verwysingsraamwerk en maskers wat deur mense gedra word, waaraan daar vervolgens aandag gegee sal word.

Hendriks (2004:55 e.v.) wys daarop dat elke persoon ‘n denksisteem, ‘n wêreldbeskouing en ‘n stel idees het wat ‘n verwysingsraamwerk vorm waarmee hy/sy die lewe interpreteer en besluite neem. Die denksisteem en wêreldbeskouing van ‘n persoon is nie ‘n weerspieëling van sy/haar intelligensie, geestelike volwassenheid, persoonlikheid of temperament nie. Dit word eerder gevorm deur die wêreld waarin geleef word, die kompleksiteite wat hanteer moet word

en aanpassings by ander wat met soortgelyke realiteite te doen het. Die aard van die manier waarop ‘n persoon deur die kapitalistiese samelewing beïnvloed word asook pyn wat reeds verwerk is of nog nie heeltemal verwerk is nie, behoort dus in hierdie verband ‘n rol te speel. Die verskillende maniere waarop mense deur die kapitalistiese samelewing beïnvloed word, is maar een faktor wat daartoe sal bydra dat daar binne ‘n gemeente verskillende denksisteme en wêreldbeskouings en dus verskillende verwysingsraamwerke sal wees. Die navorser ag dit van besondere belang dat ‘n prediker moet besef dat sy/haar wêreld waarin hy/sy leef en die dinge waarmee hy/sy te doen kry, op sy/haar denksisteem en wêreldbeskouing ‘n invloed het. Daarom sal sy/haar verwysingsraamwerk noodwendig anders wees as dié van ander wie se leefwêreld anders as dié van die prediker is.

Louw (2005:16) wys daarop dat ‘n mens se persoonlikheid soos ‘n masker funksioneer. Die masker verteenwoordig dan bewuste intensies sowel as aanpassings ten opsigte van rolfunksies binne ‘n bepaalde milieu asook as gevolg van spesifieke kontekstuele eise. Die invloed wat die kapitalistiese samelewing op ‘n mens het en wat met sekere eise gepaard gaan, noodsaak ‘n mens om sekere aanpassings te maak. Die manier van doen sodat ‘n mens kan hê wat nodig is, is volgens die navorser se oordeel ‘n belangrike voorbeeld in hierdie verband. Sodanige aanpassings maak dit nie net vir ander moeilik om jou te ken vir wie jy werklik is nie, maar dit dra ook daartoe by om jou van jouself te vervreem. Die gedagte dat ‘n mens van jouself vervreem is, word deur die navorser as van besondere belang geag wat betref die rol van prediking waaraan daar in afdeling 5.4 aandag gegee sal word.

Dit wil vir die navorser voorkom dat die drie sake in verband met ’n teorie oor die gemeente waaraan tot dusver aandag gegee is, in die besonder op mans van toepassing is. Mans verkeer oor die algemeen onder die druk van die kapitalistiese samelewing en afgesien van die noodsaaklikheid om te oorleef, speel stereotipes ten opsigte van manwees ook in hierdie verband ‘n belangrike rol. Mans het dikwels emosionele wonde opgedoen en die pyn daarvan is dikwels so diep weggebêre dat hulle die invloed daarvan op hulle lewens nie eers self besef nie. Mans ervaar dikwels hindernisse van sosiale of sielkundige aard wat hulle op so ‘n manier belemmer dat hulle vereensaamde vreemdelinge is, vir hulself en vir ander.

Dit moet verder in gedagte gehou word dat die kerk self ook ‘n bydrae gelewer het tot die drie sake waaraan tot dusver aandag gegee is. Daar is in afdeling 4.3 daarop gewys dat die kerk soms nog ‘n mededinger is in ‘n reeds mededingende wêreld om sodoende by te dra tot die druk wat deur die kapitalistiese samelewing veroorsaak word. Daar is in afdeling 4.8 daarop gewys dat mense soms juis binne die kerk emosionele wonde opdoen. Verder stel die kerk dikwels eise waaraan sommige mense nie kan voldoen nie weens hindernisse om hulle sodoende uit te sluit of die eise noodsaak hulle om aanpassings te maak wat hulle van hulself en ander vervreem. Die navorser is van mening dat kleingroepe in ‘n gemeente kontekste kan wees waarbinne mense vanweë hindernisse uitsluiting ervaar. Dit kan veral gebeur waar ‘n enkeling te staan kom teen ‘n meerderheid met ooreenstemmende verwysingsraamwerke wat anders is as dié van die enkeling. Alhoewel dit vir sommige mense voordelig kan wees om by ‘n kleingroep in te skakel, behoort dit nie as ‘n vereiste gestel te word of as die ideaal voorgehou te word nie en behoort daar dus nie druk in hierdie verband op gemeentelede geplaas te word nie.

5.2.4 Gemeenskaplike identiteit

Hendriks (2004:23 e.v.) wys daarop dat God die bron van ons identiteit is. Die persoonlike identiteit van ‘n mens sowel as die identiteit van die kerk is daarom af te lei van wie God is. Dit is in hierdie opsig dat die lede van ‘n gemeente ‘n gemeenskaplike identiteit het. Daarom sal daar vervolgens aan die karakter van God aandag gegee word ten einde tot ‘n beter verstaan van die gemeente se identiteit te kom.

Bruggemann (1995:459) wys daarop dat ‘n mens soms geneig is om te dink dat jou geskapenheid na die beeld van God die beste tot sy reg kom indien jou persoonlikheid so gesentreer is dat al die aspekte van jou menswees in ‘n enkele identiteit en verbintenis verenig is. So ‘n eendimensionele self word egter afgelei van ‘n verkeerde verstaan van God. Alhoewel God sekere dominante eienskappe het, is die God van die Bybel egter ‘n eindelose pluraliteit vir wie daar voortdurend op ‘n transformerende wyse verskillende dimensies geïnkorporeer word. Bruggemann (1995:464) beskryf laasgenoemde gedagte soos volg:

> "*even though the God of the Bible arrives at a fairly trustworthy coherent identity, there remain in the text outbreaks of the undisciplined underside of God that move embarrassingly against the dominant self of God.*"

Volgens Bruggemann (1995:460) is dit na aanleiding van die voorafgaande gedagte omtrent God dat die Bybelteks en die Bybelse gemeenskap getuienis aflê omtrent, soos hy dit stel, "*many selves of the self*". Hierdie getuienis protesteer teen die verwagtinge wat 'n eendimensionele samelewing dikwels van die self stel.

Keifert (1992:24) wys daarop dat daar soms gedebatteer word oor die persoonlikheid van 'n gemeente asof dit gesond is vir 'n gemeente om net een persoonlikheid te hê. Daar kan in 'n gemeente veelvuldige persoonlikhede voorkom wat wel ongesond kan wees vir 'n individu, maar nie vir 'n komplekse gemeenskap soos 'n gemeente nie.

Die getuienisse aangaande die veelvuldige aard van God se karakter, laat egter ruimte vir veelvuldige dimensies van 'n mens se persoonlikheid, hoeveel te meer dan nie vir 'n gemeente nie. Dit wil dus vir die navorser voorkom dat die veelvuldige aard van God se karakter protesteer teen die idee van die homogene kerkeenheid waarop pogings om die kerk te bemark dikwels uitloop (vgl afdeling 4.3).

Long (1989:84) wys daarop dat die Bybelteks iets doen wat 'n geloofsgemeenskap se identiteit vorm en transformeer. Daar sal in die volgende afdeling aandag gegee word aan 'n Skrifbeskouing ten einde tot 'n beter verstaan te kom van die manier waarop die Bybelteks die geloofsgemeenskap se identiteit vorm en transformeer.

5.3 'n Skrifbeskouing

Daar is teen die einde van die vorige hoofstuk daarop gewys dat die manier waarop predikers met die Bybelteks omgaan tydens die preekmaakproses, 'n belangrike invloed het wat betref die moontlikheid dat prediking daartoe kan bydra om mense van die volheid van die lewe uit te sluit. Laasgenoemde kan onder andere die gevolg wees indien Bybeltekste gekies word om aan sekere idees ondersteuning te bied. Daar is verder in afdeling 3.5 daarop gewys dat daar interpretasies van die Bybel kan opduik wat gebruik kan word om mense te onderdruk of om

onderdrukking te regverdig. Dit wil verder vir die navorser voorkom dat Efesiërs 5:23 waar daar gesê word dat die man die hoof van die vrou is, besonder problematies is.

Powell (2002:704) wys daarop dat indien dit in gedagte gehou word dat die woord “hoof” in baie kulture “baas” beteken, dit moeilik is om nie Efesiërs 5:23 te beskou as ‘n teks wat mense kan bang maak nie. Die teks kan vroue bang maak deurdat die indruk geskep word dat die Christelike evangelie aan vroue ‘n minderwaardige plek toeken waarin hulle aan mans ondergeskik is. Die teks kan egter ook mans bang maak deur hulle te noodsaak om maniere uit te werk waardeur hulle die rol as hoof op ‘n behoorlike wyse kan vervul. Daar bestaan die moontlikheid dat die rol as hoof vervul kan word deur geestelike leiding te neem, maar die moontlikheid bestaan ook dat dit vervul kan word deur leiding te neem wat besluitneming betref. Die navorser is van mening dat dié betrokke teks en ander tekste waarskynlik ‘n belangrike rol gespeel het wat betref die bydrae wat deur kerke gelewer is om by te dra tot sekere stereotipes ten opsigte van manwees waarna in afdeling 2.2 verwys is. Die navorser is verder van mening dat sodanige tekste in die huidige Suid-Afrikaanse situasie daartoe kan bydra om dit vir sekere mans moeilik te maak namate hulle deur veranderende samelewingstrukture geraak word. Daarom is ‘n Skrifbeskouing wat leiding gee wat betref die interpretasie van tekste soos Efesiërs 5:23, uiters noodsaaklik.

Nel (2003:123 e.v.) wys daarop dat wanneer ons oor die Bybel praat, ons moet onthou dat gewone mense soos ons dit geskryf het. Hulle het soos ons probeer om sin te vind in moeilike tye. Hulle het geworstel met God. Soos ons, het hulle ernstige vrae oor God gehad. Hulle het soos ons probeer sien hoe God se hand in die geskiedenis sigbaar was. Soos ons, wou hulle vir ander verduidelik hoe ons God moet verstaan. Hulle het dit gedoen deur verhale, briewe, gedigte en baie ander soorte literatuur. Soms was dit selfs polities van aard. Ons moet aanvaar dat die geskiedenis wat in die Bybel staan, deur die geloofsoë van die skrywers of redaktors beskrywe is. Daarom is dit geloofsgeskiedenis wat beteken dat dit nie altyd histories presies gebeur het soos dit geskryf is nie, maar dat dit vanuit die geloofsperspektief van die skrywer duidelik was.

Cilliers (1996:32) wys daarop dat die rol wat Bybelse figure speel in die gebeure waarvan die Bybeltekste vertel, nie daarin geleë is dat hulle tot norm verhef word waaraan lesers hulle positief of negatief moet meet nie, maar eerder dat hulle getuies is van die groot dade van God met hulle. Die navorser is van mening dat die skrywers van die Bybeltekste op soortgelyke wyse getuies is van God se handelinge. Dit beteken dat hulle woorde nie net sonder meer verabsoluteer kan word omdat dit in die Bybel voorkom nie, maar dat die wêreld waarin hulle hul bevind het, noodwendig ‘n invloed uitgeoefen het op die getuienis wat deur hulle gelewer is. Daarom is die Bybel, soos Nel (2003:132) dit stel, nie ‘n stel ewig-geldende algemene waarhede wat tydloos aan ons oorgelewer is nie. Volgens die navorser se oordeel, is die Bybel ‘n getuienis waardeur mense op so ‘n wyse getuienis oor God aflê dat God self daardeur aan die woord kom om vandag nog mense se lewens te verander. Aangesien daar so ‘n uiteenlopende diversiteit van getuienis in die Bybel voorkom, is dit slegs moontlik om te doen wat die Bybel “sê” indien daar selektief met die Bybeltekste omgegaan word. Dit is eerder nodig dat die verskillende getuienisse in ‘n voortdurende spanning met mekaar gehou moet word om sodoende tot ‘n beter verstaan van God se werk te kom wat mettertyd verandering van mense se lewens inhou.

Nel (2003:129) wys daarop dat sekere mense graag die woorde van die Bybel as gesagvol, geïnspireerd en onfeilbaar wil handhaaf omdat hulle bepaalde standpunte wil regverdig. Die oomblik wanneer die gesag van die Skrif nie meer gehandhaaf word soos hulle dit wil doen nie, is hulle eie standpunte in die gedrang. Volgens Mouton (2007:79) is die tekste van die Nuwe Testament gesaghebbend vanweë hulle oorredingskrag wat bevestig, lewe voed en bemoedig, nuwe moontlikhede fasiliteer, vertroos en ontvangers tot nuwe verbeelding uitnooi, beweeg en uitdaag. Daar is reeds in afdeling 3.5 verwys na die moontlikheid dat die Bybel nuwe wêrelde en nuwe maniere van menswees kan ontsluit. Sodanige ontsluiting behoort nie op gedwonge wyse te geskied nie, maar is, volgens die navorser se oordeel, eerder ‘n uivloeisel indien daar tot ‘n beter verstaan gekom word van die werk van God waarvan die Bybelteks getuig wat op sy beurt daartoe bydra dat ‘n mens tot ‘n beter verstaan kom van wie jy werklik is.

Wat betref die interpretasie van tekste soos Efesiërs 5:23 waarna daar aan die begin van hierdie afdeling verwys is, is dit belangrik om te onthou dat die vroeë Christene hulle in die Romeinse

Ryk bevind het. Wordelman (1992:392) wys daarop dat die struktuur van die huishouding in daardie konteks die ekonomiese struktuur van die Romeinse Ryk weerspieël het en dus baie anders was as die hedendaagse huishouding. Stukture soos hierdie het waarskynlik ‘n invloed uitgeoefen op die getuienis wat in die geskrifte van die Nuwe Testament gelewer word. Samelewingstrukture behoort op soortgelyke wyse ‘n invloed op die getuienisse in die Ou Testament te gehad het. Daarom is die navorser van mening dat tekste in die Bybel wat te doen het met die gesin, die huwelik, geslagtelikheid of seksualiteit met groot versigtigheid hanteer moet word en nie net sonder meer beskou kan word as norme waaraan daar in hedendaagse samelewings voldoen moet word nie.

5.4 ‘n Raamwerk vir die verstaan van die rol van prediking

Tydens prediking gaan dit om twee wêrelde wat teenoor mekaar gestel word. Aan die een kant is daar die bestaanswerklikheid van die gemeente en aan die ander kant is daar die wêreld van God waarvan die Bybelteks getuig. Volgens Cilliers (2004:211) soek kreatiewe prediking na die teenstelling tussen die teks en die werklikheid, na die botsing van belange, ten einde die werklikheid te verander en te buig in die rigting van die wêreld van God waarvan die Bybelteks getuig.

Wat die bestaanswerklikheid van die gemeente betref, is dit nodig dat daar rekening gehou moet word met pyn wat verwerk is of nog nie verwerk is nie om bewustelik of onbewustelik op mense se lewens ‘n invloed uit te oefen. Verder moet daar rekening gehou word met druk waaronder mense verkeer wat hulle noodsaak om aanpassings te maak wat hulle van hulself en ander vervreem. Die mededingende manier van doen sodat jy kan hê, is ‘n belangrike gedagte in verband met die aanpassings waartoe mense genoodsaak word.

Die Bybelteks is ‘n diversiteit van getuienisse aangaande die werk van God waardeur verskillende dimensies van God se veelvuldige karakter aan die lig gebring word. Hierdie getuienisse hou verder die moontlikheid in om mense wat van hulself vervreem is vanweë die aanpassings waartoe hulle dikwels genoodsaak is en die pyn wat hulle ervaar, te laat ontdek wie hulle werklik is. So ‘n ontdekking werk mee aan die verandering van mense se lewens. Alhoewel die feit dat ‘n mens sekere dinge moet doen sodat jy kan hê, nie heeltemal

uitgeskakel kan word nie, is die navorser van mening dat namate mense tot die ontdekking kom van wie hulle werklik is, daar ‘n verandering van prioriteite sal intree wat daartoe sal aanleiding gee dat die drang om te hê ‘n laer prioriteit sal inneem en die medingende manier van doen **sodat** jy kan hê, getransformeer word na ‘n manier van doen **omdat** jy is wie jy is. Dit blyk dus dat prediking daaraan behoort mee te werk om mense wat van hulself vervreem is, in die lig van die Bybelse getuienisse aangaande God te laat ontdek wie hulle werklik is.

Daar is in afdeling 5.2.3 daarop gewys dat ‘n prediker die invloed wat sy/haar leefwêreld op sy/haar verwysingsraamwerk het, goed moet besef. Daarom word twee sake waarna Pieterse (2001 b: 107 e.v.) verwys, deur die navorser as van besondere belang geag. Die eerste is die hoorder se reg om deel te neem aan die beweging van die preek om te kan uitkom by ‘n gevolgtrekking wat sy/haar eie is en nie dié van die spreker nie. Die tweede is die voltooiing van die preek deur die hoorder wat vereies dat die prediker idees op ‘n demokratiese wyse moet deurgee, eerder as om idees op hoorders af te dwing. Daar sal voortaan na prediking wat die voorafgaande twee sake tot hulle reg laat kom, verwys word as prediking met ‘n oop einde. Volgens die navorser se oordeel, sal sodanige prediking God se werk op so ‘n manier verkondig dat hoorders opgeroep word om oor God se werk na te dink ten einde tot ‘n beter verstaan te kom van wat God deur hulle wil doen of reeds besig is om deur hulle te doen en daardie verstaan uiteindelik op hulle manier van doen en wees ‘n uitwerking sal hê.

Die waarde van ‘n proses mag nie tydens prediking onderskat word nie. Dikwels het die eindresultaat waartoe ‘n sekere persoon gekom het tydens ‘n sekere proses, beperkte waarde vir ander as gevolg van die samehang van faktore wat anders is in die geval van ander as in die geval van die persoon wat by die eindresultaat uitgekom het. Daarom is dit eerder sinvol om ander aan te moedig tot ‘n proses ten einde uit te kom by resultate wat vir hulle onderskeie situasies gepas is as om die eindresultaat waarby ‘n sekere persoon onder sekere omstandighede uitgekom het, op ander af te dwing. Die feit dat prediking dus eerder moet aanmoedig tot prosesse as om sekere eindresultate af te dwing, word deur die navorser as van besondere belang geag ten opsigte van die vrae waarby in hoofstukke 2 en 3 uitgekom is en waarvoor tentatiewe antwoorde in afdeling 5.6 gevind sal word. Voordat daarby uitgekom sal

word, sal daar eers in die volgende afdeling aandag gegee word aan sekere getuienisse aangaande God se werk deur mense wat ook deur die navorser as van belang geag word wat betref die vrae waaraan daar in afdeling 5.6 aandag gegee sal word.

5.5 Getuienisse aangaande God se werk deur mense

Daar is in afdeling 5.3 daarop gewys dat die Bybelteks ‘n getuienis is van die dade van God. Dit blyk uit hierdie getuienis dat God dikwels op ‘n besondere manier deur mense werk. Daar sal in hierdie afdeling eers aandag gegee word aan gevalle waar God op ‘n besondere manier deur sekere mans gewerk het en daarna sal daar aandag gegee word aan gevalle waar God, volgens die navorser se oordeel, deur vroue gewerk het om aan mans emosionele ondersteuning te bied.

González en González (1994:21) wys daarop dat in die Bybelse verhale diegene met mag dit soms moeilik gehad het om God se woord aan hulle te hoor. Hulle moes dit dikwels deur ‘n magtelose persoon aanhoor. Die profeet Amos spreek volgens González en González (1994:76) vanuit die perspektief van ‘n magtelose persoon wat deur God bemagtig is. Nadat hy deur die priester Amasia uit Israel weggejaag is, het Amos geantwoord dat alhoewel hy nie aan ‘n profetekring behoort nie, hy deur God weggeroep is van sy boerderybedrywighede in die minderwaardige Juda om in die magtige, ryk en trotse Israel as profeet te gaan optree.

González en González (1994:98) verwys na die toespraak wat deur Stefanus gelewer is terwyl hy in ‘n magtelose posisie was. In hierdie toespraak verwys hy na drie ander mans wat hulle ook in magteloses posisies bevind het, maar deur wie God op ‘n besondere manier gewerk het: Josef wat deur sy broers verkoop is, maar ‘n heerser in Egipte geword het; Moses wat deur sy eie mense verwerp is, maar uiteindelik die een was wat hulle uit die slawerny uitgelei het; Jesus wat ook soos Moses deur sy eie mense verwerp is, maar opgewek is uit die dood om in heerlikheid te regeer.

Nel (2003:79) wys daarop dat die Here nie op menslike vermoëns bou nie, maar juis kragtig werk ten spyte daarvan. Dit is opvallend hoe hierdie lyn feitlik dwarsdeur die Bybel loop: God gebruik gewondes om genesers vir sy mense te wees. Abraham, Moses, Gideon, Simson,

Jeremia, Petrus en Paulus is almal vreemde keuses. God werk met gebrokenes, onbekwames, gewondes. Dikwels is mense se natuurlike vermoëns ‘n hindernis vir die werking van die Heilige Gees. González en González (1994:65) wys daarop dat soos in die tyd van Jesus, die evangelie vandag steeds die duidelikste tot ons kom deur die pynbelaaide gesug van die onderdruktes. Daar moet na daardie gesug geluister word totdat daar by ‘n punt uitgekom word waar jy self begin sug. Die alternatief is dat jy dalk nie die evangelie sal hoor nie.

Daar sal vervolgens aandag gegee word aan twee gevalle in Genesis waar God deur vroue gewerk het om aan mans emosionele ondersteuning te bied. Die eerste voorbeeld in hierdie verband is dié van Rebekka waarna in Genesis 24:67 verwys word en wat soos volg deur Le Roux (2006:35) beskryf word:

> *“Abraham se vrou Sara het gesterf en vir hulle seun Isak was dit moeilik... Na haar dood was Isak ontroosbaar en daarom het Abraham ‘n slaaf na ‘n ver land gestuur om vir sy seun ‘n troostertjie te loop soek. Opgewonde het Isak op hulle koms gewag en toe hy op ‘n dag die kamele se stof in die verte gesien het, het hy hulle opgewonde tegemoet geloop. In ‘n enkele vers word die lyf se troos aangrypend verwoord. Isak het Rebekka nooit vantevore gesien nie, maar dit het nie eintlik saak gemaak nie. Daar in sy ma se tent het Rebekka hom getroos.”*

De Groot (2002:16) wys daarop dat wanneer ons in Genesis 24:15 ontdek dat Rebekka ‘n lid is van Abraham se uitgebreide familie, dan besef ons dat dit God was wat die ontmoeting tussen haar en die slaaf laat realiseer het, soos wat die slaaf vooraf daarvoor gebid het. God was dus self werksaam om uitendelik deur Rebekka vir Isak te troos. De Groot (2002:18) wys verder daarop dat die patriargale familiestruktuur uitgedaag is deur die manier waarop God in hierdie gesin gewerk het. Isak was selde die handelende subjek (2002:15). Dit blyk dus dat die feit dat ‘n vrou ‘n belangrike vertroostende rol in ‘n man se lewe speel, nie noodwendig beteken dat die vrou ‘n ondergeskikte posisie ten opsigte van die man hoef in te neem nie.

Die ander voorbeeld van ‘n vrou wat aan ‘n man emosionele ondersteuning gebied het, is volgens die navorser se oordeel, Ragel wat aan Jakob motivering gebied het op ‘n kritieke stadium in sy lewe. Dit wil vir die navorser voorkom dat toe Jakob van sy ouerhuis moes

wegvlug, hy bekommerd en emosioneel was. Die feit dat hy bekommerd was, blyk uit sy gebed by Bet-El: "*As U, o God, by my is en my beskerm op my reis en vir my kos en klere gee, sodat ek behoue terugkom by my ouerhuis, sal U, Here my God wees.*" (Gen 28:20-21). Dat hy emosioneel was, blyk uit die feit dat hy gehuil het toe hy vir Ragel gesoen het nadat hulle by die put in die veld ontmoet het (Gen 29:11). Vanuit hierdie ontmoeting het daar vir Jakob die motivering gekom wat hy nodig gehad het om hom in sy nuwe omstandighede aan te pas. Volgens Genesis 29:20 was die sewe jaar wat hy vir Laban moes werk om Ragel as vrou te kon kry vir hom soos 'n paar dae, want hy het haar liefgehad.

5.6 Prediking se moontlike bydrae ten opsigte van die kwessies wat deur mans ondervind word

In hierdie afdeling sal daar gepoog word om tentatiewe antwoorde te bied vir die vrae waarby in hoofstuk 2 en hoofstuk 3 uitgekom is. Die vraag na die moontlikheid dat prediking 'n bydra behoort te lewer ten opsigte van die pyn wat deur baie mans ondervind word, word deur die navorser as van besondere belang geag aangesien dit, volgens die navorser se oordeel, te doen het met die kern van die probleme wat deur mans ondervind word asook met baie van die probleme in die samelewing. Daarom sal daar eerstens aan hierdie vraag aandag gegee word.

Brandt (2006:49) wys daarop dat mans vanuit hulle pynbelaaide verlede behoort geroepe te voel om aktief deel te neem aan alle vorme van misbruik. Dit word voorafgegaan deur die vraag hoekom swart mans wat misbruik, uitbuiting, mishandeling, intimidasie, degradering en stigmatisering ervaar het, voortgaan om sulke dinge aan ander te doen (2006:48). Die navorser is van mening dat die pyn wat deur mans ervaar word in die meeste gevalle op so 'n manier deur hulle ontken word dat dit so diep weggebêre is dat hulle die invloed daarvan op hulle lewens nie eers besef nie. Stereotipes ten opsigte van manwees wat vereis dat mans nie kwesbaar mag wees nie, speel in hierdie verband 'n belangrike rol. Pyn wat vanweë die invloed van stereotipes ten opsigte van manwees so diep deur mans weggebêre is dat dit onbewustelik op hulle gedrag 'n uitwerking het, is volgens die navorser se oordeel die kern van baie van die probleme wat deur mans ondervind word asook die oorsprong van baie van die probleme in die samelewing. Geweld is dikwels die gevolg van sodanige pyn.

Die Bybelteks getuig egter van die gekruisigde Christus wat as man pyn tot die uiterste ervaar het. Verder is daar die weeklaag-gedeeltes wat meestal met mans geassosieer word waarin daar ook aan pyn uitdrukking gegee word. Dit wil dus vir die navorser voorkom dat sover dit mans se kwesbaarheid betref, daar ‘n teenstelling is tussen die werklikheid en die wêreld van God waarvan die Bybelteks getuig. Prediking behoort juis te soek na sulke teenstellings ten einde die werklikheid te buig in die rigting van die wêreld van God waarvan die Bybelteks getuig. Daarom is die navorser van mening dat prediking die taak het om in die lig van sekere Bybelse getuienisse, die realiteit van mans se kwesbaarheid wat weens die invloed van stereotipes ten opsigte van manwees dikwels ontken word, eerlik te konfronteer. Veranderende samelewingstrukture noodsaak sodanige konfrontasie in die blanke Afrikaanssprekende gemeenskap. In die verlede het samelewingstrukture blanke mans op so ‘n manier bevoordeel dat dit vir hulle kwesbaarheid kon kompenseer, maar dit is al hoe minder die geval namate hulle deur veranderende samelewingstrukture geraak word. Emosionele wonde wat in die verlede tydens nasionale diensplig opgedoen is, dra verder daartoe by dat dit uiters noodsaaklik geword het dat mans se kwesbaarheid nie langer ontken kan word nie.

Louw (2005:4) wys daarop dat heling nie opgesluit lê in ‘n metode of ‘n teorie nie, maar ‘n verstaan van wie jy as mens is. Daarom is die navorser van mening dat prediking behoort by te dra tot die genesing van pyn wat deur mans ondervind word, deur mans wat van hulself vervreem is, te laat ontdek wie hulle werklik is. Hulle moet ontdek dat hulle kwesbare mense is met wie God Hom op ‘n besondere wyse in Christus geïdentifiseer het en deur wie Hy dikwels op ‘n besondere wyse werk, nie wanneer hulle oor mag beskik nie, maar juis wanneer hulle hulle kwesbaarheid ervaar. Getuienisse omtrent God se werk deur sekere mans, soos dié waarna in die vorige afdeling verwys is, behoort in hierdie verband van besondere belang te wees.

Nel (2003:83) wys daarop dat dit nie die pad van die evangelie is om “opgang” te maak nie, maar dis ongelukkig een van die belangrikste samelewings-waardes. Hierdie samelewings-waarde plaas dikwels baie druk op mans en stereotipes ten opsigte van manwees speel ‘n belangrike rol in hierdie verband. Dit blyk verder dat daar ‘n botsing van belange is tussen die

werklikheid en die wêreld van God waarvan die Bybelteks getuig sover dit hierdie samelewings-waarde betref. Prediking behoort dus ook in hierdie opsig die werklikheid te buig in die rigting van die wêreld van God waarvan die Bybelteks getuig. Die transfomasie vanaf ‘n mededingende manier van doen sodat jy kan hê na ‘n manier van doen omdat jy is wie jy is namate jy tot ‘n beter verstaan kom van wie jy werklik is, behoort in hierdie verband van besondere belang te wees.

Wat betref die probleme en moeilike omstandighede wat deur mans ondervind word, is dit belangrik om in gedagte te hou dat daar komplekse wisselwerkinge van baie faktore daaragter werksaam is sodat simplistiese oplossings vermy moet word. Daar moet veral daarteen gewaak word om ‘n eerste orde verandering voor te hou terwyl ‘n tweede orde verandering in werklikheid nodig is (vgl afdeling 4.5). ‘n Voorbeeld van ‘n eerste orde verandering wat tydens prediking behoort vermy te word, is ‘n verandering van houding, veral as dit as ‘n eis gestel word en nie as die uitvloeisel van ‘n proses beskou word nie. Daar moet rekening gehou word met die invloed wat strukture op mans het en dié wat ‘n destruktiewe uitwerking het, behoort tydens prediking aangespreek te word. Die funksionering van strukture is egter ‘n komplekse aangeleentheid sodat dit nie die bedoeling is dat prediking moet voorskryf hoe die strukture behoort te funksioneer nie. Volgens die navorser se oordeel, is dit eerder die bedoeling dat hoorders in invloedryke posisies beïnvloed behoort te word wat hulle manier van dink betref sodat hulle weer op hulle beurt ‘n invloed kan uitoefen wat die verandering van strukture betref. Deur via invloedryke persone ‘n invloed uit te oefen wat betref die verandering van strukture wat bydra tot stereotipes ten opsigte van manwees, lewer prediking dan ook ‘n bydrae wat betref nuwe maniere van dink oor manwees.

Dit blyk dat prediking op verskillende maniere behoort by te dra ten opsigte van nuwe maniere van dink oor manwees. Dit sluit in die eerlike konfrontasie van mans se kwesbaarheid wat dikwels ontken word, begeleiding van mans wat van hulself vervreem is om tot die ontdekking te kom van wie hulle werklik is, die uitdaging van die belangrikheid om “opgang” te maak wat dikwels druk op mans plaas en om via invloedryke persone ‘n invloed uit te oefen wat betref die verandering van strukture wat bydra tot stereotipes ten opsigte van manwees.

Die navorser is van mening dat stereotipes ten opsigte van manwees nie net op mans ‘n invloed uitoefen nie, maar ook op vroue. Die stereotipes het ‘n invloed op die manier waarop vroue oor mans dink en die verwagtinge wat hulle aan mans stel. Die gevolg is dat vroue dikwels nie die pyn wat deur mans ervaar word, die druk waaronder hulle verkeer en die isolasie waarin hulle hul bevind, verstaan nie. Gevolglik verstaan hulle ook nie die belangrikheid van die invloed wat hulle op mans het nie, veral nie wat emosionele ondersteuning betref nie. Dikwels het mans se pogings om hulle pyn en kwesbaarheid te verberg ‘n invloed op hulle optrede wat sodanig is dat vroue nie verkwalik kan word vir hulle gebrek aan begrip vir mans se behoeftes nie. Veranderende samelewingstrukture sal waarskynlik daartoe bydra dat vroue se gebrek aan begrip vir mans verder sal toeneem. Vroue se gebrek aan begrip vir mans gee daartoe aanleiding dat baie mans nie ‘n plek het waar hulle aan hulle gevoelens uitdrukking kan gee nie aangesien hulle onderlinge vriendskappe meestal sodanig is dat dit weinig ruimte laat vir emosionele ondersteuning. Die navorser is verder van mening dat indien prediking Bybelse getuienisse aangaande vroue wat aan mans emosionele ondersteuning gebied het soos dié waarna in die vorige afdeling verwys is, in dialoog bring met mans se kwesbaarheid, dit die moontlikheid inhou om by te dra tot dialoog tussen mans en vroue wat aan mans meer geleentheid sal bied om aan hulle gevoelens uitdrukking te gee.

Prediking wat ‘n opbouende invloed op gemarginaliseerde mans uitoefen, kan nie net tot die gemarginaliseerde man gerig word nie. Dit behoort ook gerig te word tot die invloedryke persoon wat met gemarginaliseerde mans te doen kry en dié wat ‘n invloed kan uitoefen wat betref die verandering van strukture wat dit vir gemarginaliseerde mans moeilik maak. Verder behoort die prediking ook gerig te word tot die vrou wat ‘n belangrike ondersteunende rol vervul wat nie altyd so goed verstaan word nie vanweë die ontkenning van mans se kwesbaarheid.

Daar bestaan die moontlikheid dat daar in dieselfde groep hoorders gemarginaliseerde mans, invloedryke persone en ander vroue kan wees wie se onderskeie situasies aansienlik van mekaar verskil. Daarom is dit nodig dat prediking wat op die gemarginaliseerde man ‘n opbouende invloed sal hê, ‘n oop einde moet hê. Dit beteken dat die prediking nie klinkklare

antwoorde verstrek nie, maar hoorders eerder aanmoedig om na te dink oor wat God reeds besig is om in hulle lewens te doen en ook nog verder wil doen. Sodoende is prediking ‘n rolspeler binne ‘n groter transformasieproses waarvoor daar nie kortpaaie bestaan soos dié wat dikwels deur moralistiese prediking aangebied word nie.

Dit is verder belangrik om in gedagte te hou dat dit nie net die prediking is wat ‘n invloed behoort uit te oefen wat betref die gemarginaliseede man se situasie nie, maar dat die gemarginaliseerde man ook ‘n invloed behoort uit te oefen ten opsigte van die preekmaakproses. Daar is in die vorige afdeling daarop gewys dat die evangelie die beste gehoor word deur die pynbelaaide gesug van die onderdrukte. Waar ‘n prediker die geleentheid kry om met ‘n gemarginaliseerde man in gesprek te tree, moet die prediker so na die man se gesug luister dat hy/sy self ook begin sug saam met die man. Die gesug moet verder deur die prediker in gedagte gehou word wanneer hy/sy met die Bybelteks omgaan as deel van die preekmaakproses. So ‘n manier van doen hou die moontlikheid in dat die prediker die evangelie op ‘n nuwe en verrassende wyse kan hoor. Die moontlikheid dat die gemarginaliseerde man op hierdie manier ‘n bydrae kan lewer tot die preekmaakproses, sluit aan by die laaste stap van die hermeneutiese sirkel van Segundo waarna in afdeling 3.4 verwys is.

5.7 Bevinding ten opsigte van die hipotese

Die hipotese wat geformuleer is na aanleiding van ‘n analise van die gemarginaliseerde man se situasie, het soos volg gelui: Prediking behoort ‘n positiewe bydrae te kan lewer ten opsigte van gemarginaliseerde mans, onder andere ten opsigte van nuwe maniere van dink oor manwees, mits daar tydens die preekmaakproses met groot versigtigheid rekening gehou word met die werklikhede van die huidige Suid-Afrikaanse situasie en met die historiese aard van die Bybelteks ten einde te verhoed dat onvanpaste voorskrifte en stereotipes ten opsigte van geslagtelikheid wat tot die marginalisasie van sommige kan bydra, in die prediking neerslag vind.

Daar is in die vorige afdeling gewys op verskillende moontlike maniere waarop prediking ‘n positiewe bydra kan lewer wat betref die gemarginaliseerde man se situasie en hierdie moontlikhede het verskillende maniere waarop prediking tot nuwe maniere van dink oor manwees kan bydra, ingesluit. In hoofstuk 4 is daar aangetoon dat prediking tot die

marginalisasie van sommige kan bydra en die maniere waarop dit kan gebeur, sluit onvanpaste voorskrifte en stereotipes ten opsigte van geslagtelikheid in.

Om die tipe prediking wat ‘n positiewe bydrae ten opsigte van gemarginaliseerde mans sal lewer tot sy reg te laat kom, vereis eerstens dat, soos die hipotese dit stel, daar rekening gehou moet word met die werklikhede van die huidige Suid-Afrikaanse situasie. Daarom was dit nodig dat daar aandag gegee moes word aan ‘n teorie oor die gemeente wat konsentreer op wie en wat die gemeente wesenlik is. Aangesien dit in die betrokke teorie nie soseer gaan om die funksionering van die gemeente nie, het die navorser nie sover gegaan om die teorie te toets aan die drie funksies wat normatief is ten opsigte van die funksionering van die gemeente en waarna in afdeling 3.8 verwys is nie. Die teorie oor die gemeente het wel die meeste ander sake wat in hoofstuk 3 van die teorie verwag is, in ag geneem. Hierdie sake sluit die moontlike nadele van kleingroepe, die invloed van die prediker se denkraamwerk en perspektiewe, die pyn wat moontlik deur mense ervaar word en die tydsgees waarbinne die gemeente bestaan in. Die herinterpretasie van die tydgees was nie deel van die teorie oor die gemeente nie, maar wel van die raamwerk vir die verstaan van die rol van prediking.

Verder is dit nodig dat, soos die hipotese dit stel, daar rekening gehou moet word met die historiese aard van die Bybelteks. Daarom was dit nodig dat daar aan ‘n Skrifbeskouing aandag gegee moes word. Die historiese aard van die Bybelteks kom neer op die menslike aard daarvan sodat dit nie ‘n stel ewig-geldende waardes is wat tydloos aan ons oorgelewer is nie, maar eerder ‘n getuienis aangaande God se werk waardeur Hy vandag nog met mense praat om hulle lewens te verander. Die gemeenteteorie en die Skrifbeskouing was albei nodig om die rol van prediking op so ‘n manier te verstaan dat daar uitgekom kon word by die bydrae wat deur prediking gelewer kan word in belang van die gemarginaliseerde man.

Alhoewel die navorser van mening is dat die hipotese as geldig aanvaar kan word, is hy verder van mening dat dit sekere leemtes het aangesien daar ‘n paar verdere sake is wat ook tydens die preekmaakproses in gedagte gehou moet word bo en behalwe die werklikhede van die huidige Suid-Afrikaanse situasie en die historiese aard van die Bybelteks, ten einde by te dra tot die moontlikheid dat die prediking ‘n positiewe bydrae ten opsigte van gemarginaliseerde mans

sal lewer. Daar is drie sake in hierdie verband waaraan daar vervolgens kortliks aandag gegee sal word. Die navorser het op ‘n latere stadium van die belangrikheid van hierdie sake bewus geword.

- Prediking behoort ‘n oop einde te hê aangesien die prediker, weens die invloed van sy/haar verwysingsraamwerk, nie daartoe in staat is om aan ander voor te skryf wat hulle te doen staan in situasies wat baie anders is as dié waarin die prediker hom/haar bevind nie.
- Die prediker moet die gebrokenheid van sy/haar gesag erken eerder as om te probeer kompenseer vir sy/haar gebrokenheid.
- Beelde wat gebruik word om God mee te beskryf, hou die moontlikheid in om by te dra tot stereotipes ten opsigte van manwees en om mense op ander maniere uit te sluit sodat sodanige beelde met versigtigheid gebruik moet word.

Daar is in afdeling 1.4 daarop gewys dat, om by die hipotese aan te sluit, daar gekonsentreer is op twee van die vier analitiese kategorieë waarmee Bohren en Debus werk, naamlik die mate waartoe die bestaanswerklikheid van die gemeente tydens die preek in aanmerking geneem is en die manier waarop die Bybelteks tydens die preek gefunksioneer het. Uit die leemtes wat genoem is, blyk dit daar tydens hierdie studie ook met die ander twee kategorieë gewerk kon word, naamlik wat die preek oor God sê en wat die invloed van die prediker as persoon op die preek is, indien die hipotese uitgebrei sou word om die leemtes te akkommodeer.

5.8 Ter samevatting: Rigtingwysers vir prediking in ‘n konteks van die toenemende marginalisasie van die man

Indien die volgende rigtingwysers tydens die preekmaakproses in gedagte gehou word, behoort dit by te dra tot die moontlikheid dat prediking op die lange duur ‘n opbouende invloed op gemarginaliseerde mans sal uitoefen, eerder as om dit vir hulle nog moeiliker te maak as wat hulle dit reeds het:

- Die meeste van die rigtingwysers wat volg, sal alleenlik sinvol wees indien hulle in gedagte gehou word tydens ‘n preekmaakproses waartydens daar nie vooraf besluit is wat die preek gaan sê nie, maar waartydens die prediker op so ‘n manier met die Bybelteks omgaan dat die prediker die teks toelaat om hom/haar te verras.

- Wanneer ‘n prediker die geleentheid kry om in gesprek te tree met ‘n man wat ‘n krisis ervaar, behoort die prediker met groot versigtigheid na so ‘n man te luister, sonder om hom in ‘n rigting te probeer stuur of te gou antwoorde te probeer verskaf. Dit wat die prediker tydens so ‘n gesprek te wete gekom het, behoort in gedagte gehou te word wanneer die prediker met die Bybelteks omgaan tydens die preekmaakproses.

- Ten einde gemarginaliseerde mans te help wat betref die genesing van die pyn wat hulle ervaar, is dit nodig dat hulle moet ontdek wie hulle werklik is en wat die betekenis van hulle lewens is. Bybelse getuienisse aangaande mans wat hulle in ‘n gemarginaliseerde posisie bevind het, maar deur wie God op ‘n besondere wyse gewerk het, behoort in hierdie verband van belang te wees.

- Prediking se bydrae ten opsigte van nuwe maniere van dink oor manwees, behoort nie op ‘n gedwonge wyse te geskied nie. Prediking wat egter die kontras uitwys tussen wie ons is op grond van wie God is en wat Hy doen, aan die een kant en wat die kapitalistiese samelewing van ons gemaak het, aan die ander kant en wat terselfdertyd ‘n oop einde het, hou die moontlikheid in om mans te help om op ‘n sinvolle wyse nuwe maniere van dink oor manwees vir hulself uit te werk. Elkeen behoort dit op sy eie te doen na gelang van sy bepaalde omstandighede.

- Simplistiese oplossings, oftewel kortpaaie, wat nie die kompleksiteit van die werklikheid verreken nie, moet vermy word, veral sover dit mans se houdings en gesindhede betref. Die invloed wat deur strukture ten opsigte van laasgenoemde uitgeoefen word, moet in aanmerking geneem word. Daarom is dit nodig dat strukture tydens prediking aangespreek word, veral dié wat bydra tot stereotypes ten opsigte van manwees en ongesonde mededinging. Die kerk se bydra in hierdie verband mag nie misgekyk word

nie. Dit is nie die bedoeling dat prediking moet voorskryf hoe die strukture behoort te funksioneer nie, maar eerder dat hoorders aangemoedig moet word om na te dink oor die nadelige gevolge wat die strukture vir hulself en ander inhou.

- Positiewe denke kan alleenlik ‘n plek inneem tydens prediking indien dit hanteer word as die uitvloeisel van ‘n proses waartydens sekere veranderinge plaasgevind het. ‘n Oproep tot positiewe denke of ‘n eis wat in hierdie verband gestel word, kan gevaarlik wees, veral vir mans wat met onverwerkte pyn worstel. Sodanige oproep of eis kan op mans druk plaas om die pyn wat hulle ervaar, te ontken. Deur die pyn te ontken, word dit nie weggeneem nie, maar eerder na binne gekeer om vandaar ‘n invloed uit te oefen wat dikwels onbewustelik geskied. Die samelewing lei reeds swaar as gevolg van pyn wat onbewustelik op baie mans se optrede ‘n invloed uitoefen.

- Alhoewel die gekruisigde Christus die sonde en pyn van die ganse mensdom gedra het, het Hy Homself op ‘n besondere manier met die gemarginaliseerde man geïdentifiseer aangesien Hy op daardie stadium self ‘n gemarginaliseerde man was. Prediking wat die gekruisigde Christus so verkondig dat die aandag op sy manlike aard en sy gemarginaliseerde posisie gevestig word, behoort ‘n bydrae te lewer om die realiteit van mans se kwesbaarheid wat dikwels ontken word, eerlik te konfronteer. Prediking waartydens die weeklaag sy regmatige plek inneem, behoort ook in hierdie verband ‘n bydrae te kan lewer.

- Die menslike aard van die Bybelteks behoort ernstig opgeneem te word, veral wat betref tekste wat verwys na geslagtelikheid, seksualiteit, die huwelik en die gesin. Daar moet daarteen gewaak word om sulke tekste te atomiseer. Sodanige tekste behoort nie net in samehang met die betrokke teksgedeelte gelees te word nie, maar hulle moet ook gelees word teen die agtergrond van die bestaanskonteks van die skrywer van die betrokke gedeelte. Indien daar ‘n eis in die betrokke teks gestel word, moet die eis geïnterpreteer word teen die agtergrond van die bestaanskonteks van diegene aan wie die eis oorspronklik gerig was. Indien die teks deel is van ‘n verhaal,

behoort hedendaagse norme nie gebruik te word om die optrede van sekere karakters in die verhaal te beoordeel nie.

- Alhoewel Bybelse getuienisse aangaande vroue wat op ‘n besondere manier aan mans emosionele ondersteuning gebied het, met versigtigheid hanteer moet word, hou hierdie getuienisse die moontlikheid in om lig te werp op ‘n aspek van die werklikheid wat nie altyd so goed verstaan word nie vanweë die ontkenning van mans se kwesbaarheid, naamlik dat God dikwels deur vroue werk om aan mans emosionele ondersteuning te bied wat andersins nie vir hulle beskore sou wees nie. Dit is nie die bedoeling dat tekste in hierdie verband, gebruik moet word om vroue op te roep om die voorbeeld wat deur die vroue in die betrokke tekste gestel word, na te volg nie, maar eerder dat vroue daardeur gehelp word om tot ‘n beter verstaan te kom van die feit dat God dikwels deur hulle werk in belang van kwesbare mans en uiteindelik in belang van die hele samelewing. Die manier waarop vroue hierdie aspek verstaan, behoort op hulle maniere van doen en wees ‘n uitwerking te hê. Dit is ook belangrik dat prediking in hierdie verband, ‘n oop einde moet hê.

- Aanmoediging om by strukture, byvoorbeeld kleingroepe, in te skakel, behoort op ‘n uitnodigende wyse te geskied, sonder om te dwing of te manipuleer. Dit behoort te geskied met sensitiwiteit vir die moontlikheid dat sommige mense dalk reeds binne sodanige strukture pynlike ervarings kon gehad het of dalk nog in die toekoms sal hê. Daar moet ruimte gelaat word vir die moontlikheid dat God besig is om deur sekere individue op ander maniere te werk as volgens dit wat deur die betrokke strukture gebeur.

- Die probleme wat deur mans ondervind word, behels gewoonlik ‘n komplekse wisselwerking van baie faktore sodat daar nie eenvoudige antwoorde of vinnige oplossings daarvoor bestaan nie. Daarom kan ‘n enkele preek hoogstens ‘n ‘n bydrae lewer in hierdie verband, maar dit kan nie ‘n finale antwoord of oplossing bied nie. Predikers behoort laasgenoemde gedagte terdeë te besef en daardie besef behoort ‘n bepalende invloed uit te oefen op die taalgebruik tydens die preek.

Epiloog

Daar is in afdeling 1.1 daarop gewys dat die navorser ‘n worstelstryd ervaar het wat daarom gaan dat sekere dinge wat op die oog af so Christelik voorkom, op hom so ‘n destruktiewe uitwerking het. Daar is twee sake waarin die navorser ‘n weersin[1] het en wat ‘n belangrike rol speel ten opsigte van die worstelstryd wat hy ervaar. Hierdie sake is die volgende:

- Manipulasie, met ander woorde druk wat op ‘n subtiele wyse op iemand uitgeoefen word om hom/haar iets teen sy/haar sin te laat doen. Dit kan onder meer gedoen word om druk op mense te plaas om hulle op sekere maniere binne sekere strukture te laat handel.

- Simplistiese oplossings wat nie die kompleksiteit van die werklikheid verreken nie. Dit sluit onder meer oproepe tot positiewe denke en houdingsveranderinge in. Die navorser wil nie die waarde van ‘n positiewe lewensuitkyk of ‘n goeie gesindheid ontken nie, veral nie as dit die uitvloeisel is van ‘n betekenisgewende proses waartydens sekere hindernisse uitgesorteer is nie. Die navorser het egter ‘n probleem daarmee indien dit as ‘n vertrekpunt geëis word op ‘n manier wat nie met hindernisse rekening hou nie om sodoende druk op mense te plaas om pyn wat ervaar word dieper na binne te keer vanwaar dit dikwels onbewustelik ‘n destruktiewe uitwerking uitoefen.

“*Attitude is a little thing that makes a big difference*” is ‘n gesegde waaraan die navorser vir etlike jare blootgestel was. Hierdie gesegde kan nuttig as manipuleringsmiddel aangewend word, onder andere om druk uit te oefen om mense op sekere maniere binne sekere strukture te laat handel. Daarby hou dit die moontlikheid in om simplistiese oplossings te bied wat nie met die kompleksiteit van die werklikheid rekening hou nie deur mense tot positiewe denke en

[1] Die weersin is ‘n bestaande werklikheid in die navorser se persoonlike lewe wat ‘n betreklik lang geskiedenis het. Die navorser wil graag die aandag daarop vestig met die doel om daarop te reflekteer in die lig van sekere bevindinge waarby daar tydens hierdie studie uitgekom is. Die gebruik van die betrokke woord moet in die lig daarvan gesien word.

houdingsverandering op te roep. Die navorser voel om die betrokke gesegde te herskryf om soos volg te lees: *"Attitude is a big and complicated thing and therefore it makes a big difference*", want agter 'n persoon se houding wat dalk as iets kleins mag voorkom, is daar 'n komplekse wisselwerking van baie faktore werksaam.

Dit wil vir die navorser voorkom dat sy worstelinge verband hou met die gevolge van die dik stroom van moralismes wat deur Suid-Afrikaanse prediking loop. Moralistiese prediking hou nie net die moontlikheid in om by te dra tot die dinge waarin die navorser 'n weersin het nie, maar ook om goeie Christenmense aan te moedig om daaraan mee te doen en selfs om diegene wat 'n natuurlike geneigdheid daartoe het, in hulle kwaad te sterk. Die navorser moet toegee dat hy, op 'n stadium toe sy weersin in die betrokke sake nog nie so sterk was soos dit later sou word nie, self daaraan meegedoen het en waarskynlik deur prediking beïnvloed is ten opsigte daarvan. By predikers en ander mense wat neig in die rigting van manipulasie en simplistiese oplossings wat nie die kompleksiteit van die werklikheid verreken nie, is dit dikwels die geval dat hulle goeie bedoelings het, maar nie die invloed wat hulle eie situasie en ervarings op hulle verwysingsraamwerk het, genoegsaam besef nie en gevolglik nie die komplekse wisselwerking van baie faktore wat by ander werksaam is, genoegsaam in aanmerking neem nie.

Nel (2003:88-89) wys daarop dat een van die algemeenste besware wat teen die kerk ingebring word, is die feit dat die lewe van Sondag en dié van die week gemaklik van mekaar geskei word. Dit is duidelik dat God sy prominente plek in baie mense se lewens verloor het ten spyte van die feit dat hulle aan 'n kerk behoort. Die navorser is van mening dat hierdie tendens ook aan moralistiese prediking toe te skryf is. Moralistiese prediking stel dikwels onmoontlike eise wat nie met die realiteite wat die week inhou, genoegsaam rekening hou nie en dus nie nagekom kan word nie. Terselfdertyd word die betekenisgewende krag van die evangelie wat mense se lewens sodanig kan verander dat dit op hulle lewe gedurende die week 'n uitwerking kan hê, afgeskeep.

Dit wil verder vir die navorser voorkom dat hoorders in meer as een opsig "bederf" geraak het deur die dik stroom moralismes wat deur Suid-Afrikaanse prediking loop. Eerstens is hulle bederf deurdat dit nie vir hulle nodig was om self oor die konsekwensies van God se werk vir

hulle lewens na te dink om tot ‘n beter verstaan daarvan te kom nie. Die prediker het dit reeds vir hulle gedoen en daar is presies aan hulle uitgespel wat hulle te doen staan. Verder het hulle bederf geraak deurdat hulle week na week blootgestel was aan prediking wat wel indruk gemaak het, maar wat dalk weinig bygedra het om hulle lewens te verander omdat dit neergekom het op onmoontlike eise wat van hulle bestaanswerklikheid verwyder is. Daarby het hulle verleer, of dalk nooit geleer nie, om so oor God se werk na te dink dat hulle manier van doen en wees daardeur beïnvloed word. Dit wil dus voorkom dat die bederf wat ingetree het daartoe kan bydra dat die tipe prediking wat op die lange duur ‘n opbouende invloed op gemarginaliseerde mans behoort uit te oefen, besondere uitdagings inhou. Vanweë die invloed van Calvinistiese Protestantisme wat die uitgangspunt het dat daar net een regte manier is (vgl Du Pisani 2001:165), sal daar waarskynlik vandag nog baie mense wees wat preke met ‘n oop einde as onbevredigend sal ervaar omdat dit nie vir hulle presies sê wat die regte ding is wat hulle moet doen nie.

Soos dit die geval was met die profeet Amos van ouds na wie in afdeling 5.5 verwys is en wat nie aan ‘n profetekring behoort het nie, maar van sy boerderybedrywighede in Juda weggeroep is om in die meer-invloedryke Israel as profeet op te tree, voel dit vir die navorser dat hy ook van sy werksaamhede van vroeër weggeroep is om vir predikers iets oor prediking te sê, alhoewel hy nie self ‘n prediker is nie. Daar is baie persoonlike ervarings wat in dié verband ‘n rol gespeel het waarvan sommige erg pynlik was. Soos Martin Luther wat gesê het dat hy die pousdom van die Katolieke kerk dankbaar moet wees oor hulle hom so getreiter het omdat dit van hom ‘n redelike goeie teoloog gemaak het wat andersins nie die geval sou wees nie (vgl Cilliers 2004:196), moet die navorser seker ook diegene wat vir sy pynlike ervarings van die verlede verantwoordelik was, dankbaar wees omdat dit daartoe bygedra het om uit te kom by perspektiewe waarby daar dalk andersins nie uitgekom sou word nie.

Dit is die navorser se wens dat die perspektiewe waarby hy tydens hierdie studie uitgekom het, nie net vir homself van betekenis sal wees wat betref sy eie worstelinge nie, maar dat dit ook daartoe sal bydra om predikers iets te laat besef van die moontlike uitwerkings wat prediking op hoorders kan hê binne ‘n konteks van die toenemende marginalisasie van die man.

Bibliografie

Ackermann, D.M., 1994. Faith and Feminism: Women Doing Theology. In J. de Gruchy & C. Villa-Vicencio, eds. Doing Theology in Context. South African Perspectives. Cape Town: David Philip / New York: Orbis, 1994, pp. 197-211.

Altman, D., 2004. Sexuality and globalization. Agenda, 62, pp. 22-28.

Andersen, L., 2007. The language of hopelessness in preaching: pastoral care in the preaching of hope. In C.J.A. Vos, L.L. Hogan & J.H. Cilliers, eds. Preaching as a language of hope. Pretoria: Protea Book House, 2007, pp. 203-212.

Andersen, M.L. & Taylor, H.F., 2006. Sociology. Understanding a Diverse Society. Fourth Edition. Thomson Wadswotth.

Anderson, H., 1997. Men and Grief: The hidden sea of tears without outlet. In C.C. Neuger & J.N. Poling, eds. The Care of Men. Nashville: Abingdon Press, 1997, pp. 203-226.

Bergmann, S., 2003. God in Context. A survey of Contextual Theology. Ashgate.

Bothma, L.J., 2006. Die Buffel Struikel. ‘n Storie van 32 Bataljon en sy mense. Bloemfontein: L.J. Bothma.

Brandt, N., 2006. Masculinity and the quest for social justice: Deuteronomistic and Apartheid Recollections. Journal of Constructive Theology, 12 (1), pp. 39-51.

Bruggemann, W., 1995. “’In the image of God’ ... pluralism”. Modern Theology, 11 (4), pp. 455-469.

Castells, M., 2004. The power of identity. The information age: economy, society and culture, Volume II. Second Edition. Oxford: Blackwell.

Cilliers, J., 1996. Die uitwissing van God op die kansel. Ontstellende bevindinge oor Suid-Afrikaanse prediking. Kaapstad: Lux Verbi.

Cilliers, J., 2004. Die lewende stem van die evangelie. Nuut gedink oor die basiese beginsels van prediking. Stellenbosch: SUN PRESS.

Cilliers, J., 2006. God for us? An analysis and assessment of Dutch Reformed preaching during the Apartheid years. Stellenbosch: SUN PRESS.

Cilliers, J., 2007. Preaching as language of hope in a context of HIV and AIDS. In C.J.A. Vos, L.L. Hogan & J.H. Cilliers, eds. Preaching as a language of hope. Pretoria: Protea Book House, 2007, pp. 153-176.

Cilliers, P., 1997. ‘n Kas is vir klere. Kaapstad, Pretoria en Johannesburg: Human & Rousseau.

Cock, J., 2001. Gun Violence and Masculinity in Contemporary South Africa. In R. Morrel, ed. Changing Men in Southern Africa. Scottsville: University of Natal Press, 2001, pp. 43-55.

Culbertson, P.L., 1994. Counseling Men. Minneapolis: Fortress Press.

De Groot, C., 2002. Genesis. In C.C. Kroeger & M.J. Evans, eds. The IVP Women’s Bible Commentary: An indispensable resource for all who want to view Scripture through different eyes. Downers Grove: InterVarsity Press, 2002, pp. 1-27.

De Gruchy, J.W., 1994. Confessing Theology. In J. de Gruchy & C. Villa-Vicencio, eds. Doing Theology in Context. South African Perspectives. Cape Town: David Philip / New York: Orbis, 1994, pp. 162-172.

De Klerk, B.J., 2007. Preaching Hope within a societal context of hunger and affluence. In C.J.A. Vos, L.L. Hogan & J.H. Cilliers, eds. Preaching as a language of hope. Pretoria: Protea Book House, 2007, pp. 177-202.

Deist, F.E., 1990. Notes on the context and hermeneutic of Afrikaner civil religion. Missionalia, 18, pp. 124-139.

Dingemans, G.D.J., 1996. Practical Theology in the academy: A contemporary overview. The Journal of Religion, 76 (1), pp. 82-96.

Dreyer, Y., 2005. Vergewe en vergeet: ‘n Pastorale perspektief. Verbum et Ecclesia, 26 (1), pp. 16-34.

Du Pisani, K., 2001. Puritanism Transformed. Afrikaner Masculinities in the Apartheid and Post-Apartheid Period. In R. Morrel, ed. Changing Men in Southern Africa. Scottsville: University of Natal Press, 2001, pp. 157-175.

Epstein, D., 1998. Marked Men: whiteness and masculinity. Agenda, 37, pp. 49-59.

Giliomee, H., 2003. The Afrikaners: Biography of a people. Cape Town: Tafelberg.

González, J.L. & González, C.G., 1994. The Liberating Pulpit. Nashville: Abingdon Press.

Hearn, J., 2007. The problems boys and men create, the problems boys and men experience. In T. Shefer et al, eds. From Boys to Men: Social constructions of masculinity in contemporary society. Cape Town: UCT Press, 2007, pp. 13-32.

Hendriks, H.J., 2004. Studying congregations in Africa. Wellington: Lux Verbi.BM.

Human, D.J., 2006. Perspektiewe op erotiek en seksualiteit in die ou Nabye Ooste. Verbum et Ecclesia, 27 (1), pp. 1-25.

Jackson, C., 2007. Loving God When You Don’t Love the Church: opening the door to healing. Grand Rapids: Chosen Books.

Keifert, P.R., 1992. Welcoming the stranger. A Public Theology of Worship and Evangelism. Minneapolis: Fortress Press.

Le Roux, J.H., 2006. Die lyf se troos. Verbum et Ecclesia, 27 (1), pp. 27-41.

Lindhardt, M., 2007. Shame and Hope. In C.J.A. Vos, L.L. Hogan & J.H. Cilliers, eds. Preaching as a language of hope. Pretoria: Protea Book House, 2007, pp. 116-127.

Long, T.G., 1989. The Witness of Preaching. Louisville: Westminister John Knox.

Louw, D., 2005. Ratwerke van die menslike siel. Oor volwassenheid en lewensvaardighede. Stellenbosch: SUN PRESS.

Madlaba-Routledge, N., 2007. Dialogue and participation – an essential part of leadership. Agenda, 72, pp. 4-13.

Malina, B.J. & Neyrey, J.H., 1996. Portraits of Paul: an archaeology of ancient personality. Louisville: Westminister John Knox.

McAfee Brown, R., 1984. Unexpected News: Reading the Bible with Third World Eyes. Philadelphia: Westminister.

McClure, J.S., 1995. The roundtable pulpit. Where leadership and preaching meet. Nashville: Abingdon Press.

McClure, J.S., 2001. other-wise preaching: a postmodern ethic for homiletics. St. Louis: Chalice Press.

Mixon, R., 1997. Pastoral Care of Gay Men. In C.C. Neuger & J.N. Poling, eds. The Care of Men. Nashville: Abingdon Press, 1997, pp. 163-183.

Morrel, R., 1998. The new man? Agenda, 37, pp. 7-12.

Morrel, R., 2001. The Times of Change: Men and Masculinity in South Africa. In R. Morrel, ed. Changing Men in Southern Africa. Scottsville: University of Natal Press, 2001, pp 3-37.

Mouton, E., 2007. Transmitting Hope in the New Testament. In C.J.A. Vos, L.L. Hogan & J.H. Cilliers, eds. Preaching as a language of hope. Pretoria: Protea Book House, 2007, pp. 73-87.

Mouton, J., 2001. How to succeed in your Master's & Doctoral Studies. A South African guide and resource book. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Muehl, W., 1986. Why preach? Why listen? Philadelphia: Fortress Press.

Nel, A., 2003. Op soek na God ... buite die kerk? Wen weer ontnugterde gelowiges se vertroue. Wellington: Lux Verbi BM.

Nelson, J.B., 1988. The intimate connection: male sexuality, masculine spirituality. Philadelphia: Westminister Press.

Neuger, C.C. & Poling, J.N., 1997. The Care of Men. Nashville: Abingdon Press.

Neuger, C.C. & Poling, J.N., 1997. Gender and Theology. In C.C. Neuger & J.N. Poling, eds. The Care of Men. Nashville: Abingdon Press, 1997, pp. 23-45.

Nolan, A., 1994. Kairos Theology. In J. de Gruchy & C. Villa-Vicencio, eds. Doing Theology in Context. South African Perspectives. Cape Town: David Philip / New York: Orbis, 1994, pp. 212-218.

Peacock, D. et al, 2006. Men and gender activism in South Africa: observations, critique and recommendations for the future. Agenda, 69, pp. 71-81.

Perdue, L.G., 2005. Reconstructing Old Testament Theology. After the Collapse of History. Minneapolis: Fortress Press.

Perlas, N., 2000. Shaping Globalization: Civil Society, Cultural Power and Threefolding. Cape Town: Novalis Press.

Pieterse, H.J.C., 1991. Gemeente en Prediking. NG-Kerk Boekhandel.

Pieterse, H.J.C., 1997. Prediking in ons eietydse ekonomiese situasie. Praktiese Teologie in Suid-Afrika, 12 (1), pp. 80-88.

Pieterse, H.J.C., 2001 (a). Prediking in ‘n konteks van armoede. Pretoria: UNISA uitgewers.

Pieterse, H.J.C., 2001 (b). Sermon preparation in context. Praktiese Teologie in Suid-Afrika, 16 (2), pp. 97-118.

Poling, J.N., 1997. Male Violence Against Women and Children. In C.C. Neuger & J.N. Poling, eds. The Care of Men. Nashville: Abingdon Press, 1997, pp.138-162.

Powell, C.M., 2002. Ephesians. In C.C. Kroeger & M.J. Evans, eds. The IVP Women's Bible Commentary: An indispensable resource for all who want to view Scripture through different eyes. Downers Grove: InterVarsity Press, 2002, pp. 694-706.

Reddy, V., 1998. Negotiating gay masculinities. Agenda, 37, pp. 65-70.

Shefer, T. et al, 2007. From Boys to Men: An overview. In T. Shefer et al, eds. From Boys to Men: Social constructions of masculinity in contemporary society. Cape Town: UCT Press, 2007, pp.1-12.

Suggit, J., 1994. Redemption: Freedom Regained. In J. de Gruchy & C. Villa-Vicencio, eds. Doing Theology in Context. South African Perspectives. Cape Town: David Philip / New York: Orbis, 1994, pp. 113-124.

Swart, S., 2001. 'Man, Gun and Horse' Hard Right Afrikaner Masculine Identity in Post-Apartheid South-Africa. In R. Morrel, ed. Changing Men in Southern Africa. Scottsville: University of Natal Press, 2001, pp 75-89.

Thompson, J.H., 2006. Dit was oorlog. Van afkak tot bosbefok. Suid-Afrikaanse dienspligtiges praat. Kaapstad: Zebra Press.

Van der Watt, J.S., 2007. Images of men and masculinities within cultural contexts: A pastoral assessment. An unpublished ThD-dissertation. University of Stellenbosch.

Van der Westhuizen, C., 2008. Bevry vrou én man. Bylae by Die Burger, 14 Julie 2008, p6.

Van der Westhuyzen, A., 2007. Die gemeente as interpreterende gemeenskap in die preekmaakproses. 'n Ongepubliseerde DTh-proefskrif. Universiteit van Stellenbosch.

Van Rensburg, C., 2008. Mans. Bylae by Die Burger, 14 Julie 2008, p. 14.

Villa-Vicencio, C., 1994. Liberation Theology. In J. de Gruchy & C. Villa-Vicencio, eds. Doing Theology in Context. South African Perspectives. Cape Town: David Philip / New York: Orbis, 1994, pp.184-196.

Viviers, H., 2006. Huwelik of nie – wat van Hooglied? Verbum et Ecclesia, 27 (1), pp. 90-106.

West, G., 1994. The Bible and Theology. In J. de Gruchy & C. Villa-Vicencio, eds. Doing Theology in Context. South African Perspectives. Cape Town: David Philip / New York: Orbis, 1994, pp. 15-25.

Westermann, C., 1974. The role of the Lament in the Theology of the Old Testament. Interpretation, 28 (4), pp. 20-38.

Whitton, G., 2001. Masculinities and Men's Health. Agenda, 47, pp.99-104.

Wordelman, A.L., 1992. Everyday Live: Women in the Period of the New Testament. In C.A. Newsom & S.H. Ringe, eds. The Women's Bible Commentary. Louisville: Westminister John Knox, 1992, pp. 390-396.